Graad 12

# MIND THE GAP!

Afrikaans Huistaal Vraestel 2: Letterkunde

onderwêreld

Fanie Viljoen

## Studiegids



basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

2030 NDP

Second Chance
Matric Support Programme

Read to Lead
A Reading Nation is a Leading Nation




This content may not be sold or used for commercial purposes.

Curriculum and Assessment Policy Statement (CAPS) Grade 12 Afrikaans Home Language Mind the Gap study guide for the novel *onderwêreld* by Fanie Viljoen.

This publication has a Creative Commons Attribution Noncommercial Sharealike Licence. You can use, modify, upload, download, and share content, but you must acknowledge the Department of Basic Education, the authors and contributors. If you make any changes to the content you must send the changes to the Department of Basic Education. This content may not be sold or used for commercial purposes. For more information about the terms of the license please see: http://creativecommons.org/licenses/by-nc-sa/3.0/.

ISBN: 978-1-4315-3362-6
Copyright © Department of Basic
Education 2019 222 Struben Street,
Pretoria, South Africa
Contact person: Ms C. Weston
Email: Weston.C@dbe.gov.za
Tel: (012) 357 4183
http://www.education.gov.za
Call Centre: 0800202933

## Acknowledgements

The extracts from the Grade 12 prescribed novel in this study guide are from *onderwêreld*, Fanie Viljoen, School edition, NB Publishers, August 2008.

**Mind the Gap Team**
Senior Project Leaders: Dr S. Malapile, Ms C. Weston
Production co-ordinators:
B. Monyaki, B. Ras, M. Phonela, M. Nematangari
Authors: A. Halgryn, N. Ackerman, B. Prinsloo, M. Potgieter, K. Visagie, A. Masdoll

Designer: Page82
Onsite writers' workshop support:
J. Mphidi, V. Magelegeda, P. Hlabiwa, R. Maboye, N. Malope

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| **Voorwoord** | 4 |
| **Liewe Graad 12-leerder** | 5 |
| Hoe om hierdie studiegids te gebruik | 5 |
| Sewe beproefde studiewenke | 6 |
| Berei só voor op die dag van Vraestel 2 | 7 |
| 'n Oorsig van Afrikaans Huistaal se letterkundevraestel | 8 |
| Kontekstuele vrae en opstelvrae | 9 |
| Wat gaan die eksaminatore in Vraestel 2 van jou verwag? | 15 |
| Vraagwoorde in vraestelle | 16 |
| Oorsig | 18 |
| Die skrywer | 18 |
| Inleiding | 18 |
| Hoe word die storie vertel | 19 |
| Die titel | 19 |
| Agtergrond, tyd en ruimte | 19 |
| Tyd | 20 |
| Karakters | 21 |
| Konflik | 29 |
| Die struktuur van *onderwêreld* | 30 |
| Temas, subtemas en boodskappe | 30 |
| Motiewe | 32 |
| Styl | 35 |
| Toon en stemming | 35 |
| Die verteller | 36 |
| Kritiese taalbewustheid | 37 |
| Hoofstukbesprekings met vrae en antwoorde | 39 |
| Voorbeeldvraestelle | 80 |
| Aktiwiteite | 93 |
| Woordverklarings | 98 |
| Bronnelys | 102 |
| Bylaag A: Assesseringsrubriek vir die Literêre Opstel – Huistaal: Roman | 103 |

# Voorwoord



The Department of Basic Education remains steadfastly committed to innovative strategies aimed at enhancing learner attainment. Consistent with the government's commitment in promoting the indigenous languages that form the tapestry of our democratic landscape, this *Mind the Gap* Self-study guide is a concrete demonstration of this commitment.

The release of this self-study guide incorporates all the official African Home Languages focusing on the novel genre at this stage. Not only does the study guide incorporate the African languages but it also incorporates South African Sign Language Home Language, Afrikaans Home Language and English First Additional Language.


The *Mind the Gap Literature Self Study Guide* is responding to the broader sectoral reading challenges that the country is experiencing. It seeks to strengthen the following strands of the National Reading Sector Plan: Teacher Development and Support; Direct Learner Support; and Provisioning and Utilisation of the Learning and Teaching Support Materials. Its interactive nature will make it easier for both teachers and learners to read to learn or study. It is hoped that through this Study Guide the reading and learning outcomes will be achieved.

Key terminologies are explained or illustrated in a simplified manner and examples of the types of questions as a learner you can expect to be asked in an examination are included in this study guide. In order to build your understanding, specific questions and possible responses forms part of the study guide package.

The study guide is designed to appeal to any learner offering Grade 12, whether as a part-time or a full-time candidate. Educators in the field will also find it an invaluable resource in their practice.

Every learner is a national asset, all you need now is to put in the hours required to prepare for the examinations and excel!

We wish each and every one of you good luck and success.



**MRS AM MOTSHEKGA, MP**
**MINISTER**
**DATE: 14 NOVEMBER 2019**

**Liewe Graad 12-leerder**

Hierdie studiegids oor die roman, *onderwêreld,* sal jou help om vir die Graad 12 Huistaal se jaareindeksamen (Vraestel 2) voor te berei.

Die Huistaaljaareindeksamen vir Graad 12 bestaan uit drie vraestelle wat jy skriftelik moet aflê: Vraestel 1: Taal in konteks, Vraestel 2: Letterkunde en Vraestel 3: Skryf. Hierdie studiegids vorm deel van jou hersiening vir Vraestel 2 – veral vir Afdeling B waar vrae oor die roman *onderwêreld* gevra sal word.

Vraestel 2 is die letterkundevraestel waar jy vrae oor die drie verskillende genres van die letterkundeleerplan sal moet beantwoord: poësie (gedigte), 'n roman en 'n drama.

## Hoe om hierdie studiegids te gebruik

Voordat jy hierdie studiegids effektief kan gebruik, sal jy eers die roman *onderwêreld* aandagtig moet lees sodat jy die storie sal verstaan. Sonder hierdie inligting sal die studiegids nie vir jou van veel waarde wees nie.

Vanaf bladsy 18 bied hierdie studiegids 'n breë oorsig oor die roman. Jy sal onder meer kennis maak met die outeur (skrywer), Fanie Viljoen, en die redes waarom hy juis hierdie jeugroman geskryf het. Jy sal ook kennis maak met die interessante (en soms gevaarlike) wêreld waarin kuberkrakers hulle bevind en aangesien hierdie onbekende aktiwiteit sy eiesoortige woordeskat het, sal jy op bladsy 97 'n lys van hierdie woorde vind wat vir jou verduidelik sal word.

Die titel *onderwêreld* word ook op bladsy 19 vir jou verduidelik sodat jy sal verstaan hoe dit met die hele konsep van kuberkrakery in verband gebring word.

Om seker te maak dat jy die storie se verloop beter verstaan, sluit hierdie studiegids vanaf bladsy 39 kort opsommings oor elke hoofstuk in asook vrae daaroor wat jy op jou eie tyd kan beantwoord.


Hierdie studiegids verklaar ook deurgaans die belangrikste konsepte en begrippe wat jy sal moet ken en verstaan sodat jy die vrae in die eksamen daaroor sal kan beantwoord.






| | | | |
|---|---|---|---|
| | Skenk baie aandag hieraan | | Handige wenke wat jy kan gebruik |
| | Belangrike voorbeelde | | Selfdoenaktiwiteit |

# Sewe beproefde studiewenke



1. Verdeel jou studierooster in hanteerbare tye. Dit sal jou brein help om skerp en gefokus te bly. Neem kort rustye terwyl jy studeer en moenie te lank aaneen konsentreer nie.
2. Maak seker dat jy al jou leermateriaal gereed het voordat jy met jou studiesessie begin, bv. penne, glimpenne, genoeg water ens.
3. Bly te alle tye positief. Dit help jou brein om inligting makliker te absorbeer en dit te onthou.
4. 'n Mens se brein reageer goed wanneer jy met behulp van prentjies en kleure leer en hersiening doen. Probeer om dit gereeld te gebruik.
5. Gereelde hersiening is die belangrikste sleutel tot jou sukses. Gaan die werk wat jy reeds geleer het gereeld oor totdat jy dit met gemak kan herroep.
6. Probeer om die werk wat jy reeds geleer het aan iemand anders te verduidelik. So kan jy kontroleer of jy die werk onder die knie het. Dit sal jou ook baat indien jy jou notas hardop vir jouself of iemand anders kan voorlees.
7. Probeer om ten minste 8 uur per nag goed te slaap, eet gesonde kos en drink genoeg water. Om vir 'n eksamen voor te berei, is soos om te oefen – jy moet liggaamlik en geestelik goed voorbereid wees.

# Berei só voor op die dag van Vraestel 2



1 Maak baie seker dat jy jou identiteitsdokument en jou toelatingsbrief, waarop jou eksamennommer verskyn, na die eksamenlokaal saambring.

2 Pak skryfgoed in wat jou nie in die steek sal laat nie: 'n paar penne met genoeg ink, kleurpotlode indien jy graag daarmee werk en 'n liniaal om jou werk netjies af te rond.

3 Sorg dat jy ten minste 'n uur voordat jou eksamen begin by die eksamenlokaal opdaag.

4 Besoek die toilet voordat jy die eksamenlokaal binnegaan; jy wil nie onnodig tyd mors deur tydens die eksamensessie kamer te verlaat nie.

5 Laat jouself tien minute toe om die vraestel deeglik deur te lees nadat dit uitgedeel is. Moenie vrae begin beantwoord voordat jy nie eers al die instruksies deeglik bestudeer het nie.

6 Maak seker dat jy die korrekte keuses uitoefen. Vra as jy nie seker is nie. Onthou: jy moenie al die vrae beantwoord nie, die vraestel bied jou keuses. Merk dus die vrae wat jy gaan beantwoord. Lees die instruksies by elke vraag met aandag.

7 Lees alle vrae deeglik sodat jy seker is wat die vraagopdrag van jou verwag. Skenk veral aandag aan die kernwoorde/kernbegrippe van elke vraag. (Op bladsy 16 sal jy ′n paar voorbeelde van hierdie vraagwoorde kry asook ′n wenk oor hoe om so ′n vraagwoord te interpreteer.)

8 Gebruik jou tyd sinvol. Let veral op na die voorgestelde tydsduur wat op die vraestel voorkom.

9 Die puntetoekenning by elke vraag is baie belangrik. Dit sal jou help om die korrekte hoeveelheid inligting by elke antwoord in te sluit.

10 Probeer om te alle tye kalm te bly, al lyk die vraag baie moeilik. As jy onseker oor ′n antwoord is, merk die vraag op die vraestel baie duidelik in kleur (bv. rooi) en laat ′n oop spasie vir die vraag se antwoord op jou antwoordstel. Probeer dan om hierdie vraag/vrae later te beantwoord.

11 Bied jou werk te alle tye netjies aan. Skryf netjies en leesbaar sodat die nasiener nie sukkel om te lees wat jy geskryf het nie.

> Het jy geweet?
>
> As jy deeglik voorbereid gaan skryf, sal jy nie gespanne voel nie.



# ’n Oorsig van Afrikaans Huistaal se letterkundevraestel

Die letterkundevraestel is ’n baie dik dokument en kan ’n mens nogal deurmekaar maak as jy nie vooraf kennis neem van hoe die vraestel uiteengesit is nie. Hieronder volg ’n uiteensetting waarna jy moet kyk wanneer jy vir Vraestel 2 voorberei.

In die Vraestel 2-eksamen word daar van jou verwag om vrae uit DRIE afdelings te beantwoord.

- *Afdeling A: Poësie* 30 punte
- *Afdeling B: Roman* 25 punte
- *Afdeling C: Drama* 25 punte

Vraestel 2 se puntetotaal is dus 80 punte.

Jy moet in totaal 5 vrae uit hierdie drie afdelings beantwoord:

- *DRIE vrae uit Afdeling A*
- *EEN vraag uit Afdeling B*
- *EEN vraag uit Afdeling C*

**Onthou!**

- Jy moenie al die vrae in vraestel 2 beantwoord nie – lees die instruksies deeglik.
- Let veral op die instruksies vir:
  - ✓ die verpligte, ongesiene gedig
  - ✓ die keuses by die kontekstuele vrae en die opstelvrae
- Nommer jou vrae korrek soos op die vraestel.

# Kontekstuele vrae en opstelvrae

- Vraestel 2 sal jou ʼn keuse tussen die beantwoording van kontekstuele vrae (kortvrae) en opstelvrae (langvrae) bied.
- Jy moet die instruksies baie noukeurig lees.

## Wat is ʼn kontekstuele vraag?

Die kontekstuele vrae by *onderwêreld* word na aanleiding van **TWEE** uittreksels uit die roman opgestel. Sommige van die vrae se antwoorde sal jy in die uittreksels kry, maar die ander vrae sal jou begrip van en insig in die res van die roman assesseer. Hierdie vrae sal nie net jou kennis van die gebeure assesseer nie, maar ook jou kennis van ander literêre begrippe soos o.a. karakterisering, temas, tyd en ruimte ens. Van die vrae sal ook van jou verwag om jou eie mening te gee oor sekere aspekte van die roman.

Verwys na bladsye 21-36 vir meer inligting hieroor. Op bladsye 79-91 kan jy na voorbeeldvraestelle gaan kyk om jou ʼn idee te gee wat jy te wagte kan wees.

**Die punte-toekennings by hierdie kortvrae kan 1 tot 4 punte tel. Die puntetotaal sal jou help om te besluit hoeveel inligting jy by jou antwoord moet insluit.**

## Wat is ʼn opstelvraag/langvraag?

ʼn Opstelvraag is jou beantwoording van ʼn langvraag in die vorm van ʼn opstel oor die gedig/roman/drama wat jy bestudeer het. In hierdie soort vraag kan daar van jou verwag word om in opstelvorm te reageer deur jou eie mening oor ʼn onderwerp of tema uit die gekose genre te gee. Op bladsye 9, 79 en 80 is voorbeelde van literêre opstelle/opstelvrae vir jou aandag ingesluit.

ʼn Opstelvraag is nie ʼn opsomming of samevatting van ʼn genre se storie nie – by hierdie opstel moet jy interpreteer, ontleed en evalueer. Jy sal moet bewys dat jy insig in die genre het, jou eie afleidings kan maak, ʼn mening moet kan uitspreek en/of gevolgtrekkings moet kan maak – alles moet met bewyse uit die teks gestaaf word.

Jy mag geen opskrifte gebruik in jou opstel nie. Skryf dit in paragraafvorm.



Jy móét die volgende terme baie goed verstaan om ʼn goeie literêre opstel te kan skryf, want dit is waarskynlik die aspekte wat in ʼn opstelvraag gevra kan word:

- tema
- ironie
- dialoog
- karakterisering
- simboliek
- konflik
- aktualiteit
- ruimte
- stemming
- intrige
- motiewe



Gebruik die onderstaande inligting om jou met die skryf/beantwoording van jou opstelvraag/langvraag te help.

**<u>Die skryf van 'n literêre opstel</u>**

In die literêre opstel moet jy bewys van jou kennis van die inhoud van die roman aan die hand van bepaalde aspekte wat met jou in die klas bespreek is, lewer. Die literêre opstel is nie 'n kreatiewe skryfstuk nie, jy fokus in jou antwoord op die aspekte wat in die vraagstelling van jou vereis word. Jy moet ook nie bloot die storie van die roman vertel nie, maar jou by die beantwoording van die vraag d.m.v. argumente hou.


**Basiese formaat van die opstel**

- **Inleiding**
    - Die inleiding word as 'n afsonderlike paragraaf, al bestaan dit slegs uit een sin/ enkele sinne, in jou opstel aangebied.
    - Die inleiding behoort met die vraag verband te hou.
    - Die vraag kan as 'n stelling herformuleer word of jy kan jou eie stelling aan die hand van die vraagstelling formuleer.
    - Moenie argumente in jou inleiding aanbied nie.

- **Liggaam**

  **Argumente** vorm die liggaam van jou opstel.

  - Die **basiese** samestelling van 'n argument:




  - Die spesifieke vraagstelling gaan die formaat van die argument bepaal.

  - Voorbeelde van enkele argumente:

| **VOORBEELDVRAAG** | **FORMAAT VAN ARGUMENT** | **VOORBEELDARGUMENT** |
|---|---|---|
| **Tema**:<br>*Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde hoe die titel van die roman, onderwêreld, met die tema, onderwêreld, verband hou.* | Stelling + verduideliking | Die onderwêreld kan na die wêreld van die kuberkraker verwys soos wat Greg sy eerste tree in die wêreld van kuberkrakery gee wanneer hy vir Eckardt vra om hom te leer kuberkraak. |
| | Stelling + aanhaling<br>(die aanhaling moet woordeliks korrek wees) | Die onderwêreld kan na die wêreld van die kuberkraker verwys, bv. Greg sê, “So daar is die good guys en die bad guys in die hacking-onderwêreld.” |
| | Stelling + aanhaling in eie woorde | Die onderwêreld kan na die wêreld van die kuberkraker verwys. Greg sê dat daar goeie én slegste ouens in die kuberkraak-onderwêreld is. |

| | | |
|---|---|---|
| **Karakterontwikkeling**: *Bespreek die karakterontwikkeling van Greg ...* | (stelling + verduideliking van hoe die karakter aanvanklik was) en (stelling + verduideliking van hoe die karakter nou is) | Greg is aanvanklik 'n gewilde leier met wie almal geselsies aanknoop. Later bevraagteken hy sy leierskap aangesien niemand hom gevolg het toe hy geweier het om rugby te speel nie. |
| **Karakterisering**: *Bespreek hoe Greg in die roman, onderwêreld, karakteriseer word.* | Stelling + verduideliking<br><br>Stelling + aanhaling<br><br>Stelling + aanhaling in eie woorde | Greg het 'n rebelse streep as hy die skoolhoof, Dok Pienaar, teëgaan wanneer hy voel dat die skool nie genoeg doen omtrent die verdwyning van Eckardt nie. |
| Karakterisering kan ook na karakteriseringstegnieke/ maniere hoe die leser die karakter leer ken, verwys.<br><br>Karakterontwikkelling en/of karaktereienskappe kan in 'n opstel oor karakterisering ingesluit word. | Stelling + verduideliking<br><br>Stelling + aanhaling<br><br>Stelling + aanhaling in eie woorde | Uit Greg se handeling kan ons afei dat hy 'n rebelse streep het. Greg gaan Dok Pienaar, die skoolhoof, teë as hy voel die skool doen nie genoeg om Eckardt op te spoor nie. |

| | | |
|---|---|---|
| **Konflik**: *Bespreek die konflik wat Greg in die roman ervaar ...* | Stelling + verwoord die aard van die een kant van die konflik en verwoord die aard van die ander kant van die konflik | Daar is uiterlike konflik tussen Greg en sy pa wanneer hulle in 'n woordewisseling betrokke is oor Greg se prestasie. Sy pa verwag van Greg om reeds planne vir sy "pylvlak" in plek te hê terwyl Greg van mening is dat sy planne van verlede jaar goed genoeg is. |
| | Verwoord die aard van die een kant van die konflik en verwoord die aard van die ander kant van die konflik | Greg weier om 'n rugbywedstryd te speel na aanleiding van die skool-hoof se hantering van |

| | | |
|---|---|---|
| | | Eckardt se verdwyning. Sy pa verwag van hom om rugby te speel, nie die skoolhoof se gesag te ondermyn nie. |
| **Agtergrond en invloed daarvan op karakter**: *Bespreek die invloed wat Greg se agtergrond in sy ouerhuis op hom het ...* | Oorsaak (agtergrond) + gevolg (invloed) + verduideliking/voorbeeld | Greg se broer het selfmoord gepleeg – oordosis pille gedrink. Dit veroorsaak dat Greg 'n vrees vir die dood het wat hom angstig maak as Nicole daarvan praat dat sy sommer iets sal doen waaroor haar ouers jammer gaan wees. |

- **Slot**
  - Die slot word as 'n afsonderlike paragraaf aangebied, al bestaan dit slegs uit enkele sinne in jou opstel.
  - Die slot behoort met die vraag en die inleiding verband te hou.

**Vereistes wat aan die literêre opstel gestel word t.o.v. inhoud**

- Diepgaande interpretasie van die onderwerp is nodig (m.a.w. die opstelvraag wat jy moet beantwoord).
  - Die aantal woorde van die opstel (400 tot 450) moet **effektief** gebruik word om die vraag te beantwoord.
  - Dit is nie blote storievertelling nie.
  - Die onderwerp moet deeglik ontgin word.
  - Argumente moet stellings met verduidelikings/aanhalings/ parafrases bevat, bv.

| |
|---|
| In die roman kom 'n speling van lig teenoor donker voor[Stelling (as hoofgedagte van paragraaf)]. Donker word teenoor lig gestel toe die jong Eckardt in die donker gang na sy pa se studeerkamer gaan waar die lig brand[Verduideliking 1]. Die lig van die studeerkamer bied egter nie 'n veilige hawe vir Eckardt nie, maar die pa se moontlike selfdoodpogings, as gevolg van sy skuldgevoelens oor sy aandeel in korrupsie, word |

belig[Verduideliking 2]. Tydens die ontgroeningstoneel is daar ook 'n speling van donker teenoor lig[Stelling 2 wat aansluit by hoofgedagte]. Die Trappers se stemme eggo in die donker tonnels en elkeen moet geblinddoek, angsbevange sy pad na die lig vind[Verduideliking 1]. Die skoolleuse word deur die flitslig wat in elkeen se sak geplaas word, verteenwoordig, maar die Trappers is egter nie bewus van die flitslig wat hul pad in die donker kan belig nie[Verduideliking 2]. Die matrieks gee aan die Trappers die boodskap dat hulle al die tyd die gereedskap by hulle gehad het om hulle te help om hul pad te vind en dat hulle ook die lig moet versprei[Verduideliking 3].

- Reeks treffende argumente moet behoorlik uit die roman gerugsteun word.
  - Beantwoord dit wat in die opstelvraag aan jou gevra is, moenie daarvan afwyk nie.
  - Die argumente voldoen aan die vereistes van die spesifieke vraagstelling.
  - Daar mag 'n bindingsin/aanloop na die volgende argument wees. Waak egter teen storievertelling.
- Uitstekende begrip van die genre en teks is nodig.
  - Toon uitstekende begrip van hoe die romaninhoud met die vraag verband hou.
  - Seleksie van die romaninhoud om by die vraag aan te sluit.

**Vereistes wat aan die literêre opstel gestel word t.o.v. taal en styl**

- Samehangende struktuur
  - Elke paragraaf handel oor 'n spesifieke aspek van die opstelvraag.
  - Die argumente in die paragraaf word nie bloot langs mekaar geskryf nie, daar word van verbindingswoorde gebruik gemaak om sinne en paragrawe te skakel.
  - Daar is 'n "goue draad" in die opstel.
- Inleiding en slot
- Die argumente is goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling in die literêre opstel.
  - Die argument pas by die eise van die vraagstelling.
  - Die argument is goed gestruktureer sonder om noodwendig die woorde want/omdat/ byvoorbeeld te gebruik.
  - Dieselfde argument kom nie herhalend in die opstel voor nie.
  - Daar is ontwikkeling in die bespreking.
- Die taalgebruik, toon en styl is korrek.
  - Gee aandag aan die sinsbou van die sinne.
  - Neem in ag dat 'n paragraaf uit verskillende dele bestaan. In sommige paragrawe kan 'n stelling (hoofidee) meer as een verduideliking/ aanhalings/parafrases van die aanhaling (ondersteunende idees) bevat om die argument te vorm.
  - Verbindingswoorde en frases kan in die paragraaf gebruik word om samehang te verseker.
  - Let op na die punktuasie en spelling van die skryfstuk.

## Wat gaan die eksaminatore in Vraestel 2 van jou verwag?



Deur middel van kontekstuele/kortvrae gaan die eksaminatore assesseer tot watter mate:

- jy die **letterlike betekenis** van die roman verstaan. Vir hierdie doel sal daar van jou verwag word om inligting in die roman/uittreksel te identifiseer/weer te gee wat jy reeds geleer het. Jy moet hoofsaaklik antwoorde gee op die sogenaamde wie- / wat- / waar- / hoe- en waarom-vrae.
- jy die inligting in die roman/uittreksel kan **herorganise**er. Daar mag byvoorbeeld van jou verwag word om hoofpunte op te som of die verskille/ooreenkomste tussen karakters se optredes aan te dui.
- jy inligting kan verskaf wat nie noodwendig in die uittreksel verskaf word nie. Jy moet by hierdie tipe vrae die inligting wat jy reeds tot jou beskiking het, gebruik om **afleidings** te maak. Antwoorde op hierdie tipe vrae mag byvoorbeeld aandui hoe die gebruik van beeldspraak/stylfigure jou begrip van die roman beïnvloed, om temas te verduidelik of om byvoorbeeld boodskappe af te lei.
- jy sekere aspekte van die roman kan beoordeel deur jou eie mening oor byvoorbeeld die gepastheid van beeldgebruik te lug. Soms kan hierdie tipe vrae van jou verwag om te sê of jy met die optrede van ʼn karakter saamstem al dan nie.
- jy waarderend kan lees. Jy sal byvoorbeeld moet kan sê waarom jy ʼn karakter se optrede kan goedkeur of waarom jy nie kan saamstem met die woordgebruik van die skrywer nie.

## Wenke om jou te help met die beantwoording van ʼn stapelvraag.

ʼn Stapelvraag tel gewoonlik drie tot vier punte.
So ʼn vraag bestaan uit ʼn aanhaling uit die boek of ʼn stelling wat gemaak word.
Lees die vraag deeglik, want ʼn stapelvraag bestaan uit meer as een vraag wat met mekaar verband hou.
Leestekens en voegwoorde behoort vir jou ʼn aanduiding te gee van die verskillende dele van die vraag.
Beantwoord ʼn stapelvraag deur elke keer die konteks van die uittreksel in ag te neem.
Let op na die puntetoekenning by stapelvrae: dit sal bepaal hoeveel feite jy moet aanbied.
Beantwoord ʼn stapelvraag se dele in dieselfde volgorde as wat dit gevra is.
Voer elke instruksie baie noukeurig uit. Moenie meer of minder feite gee as wat gevra is nie.

**ʼn Stapelvraag sal soos volg geformuleer word.**

> Sy pa sê sy naam, maar hy hoor dit nie. Sy naam los op in die donker. Verdwyn.

*Lees weer die gedeelte in reëls 35 en 36. Waarom kan hierdie gedeelte as funksioneel beskou word? Gee TWEE redes. Hoe sluit die naam "Eckardt" by jou antwoord op die vraag aan? (4)*

Jou eerste antwoord moet oor die "waarom"-gedeelte van die vraag handel. Jy moet TWEE antwoorde/redes gee.
Die laaste deel van jou antwoord moet ook TWEE redes verskaf, aangesien die vraag in totaal 4 punte tel.

'n Moontlike antwoord vir hierdie stapelvraag kan soos volg geformuleer word:

Dit is funksioneel omdat dit op sy identiteitskrisis/verwarring dui wat hy tans beleef – vrees en verwarring laat hom vergeet wie hy is✓ en dit is funksioneel omdat dit by die eggo-motief aansluit – die woorde word onveranderd herhaal in hoofstuk 33 om Eckardt se vrees en verwarring te beklemtoon. ✓ (2 punte)
Die seun kies vir hom 'n ander naam om die vrees te verdryf, 'n naam wat kan sê hoe dit voel om magteloos vir antwoorde te wag✓, asook 'n naam waaronder hy later sy wraakplanne kon uitvoer. ✓ (2 punte)

## Vraagwoorde in vraestelle

Hieronder volg voorbeelde van die verskillende tipe vrae wat jy in Vraestel 2 kan verwag:
Wenk: Let elke keer spesifiek op na die puntetoekenning by elke vraag!


| VRAAGTIPE | HOE JY HIERDIE VRAAG MOET BEANTWOORD |
|---|---|
| ***LETTERLIKE VRAE**: Vrae oor inligting wat duidelik/opvallend in die teks/uittreksel voorkom.* | |
| **Noem** die karakters/plekke/dinge... | Skryf slegs die spesifieke name van die karakters/plekke/dinge neer. |
| **Verskaf**/**gee** die redes vir… | Skryf slegs die inligting neer sonder om dit te bespreek of kommentaar daaroor te lewer. |
| **Verskaf**/**gee** TWEE redes waarom… | Skryf **net** twee redes as antwoorde neer. |
| **Identifiseer** die karakter wat… | Skryf die karakter se naam neer. |
| **Beskryf** die karakter se… | Die karakter is onbeskof/aggressief/beleefd. |
| **Maak 'n lys** van die eienskappe… | Skryf die eienskappe onder mekaar neer. |
| ***HERORGANISERING**: Vrae wat van jou verwag om inligting wat in die teks voorkom, op 'n ander manier te organiseer/aan te bied as wat dit in die teks staan.* | |
| **Som** die hoofpunte van … in een sin **op**. | Skryf slegs die hoofpunte sonder enige ander inligting neer. |
| **Groepeer** die ooreenstemmende eienskappe van… | Skryf dieselfde eienskappe bymekaar/saam. |
| **Gee** 'n **oorsig** van… | Bespreek in die algemeen wat die vraag verwag. |
| ***AFLEIDING**: Vrae wat van jou verwag om die teks te interpreteer met inligting tot jou beskikking* | |

| | |
|---|---|
| *wat nie eksplisiet in die teks/uittreksel voorkom nie.* | |
| **Verduidelik** hoe die idee van … verband hou met die tema van … | Soek na die verbintenis tussen … en … en skryf dit neer. |
| **Vergelyk** die optrede van … met dié van … | Skryf die ooreenkomste **en** die verskille neer. |
| Wat **suggereer** die woordgebruik in … omtrent die karakter van…? | Sê wat jy dink die woordgebruik omtrent ʼn karakter verklap gegrond op die inligting tot jou beskikking. |

| | |
|---|---|
| ***EVALUERING**: Vrae wat van jou verwag om 'n oordeel te vel wat gebaseer is op die kennis tot jou beskikking of jou verstaan van die teks. Jy sal jou mening moet uitspreek oor waardes, houdings en sê waarom dit jou oortuig of nie.* | |
| **Bespreek** jou standpunt in verband met…/**Stem** jy saam met…/Is die optrede/reaksie **geloofwaardig**/**aanvaarbaar**…? | Dink aan jou eie norme en waardes en kom tot ʼn gevolgtrekking. |
| **Stem** jy saam met die siening van…? **Gee ʼn rede** vir jou antwoord. | Begin hierdie antwoorde altyd eers met ʼn JA/NEE. Jy MOET elke keer ʼn **rede** vir jou antwoord gee om die punt te verdien. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke teks moet terugverwys. Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie. |
| ***WAARDERING:** Vrae wat die emosionele uitwerking van 'n teks op jou as leser het.* | |
| Het jy simpatie met…? Verduidelik jou antwoord.<br>Het jy gehou van die manier waarop die skrywer…?<br>Lewer kommentaar oor die… | Daar is geen regte of verkeerde antwoorde vir hierdie vrae nie, maar jy MOET elke keer ʼn **rede** vir jou antwoord gee. Onthou ook dat jou antwoorde op hierdie vrae elke keer na die spesifieke teks moet terugverwys. |

# Oorsig

## Die Skrywer



[https://www.litnet.co.za/wenners-van-lapa-se-jeugromankompetisie-bekend/?fbclid=IwAR3J4Dj_dmKateoP4PwfRrL8HApzLHr2JxTTtxfT1ZEcB4zKGXzv_LOsups]

Fanie Viljoen is op 2 Januarie 1970 in Welkom gebore en hy het ook daar skoolgegaan.

Hy het nooit kon droom of dink om eendag ŉ skrywer te word nie. Vandag skryf hy omtrent elke dag stories vir kinders. Hy sê hy geniet dit om stories te skryf, want dit voel nie soos werk nie.

Fanie Viljoen bly tans in Bloemfontein en is ’n outeur van kinder- en jeugverhale, radiodramas, kortverhale en het ook sy eerste roman vir volwassenes, *Prooi*, gepubliseer (Viljoen, 2015). Verder is hy ’n digter van kinder- en jeugpoësie, maar ook ’n vaardige illustreerder en skilder. Viljoen het reeds verskeie toekennings vir sy werk ontvang.

Hy besoek gereeld skole; nie net vir die bemarking van sy boeke nie, maar ook om die kind en die adolessent vir wie hy skryf, werklik te leer ken. Hy lees koerante om die bepaalde tydsgees van die samelewing in sy jeugverhale te kan verwoord. Wanneer hy sy jeugverhale skryf, luister hy musiek met donker ondertone. Sy werk is aktueel, want hy huiwer nie om onderwerpe soos onder andere kubermisdaad, seksuele misbruik asook dwelm- en alkoholmisbruik, selfdood en getraumatiseerde gesinne as agtergrond vir sy verhale te gebruik nie.

## Inleiding

In *onderwêreld* maak die leser kennis met die vreemde wêreld van kuberkrakers wat as agtergrond en selfs tema vir hierdie jeugroman dien. In hierdie roman word Greg Owen, die hoofseun van ’n eksklusiewe privaatskool, hegte vriende met ’n nuwe matriekseun, Eckardt Wilken. Eckardt lei vir Greg in die geheime van die kuberkrakerbedryf in en leer hom om self ’n vaardige kuberkraker te word. Met die verloop van tyd word die kuberkrakerbedryf ŉ manier waarop Greg uiting gee aan sy verset en rebellie teen die skool, die skoolhoof, sy pa en die manipulasie van instansies soos die skool en die sakewêreld waarvan sy pa deel is. Wanneer Eckardt geheimsinnig verdwyn, verskerp dit Greg se kuberkraak-aktiwiteite totdat hy die geheime ontrafel van korrupsie en misdaad waaraan sy pa en die skoolhoof beide deel het. Hy kom eers later agter dat Eckardt hom doelbewus “geprogrammeer” het om so op te tree, sodat sy status as hoofseun vernietig sou word en veral sodat hy sy eie pa se wandade aan die kaak sou stel. Dit sou dan uiteindelik Greg se pa aan kriminele vervolging blootstel. Wanneer Greg uiteindelik besef dat Dok Pienaar, die skoolhoof, en sy eie pa verantwoordelik was vir Eckardt se pa se vernietiging as regter wat uiteindelik tot sy verdwyning gelei het, verstaan hy hoe fyn Eckardt sy wraak beplan het.




[https://www.google.com/search?hl=en&tbm=isch&source=hp&biw=1366&bih=632&ei=CVxqXtrPDc ]

*[https://www.litnet.co.za/fanie-viljoen-se-onderwereld-as-voorbeeld-van-die-gesag-en-magstryd]*

# Hoe word die storie vertel

## Die titel

Met die lees van enige verhaal is die eerste woorde wat die leser teëkom die titel. Dit is partykeer vir jou as leser nie duidelik wat alles in die titel van ′n verhaal opgesluit lê nie en dit vereis soms dat jy die verhaal eers moet klaar lees om agter te kom wat die implikasie van die titel op die verhaal is.



[http://www.fanieviljoen.co.za/onderwereld/]

In die roman, *onderwêreld,* het die titel verskeie **verwysingsmoontlikhede**.

Dit kan onder andere verwys na:
- die onderwêreld van kuberkrakery,
- onwettige bedrywighede soos korrupsie,
- die wêreld van die volwassewordende tiener in ′n streng skoolmilieu vol reëls en
- geldmag en vrees vir die onbekendheid en finaliteit van die dood.

Die titel *onderwêreld* het twee **betekenismoontlikhede:**

- Die romantitel skep ’n verwagting by die leser dat hy / sy kennis gaan maak met ’n buitengewone wêreld.
- Dit verwys ook na ′n onderwêreld van donker geheime en spanning.

## Agtergrond, tyd en ruimte



Die plekke waar ′n verhaal afspeel, staan in letterkunde as die **ruimte** bekend. Alle stories/gebeure speel ook binne ′n spesifieke tydraamwerk af. Wanneer ′n mens letterkunde bestudeer, speel ruimte en **tyd** ′n belangrike rol – dan praat ′n mens van die **milieu** waarbinne ′n verhaal afspeel. Die omstandighede waarteen die verhaal afspeel, staan as die **agtergrond** bekend.

Lawson Kollege met sy imposante geboue en uitgebreide skoolterrein is die fisiese ruimtes (dit waarvan ons ′n prentjie kan vorm) waarteen die verhaal van *onderwêreld* afspeel. Die verteller neem ons na die skoolsaal, klaskamers, gedenkmuseum, die skoolhoof se kantoor en selfs tot binne in die privaat ruimtes van koshuiskamers.

Verder is die Drakensberg ook ′n belangrike ruimte met die omliggende platteland van KwaZulu-Natal. Ander minder belangrike ruimtes is Eckardt se huis as kind in die proloog, Greg se ouerhuis in Sandhurst en die vakansiehuis op Jeffreysbaai.

Die agtergrond waarteen hierdie roman se storie vertel word, is onder andere dié van rykmanskole wat onderrig bied vir die kinders van ouers wat baie geld en baie invloed het. Verder is die storie van *onderwêreld* ook teen die agtergrond van korrupsie en misdaad geskryf waar kuberkrakery op groot skaal plaasvind.

Die karakters bevind hulle verder teen 'n agtergrond van korrupsie en misdaad waar selfs vername mense hulle skuldig maak aan wandade. Die leerders staan in hulle matriekjaar op die drumpel om self ook hierdie wêreld te betree. Die veelbesproke voëlgriep-epidemie wat Asië, veral Hong Kong, in 2003 erg getref het, vorm ook deel van die agtergrond waarteen hierdie roman se gebeure afspeel.

In *onderwêreld* moet die ruimte en die agtergrond saam gelees word sodat die konteks van die storie reg verstaan word.

**Agtergrond** en **milieu** vervul 'n belangrike funksie in enige roman. Van die belangrikste funksies is die volgende:

- om stemming / atmosfeer / konteks te skep;
- om die bron van konflik of stryd tussen karakters te wees;
- om gebeure / handelinge meer realisties te laat voorkom; en
- om 'n idee / tema te simboliseer.

## Tyd

Tyd verwys na die chronologiese of a-chronologiese verloop van gebeure of handelinge. Dit is die tyd wanneer die gebeure of handelinge plaasgevind het.



Die chronologie van die verhaal word verbreek deur die afwisselende vertelling van die hede, waarin Eckardt verdwyn en die gevolge daarvan. Die afwisselende hoofstukke handel oor die verlede (terugflitse) en hoe die vriendskap tussen Greg en Eckardt groei terwyl Greg se vaardigheid in kuberkrakery ontwikkel.

In die roman *onderwêreld* onderskei ons tussen **verteltyd** en **vertelde tyd**.

**Verteltyd** is die aantal bladsye waaruit die boek bestaan.

**Vertelde tyd** is die tydperk wat dit die verhaal neem om af te speel. In *onderwêreld* is dit, volgens hierdie definisie, omtrent 8 dae (Donderdagoggend tot die daaropvolgende Vrydagaand).

In *onderwêreld* se **vertelde tyd** maak die skrywer van 'n vertellyn in die hede en 'n vertellyn in die verlede gebruik.

Die verhaallyn in die hede is die hoofstukke wat met onewe getalle begin. Die verhaallyn in die hede strek oor ongeveer 8 dae. Die gebeure in hierdie hoofstukke fokus op Greg se soektog na Eckardt wat weggeraak het en Greg se pogings om Dok Pienaar se wandade aan die kaak te stel.

Al die hoofstuktitels wat met "Log File" aangedui word, is die verhaallyn in die verlede. Dit is die begin van die matriekjaar en die twee hoofkarakters se nadere kennismaking. Dit vind plaas deurdat Greg al dieper in die onderwêreld van kuberkrakery ingesleep word en met sy broer se dood gekonfronteer word. Die twee verhaallyne ontmoet mekaar in hoofstuk 33.

Die skrywer gebruik terugflitse in die roman se twee verhaallyne om die spanning te verhoog. Hy doen dit deur die afwisselende aanbieding van hoofstukke wat in die **hede** en **verlede** afspeel.

# Karakters

## Hoofkarakters

**GREG OWEN (G-4ce)**



Greg is die **protagonis** in hierdie verhaal. Dit beteken dat hy die sentrale karakter/held is wie se karaktereienskappe deur die verloop van die verhaal verander/ontwikkel.

Wat weet ons alles van Greg?

Hy is 'n matriekleerder en die hoofseun aan Lawson Kollege.

- Greg is aan die begin 'n leier met sterk leierseienskappe, maar namate hy meer belangstelling in kuberkrakery vertoon, raak sy taak as leier vir hom al hoe minder belangrik. Kwanele moet in Greg se plek toesig hou by die kerkdiens terwyl Greg besig is met kuberkrakery.
- Hy is 'n sportman wat veral lief is vir rugby speel. Hy speel vleuel vir die eerste rugbyspan.
- Greg se ouers is baie ryk. Greg se pa is die eienaar van Turret Media, 'n groot mediamaatskappy.
- Greg is slim en vaar aanvanklik akademies goed. Sy pa verwag aan die einde van die jaar 9 onderskeidings van hom en plaas druk op Greg.
- Greg verloor op 'n jong ouderdom sy broer, John, aan die dood. John pleeg selfdood omdat die druk wat sy pa op hom plaas om te presteer, te veel geword het. Dit veroorsaak dat Greg 'n vrees vir die dood ontwikkel.
- Greg het 'n meisie, Nicole. Greg vertrou haar nie aangesien hy in die berge skoolgaan en sy die stadslewe geniet. Dus kan hy nie vir haar sê dat hy lief is vir haar nie. Dit veroorsaak 'n gespanne verhouding tussen die twee.
- As die leser Greg beter leer ken, kom ons agter dat hy ook 'n karakter is wat omgee – hy is byvoorbeeld bekommerd omdat sy ma dikwels alleen in die groot, leë huis sit, terwyl sy pa werk. Hy loods ook 'n obsessiewe soektog omdat hy bekommerd is oor Eckardt se verdwyning.

Maak seker dat jy die volgende begrippe goed onder die knie het:

- hoofkarakters
  - ✓ protagonis
  - ✓ antagonis
- ronde karakters
- plat karakters
- newe- / bykarakters
- randkarakters



[www.clipart.com]

As 'n mens Greg se karakterontwikkeling deur die verloop van die verhaal fyn dophou, dan is die volgende sake van belang:

Greg is aanvanklik 'n gewilde leier met wie almal geselsies aanknoop. Later verloor hy die ander leerders se respek en word 'n “loser” genoem deur een van hulle. Hy besef self ook dat hy nie 'n leier is nie omdat hy al hoe minder volgelinge het.

Greg gee aanvanklik voor dat hy selfversekerd is, al het hy ’n knou weg na sy broer se selfdood. Hy twyfel eintlik baie in homself. Die kuberkraker-lesse gee hom valse, rebelse selfvertroue. Hy rebelleer teen sy pa se rigiede gesag en ook teen die skool se tradisionele skoolreëls. Hy daag ook Dok Pienaar se gesag uit deur te weier om aan ′n rugbywedstryd deel te neem. Hy besef uiteindelik dat hy vir die eerste keer sedert sy broer se dood weer regtig lewe, maar dan stort Greg se eens veilige, gemaklike bestaan, nes sy emosies, heeltemal in duie. Waar Greg deur die verloop van die verhaal misstappe begaan, erken hy aan die einde dat hy foute begaan het en nie “bullet proof” is nie. Hy vergoed vir sy wandade deur sy hulp aan die polisie aan te bied.

### ECKARDT WILKEN (Ekk-0)

Eckardt is die ander belangrike hoofkarakter in hierdie roman. Aangesien hy die karakter is wat deur die verloop van die verhaal konflik by Greg veroorsaak, is hy die **antagonis** (skurk)**.**

Greg en Eckardt is beide hoofkarakters.

Van die belangrikste inligting waarvan die leser moet kennis neem om Eckardt se karakter te leer ken, is die volgende:

Onthou om elke keer ‘n bewys uit die teks/uittreksel te gee om ‘n stelling te motiveer/verduidelik/te ondersteun.

Eckardt kry as graad 12-leerder onwettig toelating tot Lawson Kollege (hy skep ′n onwettige profiel op die skool se rekenaarsisteem) sonder dat hy aan die kriteria voldoen wat as vereiste gestel word aan leerders wat by Lawson Kollege wil inskryf: Eckardt se familielede het byvoorbeeld geen vorige verbintenisse met die skool gehad nie.
Eckardt het iets misterieus/geheimsinnig aan hom, want die leser kry min inligting oor hierdie karakter. Hy bly deurgaans ′n buitestander wat nie veel oor homself verklap nie.

Eckardt se geheimsinnigheid word versterk deur die feit dat hy duidelik ′n **buitestander** van sy graad 12-groep is.

Onthou, wanneer ‘n leser ‘n karakter se goeie EN slegte karaktereienskappe leer ken, is so ‘n karakter ‘n **ronde karakter**. Wanneer ons slegs ‘n eensydige prentjie van ‘n karakter kry, is so ‘n karakter ‘n **plat karakter**.

'n Buitestanderkarakter vertoon die volgende eienskappe:

- 'n Buitestander staan buite die groep en is individualisties. Eckardt volg sy eie kop en wil nie regtig deel wees van die aktiwiteite waaraan sy Graad 12-maats deelneem nie. Daarom wil hy nie soos die ander rugby speel nie. Hy verkies om 'n alleenloper te wees.
- 'n Buitestander lyk, dink en tree dikwels anders as die res van 'n spesifieke groep op. Hy wil nie deel van 'n groep wees nie. Eckardt lees byvoorbeeld ander leesstof as die res van die Graad 12's en tydens die koshuisbraai sit hy alleen en eenkant.



[www.gstatic.com/images]

Karakters word buitestanders as gevolg van 'n verskeidenheid van redes waarvan pynlike/hartseer/ moeilike omstandighede hulle dwing om hulleself eenkant te hou. In Eckardt se geval het die dinge wat met sy gesin gebeur het, veroorsaak dat hy besluit het om homself eenkant te hou.

## Newekarakters

### GREG SE PA

Hy is 'n rigiede, harde man – nie net in sy eie besigheid nie, maar ook in sy eie gesin. Dit is die geweldige druk wat hy op John geplaas het, wat tot John se selfdood gelei het. John se selfdood maak nie van Greg se pa 'n sagter mens nie; inteendeel dit verhard hom meer en hy plaas nog meer druk op Greg. Hy is 'n afwesige eggenoot wat nooit met sy vrou kommunikeer nie. Hy is die *Candlestick-maker* (mediamagnaat) in *Project Nursery Rhyme*. Dit blyk dat hy deur geld en mag gedryf word, want hy glo dat hy alles met geld kan koop. Die leser lei af dat sy pa se geld 'n groot rol gespeel het in Greg se rol as hoofseun en eerstespanrugbyspeler. Hy is indirek 'n "moordenaar", want sy maatskappy se pille is verantwoordelik vir sy eie seun se selfdood en hy is ook betrokke by die virus wat mense doodmaak.
Hy is ook uiters statusbewus en sien neer op ander mense wat minder as hy het.

**Project Nursery Rhyme**

Dit is 'n hoogs vertroulike en onwettige projek met drie eienaardige sakevennote in die farmaseutiese maatskappy PlusUltraMed. Hulle skuilname is die *Butcher*, die *Baker* en die *Candlestick-maker* wat saamsweer om die wêreld op hulle knieë te dwing deur middel van 'n hoogs aansteeklike vorm van 'n nuwe H5NI-voëlgriepvirus wat hulle wil kweek. Hulle farmaseutiese maatskappy is die enigste maatskappy wat 'n teenmiddel vir die voëlgriepvirus het en hulle gaan hulle dus daardeur verryk. Greg vind uit sy pa is die *Candlestick-maker* in hierdie sameswering.

### GREG SE MA

Rina Owen lewe onder die skadu van haar seun, John, se selfdood. Sy weet dat haar man 'n groot aandeel het aan John se dood, maar sy is nie by magte om hom te verlaat of Greg regtig teen hom te beskerm nie. Al wat sy kan doen, is om 'n buffer te probeer wees tussen Greg en sy pa. Sy probeer Greg gelukkig hou deur hom te oorlaai met geld en klein goedjies vir hom te doen soos om sy tasse by die koshuis uit te pak. Op

die oppervlak lyk dit of sy alles het; 'n mooi huis in Sandhurst, baie huishulpe, 'n man wat 'n mediamagnaat is, 'n seun wat hoofseun by sy skool is – m.a.w. alles wat geld kan koop. In werklikheid is sy bitter eensaam. Sy het niemand met wie sy regtig kan praat nie. Sy konfronteer nie maklik haar man nie, maar sal eerder opstaan en die vertrek verlaat soos toe Greg se Pa sy verwagtinge van die matriekjaar gee en van John praat. Sy voel nie dat sy die reg het om te lag en gelukkig te wees nie – sy het niks gedoen om John te help nie. Aan die einde van die verhaal beweeg sy en Greg nader aan mekaar wanneer hy haar in sy vertroue neem oor alles en sy hom dan bystaan. Sy draai effens teen haar man toe sy Greg by die polisiestasie gaan haal en hom belowe het dat hy nie weer sal teruggaan na Lawson Kollege toe nie. Dit was in elk geval haar man se idee.

### GREG SE BROER, JOHN

Hy is eintlik 'n "spookkarakter" omdat hy nooit self in die verhaal optree nie. Alhoewel John dood is, word sy invloed op Greg 'n belangrike aspek in die roman. John was Greg se beste vriend en held. Hy was ook 'n hoofseun en sportheld van Lawson Kollege. Behalwe rugby en krieket, het hy ook adrenaliensportsoorte soos witwaterroei en rotsklim beoefen. Die baie trofeë wat hy ontvang het en die uitstalling oor hom in die Lawson-gedenkmuseum wys wat 'n uitblinker hy was. Die meisies en sy spanmaats was mal oor hom. Sy pa het te hoë verwagtinge van hom gekoester en hy drink toe pille, vervaardig deur sy pa se farmaseutiese maatskappy wat tot sy dood gelei het.

### GREG SE MEISIE, NICOLE

Sy is pragtig met blonde hare, 'n fyn neusie, mooi lippe en blou oë waarmee sy flirt en terg, maar kom oppervlakkig voor. Die leser wonder of haar verhouding met Greg werklik oor Greg as mens gaan of oor sy geld en posisie as hoofseun. Daar is nie veel sprake van 'n emosionele verhouding tussen haar en Greg nie, maar wel 'n fisieke (seksuele) een. Dit blyk ook dat daar iets fisies tussen haar en Eckardt in Jeffreysbaai was. Sy is die een wat vir Greg 'n e-tablet in die nagklub wil gee.



[https://i.pinimg.com]

### DOKTOR ALEC PIENAAR

Hy is nie net die hoof van Lawson Kollege nie, maar is ook 'n sakeman met uitgebreide sakebelange. Hy kondig dan ook in die begin van die skooljaar aan dat hy nie voltyds by die skool gaan wees nie, want hy moet na sy sakebelange omsien en dat dit sy laaste jaar by die skool gaan wees. Hy is 'n baie streng skoolhoof wat sy wil op almal afdruk en hy stel die naam van sy skool te alle tye voorop. Dit is die rede waarom hy probeer om Eckardt se verdwyning toe te smeer en hy duld glad nie Greg se inmening in hierdie saak nie. Dit blyk dat hy later die Butcher in *Project Nursery Rhyme* is en dat hy die opdrag gegee het dat Eckardt se pa moet "verdwyn". Hy het 'n vorige kriminele klag teen hom en tans is hy weer besig om misdaad te pleeg – hy en sy vennote ontwerp 'n nuwe voëlgriepvirus waarvan hulle die entstof teen groot bedrae geld gaan verkoop.

## GREG SE VRIEND, TJ

Sy regte naam is Thomas Jean Lawson. Hy is die kleinseun van die stigter van Lawson Kollege – Thomas Lawson. Hy en Greg is baie goeie vriende en speel gereeld saam skaak. Hy is netjies en voorbeeldig en volg die skoolreëls getrou. Juis daarom verklik hy vir Greg wanneer laasgenoemde hom in sy vertroue neem. Hy is ′n ywerige skaakspeler en sien ook hulle skoolopleiding as ′n skaakspel: hulle is slegs pionne wat maklik vervang kan word. Hy is egter die een wat Greg indirek help toe hy nuus oor die voëlgriep bring.

Onthou dat newekarakters ook ‘n belangrike rol in ‘n verhaal speel, al is hulle nie hoofkarakers nie. Hulle hooffunksie is om die hoofkarakters se karaktereien-skappe uit te lig.

## GREG SE VRIEND, PLANK

Sy regte naam is Mark Gibbons. Hy speel slot vir die eersterugbyspan. Hy is ′n bietjie van ′n buitestander. Verder is hy hoogs intelligent, maar so te sê altyd onder die invloed van dagga. Sy naam is karakteropenbarend, want hy is waarskynlik dun soos ′n plank. Hy kom altyd dof voor weens sy daggarokery. Hy is ook mal daaroor om na sepies te kyk.

## DIE ONDERHOOFSEUN, KWANELE TWALA

Hy vertoon al die eienskappe van ′n hoofseun en Greg steek af teen hom. Kwanele is pligsgetrou, reël die VRL-vergadering van die jaar. Hy neem van Greg se pligte oor bv. die diensbeurt by ′n Sondag se kerkdiens. Hy irriteer Greg toenemend, maar wanneer Greg diep in die moeilikheid is, verseker Kwanele hom dat hy altyd by hom sal staan omdat hulle saam Trappers was. Aanvanklik wil dit voorkom asof hy Greg se posisie as hoofseun wil oorneem, maar aan die einde is Kwanele die enigste leerder wat die Trapper-belofte nakom.

## Randkarakters

**Die adjunkhoof van Lawson Kollege: Mnr. Pete Anderson**
Hy neem baie van Dok Pienaar se verpligtinge oor omdat Dok so min by die skool is. Hy skakel met die polisie na Eckardt se verdwyning.

**Inspekteur Nomvula Cele**
Sy is die Zulu-vrou wat perfekte Afrikaans praat. Sy lei die ondersoek na Eckardt se verdwyning en Greg kom gou agter dat sy nie onder ′n kalkoen uitgebroei is nie. Sy kom gemoedelik, dog ferm voor en skei vinnig die kaf van die koring tydens die ondersoek.




[www.google images.com]

**Sersant Leon Botha**
Hy is inspekteur Cele se assistent en het duidelik baie respek vir haar. Hy is ′n kaalkop met ′n weglêsnor.

**Joan Gibbs**
Sy is die skoolhoof se sekretaresse wat sosiaal gemanipuleer word deur Greg om toegang tot Dok se rekenaar te verkry.

**Tom, die terreinbestuurder**
Hy is nuut by die skool en help Greg en Eckardt om toegang tot die netwerkkamer te kry. Dit blyk later dat hy Eckardt se trawant is.



[www.wordpress.com]

**Die wiskundeonderwyser, Bill Eden (Boggom)**
Hy is vreeslik slim en die leerders beleef hom as "Einstein Incarnated". Hy kry sy bynaam omdat hy, volgens die leerders, op sy beste soos een van die Drakensberge se bobbejane lyk.

**Die nuwe Afrikaansonderwyseres, Jennie Lombard**
Sy kry die bynaam Jennie Langbaard oor die effense wolleriheid op haar ken en oor haar van.





**Die nuwe Besigheidstudies onderwyser, Niel Manson**
Hy word eers Nil Man deur die leerders gedoop en later Nelson Mandela, waarskynlik oor sy keuse van hemde.

**Die doktor in virologie** (viroloog = iemand wat met virusse werk)
Hy het die voëlgriepvirus en entstof daarvoor ontwikkel. Hy is die *Baker* van *Project Nursery Rhyme:* hy is die persoon wat die virus en die entstof gemaak het.



**Clarissa en Candy**
Dis Nicole se twee vriendinne. Hulle name klink vir Greg soos iets uit 'n "porn movie". Hy noem hulle sommer C&C, want hy weet nie presies wie is wie nie. Hulle giggel altyd, maak mekaar se sinne klaar en hang aan mekaar.


**Nog randkarakters**

- Nandi – Tafelbediende by die kus in Jeffreysbaai.
- Janita – Eckardt se sogenaamde suster.
- Henno – Eckardt se sogenaamde broer.
- Madelein – Nog 'n ontvangsdame van Dok Pienaar wat ook inligting aan Greg gee.
- Sam – Die skool se sisteemadministrateur.
- Thomas Dean – Hy is die rekenaartegnikus van Harrismith wat gewoonlik kom help met die skool se rekenaars as daar probleme is.
- André – Thomas se assistent.
- Oom Ian – Die koshuisvader.
- Anita – Die kunstenares wat 'n gesigskets van Eckardt moet teken vir televisie, omdat daar geen foto's van hom is nie.
- Colin van CCU – Hy bel vir Sersant Botha nadat Greg uitgevang is. Hy is van die rekenaarmisdaadeenheid.

> **Randkarakters** word ook bykarakters genoem. Hulle ondersteun gewoonlik die hoofkarakter in sy ontwikkeling en is dikwels ook in 'n mindere mate betrokke by die konflik/botsing in 'n verhaal. Hulle kan ook soms versoening tussen karakters bewerkstellig.

Die skrywer van 'n roman laat die leser toe om die karakters op die volgende maniere te ken – dit word **karakteriseringstegnieke** genoem.

Die algemeenste maniere waarop jy karakters kan leer ken, is die volgende:



- Hoe die verteller hulle beskryf
- Deur wat hulle doen, dink, voel en sê
- Hoe ander karakters met en van hulle praat
- Hoe ander karakters teenoor hulle optree
- Hoe die karakter tydens konflik/botsing optree

Daar sal van jou verwag word om hierdie karakteriseringstegnieke op die karakters in *onderwêreld* van toepassing te maak. Hieronder volg ′n paar voorbeelde om jou te help.

Karakterisering deur:

- die verteller se **beskrywing** van karakters: Die beskrywing van Eckardt se reaksie wanneer hy sy pa met die pistool vind, toon sy skok en onsekerheid.
- wat karakters **dink**: Greg dink aan die eerste skooldag as ′n vervelige fliek. Hy is dus nie regtig gefokus nie en sien glad nie uit na die aanbreek van die skooljaar nie.
- wat karakters **voel**: Greg se ma se gevoelens wanneer sy hom kom haal, toon haar bekommernis oor en liefde vir hom.
- wat karakters **sê**: In omtrent al Greg se pa se gesprekke met hom blyk dit watter hoë verwagtinge hy van hom het en dat hy nooit tevrede is nie.
- hoe ander karakters met hulle **praat**: Greg se pa sê hy moet ′n ruggraat kry. Hiermee word geïmpliseer dat Greg ruggraatloos is.
- hoe ander karakters van hulle **praat**: Toe Greg die seuns aanpor om vinniger na hul kamers te beweeg, noem een hom ′n "loser". Dit impliseer dat Greg nie meer so gewild is nie.
- hoe ander karakters teenoor hulle **optree**: Kwanele vertel Greg van die eerste VRL-vergadering van die jaar, klap hom op die skouer en sê dat hy nie laat moet wees nie. Dit impliseer dat Kwanele nie veel van Greg as hoofseun en sy stiptelikheid dink nie.
- karakters se **name**: ′n beskrywing van die karakter word gevind in die name van Plank, Boggom en Jennie Langbaard. Hulle verkry hul byname hoofsaaklik as gevolg van hulle voorkoms.

'n Skrywer sal deur middel van 'n beskrywing van karakters se persoonlikhede, hulle gedagtes, gevoelens en emosies asook hulle optrede die leser toelaat om 'n prentjie in sy/haar gedagtes van 'n karakter te vorm. Dit is dus belangrik dat jy na voorbeelde hiervan sal soek terwyl jy die roman lees.

## ′n Karakterdiagram

′n Lekker manier om seker te maak dat jy die belangrikste karakters se karaktereienskappe maklik onthou, is om vir jou ′n karakterdiagram van so ′n karakter saam te stel.

In ′n karakterdiagram:

- skryf jy al die karaktereienskappe wat jy uit die strorie kon aflei in die eerste kolom neer.
- skryf jy al die nodige bewyse uit die teks om hierdie karaktereienskap te verduidelik in die tweede kolom neer.

Probeer om die hoofstuknommer/-titel asook bladsyverwysings saam met hierdie bewyse in die tweede kolom in te vul. Dit sal jou help om die inligting weer maklik op te spoor wanneer jy hersiening wil doen.

Hieronder volg ′n gedeeltelik voltooide karakterdiagram van die protagonis (die hoofkarakter), Greg. Gebruik dit as ′n riglyn om karakterdiagramme van ander belangrike karakters saam te stel.

# KARAKTERDIAGRAM VAN GREG OWEN

**Greg is die hoofkarakter (protagonis) in *onderwêreld*.**

Hy is die hoofseun van Lawson Kollege wat deur middel van sosiale manipulering gedwing word om as kuberkraker die waarheid van sy pa se geheim met *Project Nursery Rhyme* te ontbloot.

| **Karaktereienskappe** | **Bewyse** |
|---|---|
| Greg is ′n leier met leierseienskappe. | Hy is die hoofseun van Lawson Kollege. |
| Hy is ′n kranige sportman. | Hy speel vleuel vir die eerste rugbyspan. |
| Greg vaar aanvanklik akademies goed. | Sy pa verwag 9 onderskeidings van hom aan die einde van die jaar. |
| Hy het nog nie sy broer se dood verwerk nie. | Sy pa het hom verbied om oor sy broer se dood te treur. |
| Greg het ′n vrees vir die dood. | John pleeg selfdood en dit het ′n invloed op hoe Greg Eckardt se verdwyning hanteer. |
| Hy het aanvanklik ′n sterk verantwoordelikheidsin. | Hy aanvaar aanspreeklikheid vir die welstand van die Trappers (die nuwe graad 8-leerders) tydens hulle inlywingseremonie. |

# Konflik

Ander name vir konflik is stryd, botsing of worsteling.

Om konflik in die verhaal te verstaan, moet jy oplet na die voortdurende stryd wat tussen karakters of individue of groepe in hul omstandighede ontstaan. Konflik in letterkunde kan ook as gevolg van strydende begeertes of waardes tussen karakters ontstaan.

Konflik of botsing het die volgende funksies:

- dit skep spanning
- dit help die gebeure ontwikkel
- dit bied die karakters die geleentheid om te ontwikkel.

Jy moet seker maak dat jy tussen innerlike en uiterlike konflik kan onderskei:

## Uiterlike konflik

Dit is botsing tussen die karakters, maar dit kan ook die geweld, argumente en botsings tussen 'n karakter en sy omgewing, omstandighede of die natuur wees.
Uiterlike konflik behels dikwels 'n fisiese bakleiery, maar dit kan ook voorkom as karakters argumenteer of nie oor die weg kom nie.



Voorbeelde van uiterlike konflik in hierdie roman is:

- ✓ Die woordewisseling tussen Greg en Eckardt in Jeffreysbaai.
- ✓ Die bakleiery tussen Greg en Eckardt in Clarens.
- ✓ Greg argumenteer met Dok Pienaar oor Eckardt se verdwyning.
- ✓ Greg argumenteer met sy pa oor sy hoë verwagtinge van hom.
- ✓ Greg en Kwanele kom nie goed oor die weg nie.

## Innerlike konflik

Dit is 'n karakter se innerlike botsing van emosies, begeertes, drange, ambisies, ens.
Karakters ervaar dit wanneer hulle moeilike besluite moet neem of voor keuses te staan kom.

Voorbeelde van Greg se innerlike konflik is:

- ✓ Die druk wat Greg se pa op hom plaas om te presteer.
- ✓ Greg ervaar diep emosies oor sy broer se selfdood.
- ✓ Hy voel skuldig teenoor sy ma en Nicole omdat hy hulle afskeep.
- ✓ Hy voel ook skuldig oor sy toenemende kuberkrakery, die leuens wat hy vertel, die skynlewe wat hy leef en sy gebrek aan belangstelling in skoolaktiwiteite.
- ✓ Aan die einde kom hy voor die keuse te staan of hy Dok Pienaar aan die polisie moet uitlewer en hoe hy teenoor sy pa moet optree.
- ✓ Eckardt se sterk emosies na sy pa se dood.

# Die struktuur van *onderwêreld*

**Het jy geweet?**

'n Rekenaar se *log file* stoor alle werk wat op 'n rekenaar se lêers gedoen is – dit is waarom *log-file* -hoofstukke die verlede hanteer; iets het klaar gebeur en word nou gestoor vir latere terugverwysings.

Die interessantheid van hierdie roman is dat die struktuur (die aanmekaarsit) van die storie aanpas by die proses van 'n rekenaar se aan- en afskakel. Aangesien die intrige grootliks op die proses van kuberkrakery fokus en 'n rekenaar die instrument is waarmee kuberkrakery gepleeg word, is hierdie aan- en afskakel-struktuur van *onderwêreld* baie effektief.

Die verhaal word geskryf soos wat 'n mens op 'n rekenaar en sy rekenaarprogramme werk: aan die begin van die boek is die proloog as't ware die aanskakel van die rekenaar. Die hoofstukke wat volg dien as die verskillende lêers waarop met inligting gewerk word en gestoor word en aan die einde (die epilooog) word die rekenaar afgeskakel.

Die verhaal bestaan uit afwisselende hoofstukke wat deur middel van 2 storielyne vertel word – een strorielyn word in die hede (die nou) vertel en die ander storielyn in die verlede.

Die onewe getal-hoofstukke speel af in die **hede**: dit word met 'n <h> aangedui en hanteer die geheimsinnige verdwyning van Eckardt se verdwyning en Greg se pogings om hom op te spoor.

Die ewe getal-hoofstukke speel af in die **verlede**: hierdie hoofstukke word met <h> Log File aangedui en hanteer die gebeure waar Eckardt vir Greg as kuberkraker oplei.

Hierdie twee storielyne loop uiteindelik in Hoofstuk 33 ("Eggo's") saam.

# Temas, subtemas en boodskappe

Temas kan **universeel** van aard wees – dit kan oor die algemeen van toepassing gemaak word. Temas kan ook **aktueel** van aard wees – dit is dan net van toepassing op die huidige tyd en plek wanneer die roman gelees word.

Die **tema** van 'n roman is die sentrale idee of hoofgedagte wat deur die verhaal loop en ontwikkel. 'n Tema is die **hoofrede** waarom 'n skrywer sy verhaal skryf. Dit is gewoonlik 'n sosiale probleem wat hy onder sy lesers se aandag wil bring.

Gewoonlik het 'n verhaal 'n hooftema met een of meer **subtemas**.

Die **boodskap** van 'n verhaal is gewoonlik die lewensles(se) of lewenswaarhede wat 'n leser uit die verhaal aflei.

Die **hooftema** wat in *onderwêreld* ter sprake is, is die wêreld van kuberkrakers en die manipulering van data.

Die volgende **subtemas** kan onderskei word:

**Verlies**: *onderwêreld* gaan grootliks oor skade en die verloor van dit wat belangrik is vir 'n mens.

- Eckardt verloor sy onskuld as 11-jarige wanneer hy op sy pa afkom waar hy wil selfdood pleeg.
- Greg verloor sy geliefde broer na wie hy opgesien het as held.
- Greg se ma ervaar die verlies van 'n kind en leef met die vrees dat sy nog 'n kind kan verloor as haar man se druk op hom toeneem. Sy behou uiteindelik tog haar kind, maar verloor haar man wanneer sy

betrokkenheid by die misdaad duidelik word. En natuurlik verloor Greg sy pa.

- Met Eckardt se verdwyning verloor Greg 'n vriend en spoor hulle vriendskap hom aan om op 'n spannende soektog te gaan waarin hy van sy waardes verloor en begin leuens vertel en ander vriendskappe afskeep.
- Greg vind ook uit hoe dit voel om respek te verloor wanneer hy nie meer as 'n leier gesien word nie, maar as 'n verloorder.
- Greg se afdaal na die onderwêreld gaan gepaard met 'n verlies aan waardes.
- Daar is sprake van 'n verlies aan vryheid in die ingehokte skoolgronde wat amper soos 'n tronk vir die leerders kan voel (bl. 151). En ook die gevolge wanneer jy gevang word vir kuberkrakery wanneer tronkstraf jou voorland kan wees.
- Verlies van sekuriteit kom na vore in die kraking van persoonlike inligting en stelsels. Ook die feit dat 'n leerder kan verdwyn by 'n elite privaat seunskool, beeld hierdie verlies aan veiligheid uit.
- Die karakters se byname en die aanneem van 'n ander persoonlikheid wanneer hulle sosiale manipulering toepas, dui op 'n verlies aan identiteit.

**Plaasvervangerskap**: Die term "plaasvervangerskap" verwys na die vervanging van een element met 'n ander.

In *onderwêreld* is daar ook talle verwysings na plaasvervangerskap:

- Die karakters vervang hulle name met byname wanneer hulle die kuberruim betree. Vir Eckardt het sy bynaam Ekk-0 ook 'n emosionele betekenis omdat dit sy wraakgedagtes weerspieël.
- Eckardt word 'n plaasvervanger vir John. Hy het dieselfde kyk in sy oë, hy is ook lief vir ekstreme sport, en hy het 'n soortgelyke stem.
- Hoofstuk 28 se titel is "Ek wens ek was jy". Hier word die uitruil van lewens beredeneer. Sal dit beter wees om in 'n ander persoon se skoene te staan?
- Greg moet 'n plaasvervanger word vir sy afgestorwe broer. Veral sy pa verwag nou van hom dat hy moet presteer om op te maak vir sy broer wat dit nie kon doen nie.
- Eckardt se wraak is niks anders as 'n plaasvervanger vir die pyn wat hy as kind moes verduur nie. Hy wil Greg se gesin verwoes om te vergoed vir sy eie pyn.
- Om sy sosiale manipuleringsaanval suksesvol te voltooi, moet Eckardt sy ou lewe (identiteit) vervang met 'n nuwe lewe (identiteit).
- Eckardt verander sy stemtoon wanneer hy met sosiale manipulering besig is.
- 'n Kunstenaarskets vervang foto's van Eckardt. Die een foto wat van hom op die strand geneem word, was onduidelik omdat hy weggekyk het.
- Plaasvervangerskap word ook sinoniem met misleiding. So verwys Eckardt herhaaldelik na homself as 'n "white hat"-kuberkraker. Later sê hy, hy is 'n "black hat" uit die onderwêreld.
- Eckardt vervang sy skootrekenaar en los 'n ander een in sy kamer wanneer hy verdwyn.

Witboordjiemisdaad verwys na die misdaad wat gepleeg word vir finansiële gewin. Dit is gewoonlik nie gewelddadig van aard nie en word baie keer deur groot sake-ondernemings gepleeg of deur mense wat in hoë posisies in maatskappye dien.

**Protes/opstand**: *onderwêreld* konfronteer die leser ook met die tema van protes/opstand. Die protes is in hierdie roman gemik teen sosiale kwessies soos die verafgoding van geld, die verlies van individualiteit en die uitbuiting van die samelewing.

Voorbeelde hiervan is:

- ❖ Greg se besef dat die wêreld van geld boos is.
- ❖ Ryk mense se ignorering van armes wanneer hulle na vakansieoorde ry.
- ❖ Ryk mense wat eerste gehelp sal word met entstowwe sou ’n epidemie uitbreek.
- ❖ Plank se veragtelike verwysing na die koop van posisies op die leerlingraad.
- ❖ Eckardt wat sê dat die seuns klone van hulle ouers word.
- ❖ TJ wat mense beskou as pionne wat geoffer kan word vir groter belonings.
- ❖ Plank en Eckardt se verwysings na breinspoeling van kinders in skole.

In *onderwêreld* kan 'n leser waarskynlik een van die volgende **boodskappe** (lewenslesse) aflei:

- ❖ wat soms na pynlike probleme lyk, kan geleenthede vir selfinsig en ontwikkeling wees.
- ❖ tieners mag ongerymdhede van volwassenes aanmeld.
- ❖ selfdood mag na 'n oplossing lyk, maar los baie probleme vir die wat agterbly.
- ❖ moenie deelneem aan die wêreld van misdaad nie.
- ❖ moenie verlei word om deel te neem aan die wêreld van kuberkrakery nie.

# Motiewe

‘n **Motief** is iets wat ‘n dieper betekenis dra as net die direkte verwysing daarna. Die algemene funksie van motiewe is veral om eenheid in ‘n verhaal se verskillende hoofstukke te skep. Verder dra dit ook by tot die proses van karakterisering, dit ontwikkel die intrige en skep spanning.

’n Motief is ’n element wat keer op keer in ’n roman gebruik word. Die element kan ’n voorwerp, insident of formule wees. Die motiewe ondersteun die temas en die boodskappe wat deur die roman aan die leser oorgedra word.

In *onderwêreld* word verskeie motiewe onderskei:

**Lig en donker**

Die leuse van Lawson Kollege is “Lig is die lewe vir die mensdom”. Dwarsdeur die verhaal word daar na lig en donker verwys. Die Trappers word in die Tonnel ingelaat. Hulle stemme eggo deur die donker tonnels. “En toe gaan doen hy so 'n stupid, stupid ding. Gordyne diggetrek. Pille op die bedkassie”.

**Onderwêrelde**

Om aan te sluit by die titel van die roman, kom die motiewe van onderwêrelde sterk na vore.





- Die ingehoktheid van die tonnel wat onderdeur die skool loop, gee 'n benoude gevoel en is simbolies van 'n vuil, stinkende onderwêreld onder die pragtige, moderne skoolgeboue.
- Die onderwêreld van geld word duidelik wanneer Greg besef dat dít die regte onderwêreld is. Dit is deurtrek met boosheid en erger as enigiets wat 'n kuberkraker kan aanvang.
- Die onderwêreld van kuberkrakers word telkens beskryf, o.a. met verwysings na die getal 2600 wat 'n belangrike getal is in hulle onderwêreld, die "taamlik bekende" LowVoltage wat in die onderwêreld van kuberkrakers beweeg en onbekende onderwêreldse krakers wat skielik hulle verskyning kan maak wanneer hulle uitgevang word.
- Die misterie en gevaar van die onderwêreld is Eckardt se lokaas om Greg in te katrol. Hy noem dit dan ook "Cyberspace se onderwêreld."
- Die onderwêreld van emosies word deurgaans belig waar Eckardt se pa beskryf word: "Hy kom stadig terug uit die donker onderwêreld." Dis ook duidelik in Greg se emosies na sy broer se selfdood, en sy gevoelens wanneer hy dieper in die rekenaar-onderwêreld wegsink.
- Die onderwêreld word gebruik om innerlike konflik uit te beeld wanneer Greg vasgevang voel tussen die onderwêreld en die bo-wêreld.
- Laastens haal die mens se magteloosheid teen die onderwêreld die wind uit Greg se seile wanneer hy besef: "Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou 'n graaf in die hand en moet jy dieper grawe. En dít is seker hoekom dit die onderwêreld genoem word …"


**Rituele/gebruike**

Rituele kom op die volgende maniere na vore in *onderwêreld*:

- Greg vind vastigheid in daaglikse rituele. Die omvergooi van hierdie rituele skep innerlike konflik by hom.
- Die Tonnel-ritueel behels die inburger van nuwe leerders by Lawson Kollege. Hierdie ritueel beïnvloed die seuns se hele skoolloopbaan. Onsuksesvolle Trappers word uitgewekenes.
- Daar is 'n verwysing na ou Boesmanrituele wanneer Greg en Eckardt op hulle rotstekeninge afkom.
- Eckardt beskryf die ritueel om 'n regte kuberkraker te word wanneer jy jou eie krakerprogramme begin skryf en bereid is om inligting te deel.
- Laastens is daar die ritueel van rou. Greg en sy ma worstel met skuldgevoelens wanneer hulle gelukkig is of lag. Greg se pa verbied hom om te huil oor John, maar uiteindelik begin hy hierdie rou-ritueel wanneer hy in die epiloog huil. Hy kan nou uiteindelik gesond word.



[www.techcrunch.com]



[www.offset.com]

**Eggo's**

Talle verwysings na eggo's kom voor in *onderwêreld*.

- ❖ Ekk-0 se naam
- ❖ Werklike eggo's wanneer Greg en Eckardt met perde teen die berg uitklim, hulle name uitroep en dit terugeggo.
- ❖ Die eggo van gebeure uit die verlede in die hede. Dit is die duidelikste in Eckardt se wraak.
- ❖ Die weerkaatsings van gesigte in winkel- of museumuitstalvensters kan gesien word as herhalings, of eggo's.
- ❖ Die antwoorde op vrae bly ontwykend in die proloog en word beskryf as eggo's uit die onderwêreld.

**Rykdom en armoede**

Greg merk telkens op hoe die lewenstyl van ryk en arm verskil.



[www.offset.com]

- ❖ Die rykmanskool, Lawson Kollege, se moderne geboue, lang waglys, ongeskrewe kriteria en verwysing na klasverskille word vroeg al aangebied.
- ❖ Plank verwys na die leerlingraadwapen op Greg se baadjie as 'n kwitansie vir die ou wie se pa die skool se begroting die grootste hupstoot kon gee.
- ❖ Greg sien homself as iemand van 'n hoër stand as die skool se terreinbestuurder wanneer hy sy pa se woorde gebruik en sê *Tom is nie hulle soort mense nie.*
- ❖ Greg se konflik met die onderwêreld van geld toon sy ontnugtering met rykdom.
- ❖ Greg verwys na rykmansmotors wat verby arm kinders ry op pad na duur vakansieoorde in die Drakensberg. Dit terwyl hy self vakansie hou in sy ouers se vakansiehuis in Jeffreysbaai.
- ❖ Geld "maak" die Owengesin en skeur hulle uiteindelik ook uitmekaar.

**Voëlgriep**

Voëlgriep vorm een van die motiewe wat aansluit by die tema van misdaad.

- ➢ Die nuus van Eckardt se verdwyning het soos 'n griepepidemie versprei.
- ➢ Die Sondagkoerant het 'n storie oor die "verdomde voëlgriepding" in plaas van 'n berig oor Eckardt se verdwyning.
- ➢ TJ en Plank praat weer oor die voëlgriep-onderwerp.
- ➢ Dok Pienaar, die Butcher, is deel van die beplanning om 'n nuwe virus te kweek wat hulle versprei om geld te kan maak uit die griepentstof wat hulle vervaardig.

# Styl

Die skrywer gebruik verskeie taalmiddele wanneer hy die storie skryf. Daarmee wil hy 'n bepaalde effek op sy lesers hê sodat hulle sy werk kan verstaan, geniet, waardeer en kan besluit of hulle van die storie gehou het of nie.
Aangesien *onderwêreld* kwessies aanspreek waarmee 'n leser elke dag kennis maak, is die styl in hierdie roman realisties sodat die leser deur middel van beelde en taalgebruik hierdie verhaal se gebeure as aktueel kan herken en hom/haar daarmee sal kan identifiseer.

# Toon en stemming

Toon en stemming is ***die atmosfeer*** of ***emosie*** wat in die roman heers.
In *onderwêreld* is daar deurgaans **'n *gespanne atmosfeer***. Greg en alles wat oor sy pad kom, maak die leser deel daarvan. Eckardt se verdwyning en die onsekerheid oor wat van hom geword het, verhoog hierdie gespanne atmosfeer verder. Daar is ook ***onderliggende spanning*** wanneer Greg se broer, John, ter sprake kom.

Daar is met tye 'n ***depressiewe atmosfeer***, soos wanneer John, Nicole en Eckardt se depressiewe gemoedstoestande geïmpliseer word.

Soms is daar wel 'n ***vrolike atmosfeer*** byvoorbeeld die aand van die koshuisbraai na die skool se rugby-oorwinning.

Aangesien die ander koshuisseuns nie werklik by die spanning tussen Greg en Eckardt betrokke is nie, is daar ***ook ligte en humoristiese oomblikke*** in die roman teenwoordig. Plank en TJ maak byvoorbeeld humoristiese opmerkings oor die voëlgriep.

Ander voorbeelde waar toon en stemming 'n spesifieke atmosfeer skep, is die volgende:

- ❖ In die **Proloog** word 'n stemming van ***vrees*** aangetref wanneer Eckardt na die studeerkamer stap en dink: “Dit is waar die vrees begin.”
- ❖ In **Hoofstuk 1** *Sluimerende grys selle, Polyfilla en ringtones* word **chaos** aangetref wanneer Greg verslaap en laat is vir skool.
- ❖ **Hoofstuk 2** *Die dag voor die laaste skooljaar begin,* skep 'n stemming van ***opwinding*** en ***afwagting***. “My laaste skooljaar het aangebreek. Jy dink dit kom nooit nie.”
- ❖ **Hoofstuk 3** *Boeke en Boggom* skep 'n stemming van **onsekerheid** omdat Eckardt verdwyn en niemand weet wat van hom geword het nie.
- ❖ In **Hoofstuk 4** *Die Tonnel* heers 'n stemming van ***opwinding*** (die matriekseuns by die Tonnel-ritueel) en ***vrees*** by die Trappers, “vanaand gaan jy bid dat jy die Tonnel oorleef.”
- ❖ In **Hoofstuk 9** *Sleeping beauty kry dinge aan die roer,* beleef Greg ***agterdog*** wanneer hy Nicole van Eckardt se verdwyning vertel.
- ❖ In **Hoofstuk 20** *Surfer dudes of surfer duds?* heers 'n **seksuele** stemming wanneer Greg vir Nicole belowe: “En dan is dit net ek en jy. Alleen. En later, dalk, op die strand …”
- ❖ In die **Epiloog** word 'n stemming van ***hartseer*** aangetref.

# Die verteller

Die roman se storie/gebeure/handeling moet op die een of ander manier aan die leser oorgedra word. Daarvoor maak die skrywer van 'n verteller en 'n spesifieke vertellersperspektief gebruik.

In hierdie roman maak die skrywer van 'n eerstepersoonsverteller of 'n ek-verteller gebruik om sy storie mee te vertel. 'n Eerstepersoonsverteller is altyd 'n karakter in die verhaal.

In *onderwêreld* is Greg Owen, die hoofseun van Lawson Kollege, die eerstepersoonsverteller/ek-verteller en die leser ervaar die intrige (alles wat gebeur) vanuit sy oogpunt en sy ervarings. Hy is 'n interne verteller, want hy vorm deel van die verhaal en is een van die karakters wat self betrokke is by die handeling en vir ons die verhaal vertel.

Eerstepersoonsvertellers het spesifieke voordele en nadele en die leser moet dus self besluit of die vertellersperspektief in 'n spesifieke verhaal vir hom/haar werk of nie.

Baie keer het die rol van die verteller ook 'n groot invloed op die toon en stemming wat in 'n boek heers.



Nadele van Greg as eerstepersoonsverteller:

As eerstepersoons-/ek-verteller kan Greg net vertel van dinge wat hy weet, waarneem en voel ("Die skril gelui van die selfoon bars by my ore in en ontplof binne-in my benewelde brein.")

Hy kan slegs ander karakters en hulle uiterlike handelinge waarneem, daarom kan hy nie die gevoelens en denke van die ander karakters gee nie.
Hy is ook gebonde aan tyd en plek en dit beteken dat hy nie weet wat in die toekoms gaan gebeur nie. Hy weet wat in die verlede gebeur het en hy beleef sy hede.

'n Eerstepersoons-/ek-verteller is egter die beste soort verteller wanneer 'n skrywer 'n karakter se emosies en gevoelens wil beskryf. Aangesien emosies 'n belangrike tema in hierdie roman is, kan 'n leser argumenteer dat die eerstepersoons-/ek-verteller 'n gepaste vertellersperspektief in *onderwêreld* is. 'n Leser kan dus ook makliker met die hoofkarakter identifiseer wanneer 'n eerstepersoonsverteller aan die woord is.

Die ander vertellersperspektief in hierdie roman is 'n derdepersoons- of eksterne verteller. Hierdie verteller is nie 'n karakter in die verhaal nie. In die kort proloog kry die leser 'n voorbeeld van hierdie soort verteller.

Voordele van Greg as eerstepersoonsverteller:

- Die leser leer Greg se emosies en gevoelens ken.
- Greg gee vir die leser sy eie ervarings rondom gebeure in die verhaal. Hy is soos 'n ooggetuie.
- Greg is subjektief betrokke by alle handelinge; daarom vervul hy die funksie van 'n geloofwaardige verteller wat die gebeure eerstehands aan die leser bring.

In *onderwêreld* tree die ek-verteller (eerstepersoonsverteller) ook dikwels as fokalisator op. Ons tref partykeer in die verhaal aan dat daar `n verskil is tussen die persoon wat in die verhaal sien (fokus = fokalisator) en die persoon wat die verhaal vertel (spreker/verteller). Hulle kan soms dieselfde persoon wees, maar nie altyd nie. Greg neem soms op sekere maniere dinge waar (kyk daarna) – dan tree hy op as fokalisator en lei hy die leser om sekere afleidings te maak omdat die leser vanuit Greg (fokalisator) se oë na dinge kyk en sý siening of standpunt oor ′n saak of karakter of gebeure gegee word.

# Kritiese taalbewustheid

Om krities bewus te wees van wat ’n teks werklik kommunikeer, moet jy vir eksamendoeleindes kennis van die volgende begrippe dra:

**Ironie**

Ironie is die woordgebruik waardeur die teenoorgestelde blyk van dit wat verwag word, asook situasies of omstandighede waarin die teenoorgestelde voorkom van wat verwag is.

Voorbeelde:

- Greg som Eckardt as ′n moeilikheidmaker op. Op die oog af lyk dit of Eckardt ′n alleenloper is wat ′n vyandige gesindheid teenoor die samelewing het, maar hy soek groter moeilikheid om Greg na die onderwêreld van kuberkraak te verlei.
- Eckardt bied vir Greg ′n bier aan en hy aanvaar dit, maar hy is die hoofseun en dit is teen die skoolreëls.
- Eckardt is ′n nuweling by die skool, maar word Greg se mentor, hy is die gids wat hom die onderwêreld van kuberkrakery binnelei.
- Dit is ironies dat die drie sakemanne, Dr. Pienaar, meneer Owen en die doktor, ′n kleuterrympie gebruik as kode vir hulle bose projek. ′n Mens assosieer ′n kleuterrympie met onskuld, maar hierdie projek het die potensiaal om baie lewens te eis.
- Greg vra vir Eckardt om hom te leer van kuberkrakery en Eckardt maak asof hy daaroor dink of hy hom sal leer, maar dit is presies wat hy beplan om te doen.

**Manipulerende taal**

Dit verwys na die tipe emosionele taalgebruik wat gemik is om ′n onregverdige voorsprong te kry of ander te beïnvloed, meestal op ′n onderduimse manier.

Voorbeeld:

Eckardt manipuleer Emily om haar persoonlike besonderhede vir hom te gee soos haar van, geboortedatum en wagwoord van haar selfoon.

**Stereotipering**

Dit is ’n idee wat mense van iets of iemand het met spesifieke karaktereienskappe omdat die persoon aan ’n spesifieke groep behoort. Gewoonlik word dit gebruik wanneer iemand veralgemeen.

Voorbeelde:

- ′n Ryk vrou is baie gelukkig. Greg se ma is die mediamagnaat se vrou, maar sielsongelukkig omdat sy eensaam is. Greg se ma het hom by die koshuis afgelaai die dag voordat die skool begin het, hom help uitpak en teruggery Johannesburg toe waar sy alleen gaan wees.
- ′n Vrou moet onderdanig wees aan haar man. Die stereotipe word duidelik in die verhouding tussen Greg se pa en sy ma. Wanneer Greg se pa hom maan om “ruggraat!” te kry, staan sy ma op en loop. Greg se ma sê vir hom tydens ′n telefoongesprek: “Ek bly maar uit sy pad. Ek het mos nou al geleer wanneer om terug te staan. Dis net … partykeer wil mens iemand hê om mee te gesels.”

**Vooroordeel**

Dit is wanneer daar ’n vooropgestelde idee/wanbegrip bestaan oor ’n spesifieke groep mense of ’n individu. Hierdie idee/wanbegrip berus gewoonlik nie op feite/kennis nie en is baie keer onredelik/vyandig.

Voorbeelde:

- ❖ Volgens Greg is daar ′n waglys om by Lawson Kollege in te kom. Die meerderheid name kwalifiseer nie vir die “ongeskrewe kriteria” nie, maar is daar om “ongewenste elemente” uit te hou.
- ❖ Greg sien Tom, die terreinbestuurder, nie as sy en sy familie se soort mense nie.

**Aanname**

Wanneer jy glo iets is waar, sonder enige bewyse. Dit is gewoonlik nuutverworwe opvattings wat nog nie bevraagteken of helder deurdink is nie.

Voorbeeld:

Greg se pa neem aan dat hy die skoolhoof se gesag ondermyn het en gee hom nie kans om te verduidelik nie.

**Geïmpliseerde betekenis**

Dit is ′n verskuilde boodskap wat nie direk in die teks uitgedruk word nie.

Voorbeeld:

Die eerste toets in kuberkrakery wat Greg doen, is “The idiot test”. Dit impliseer dat jy ′n idioot is as jy nie die basiese toets slaag nie.
Inspekteur Cele vra vir Greg “… was daar ooit iets meer tusen jou en Eckardt as vriendskap?”

# Hoofstukbesprekings met vrae en antwoorde

Lees die onderstaande algemene oorsig nadat jy die boek gelees het om seker te maak dat jy *onderwêreld* se storie verstaan.

Sonder ′n grondige kennis van die boek se inhoud sal jy dit moeilik vind om die opstelvrae goed te beantwoord. Hieronder volg ′n paar fokuspunte wat jy reeds onder die knie moet hê voordat jy na die dieper bespreking van die boek toe gaan.

- Die onderwêreld van kuberkrakery is die tema van die verhaal.
- Greg Owen is hoofseun van die elite skool – Lawson Kollege.
- Hy word vriende met Eckardt Wilken, ′n buitestander wat nie baie vriende het nie.
- Eckardt leer Greg om te kuberkraak.
- Greg se **kuberkrakery** laat hom in opstand kom teen owerhede, soos die skool, skoolhoof en sy pa.
- Eckardt verdwyn op geheimsinnige wyse.
- Greg word dieper in die onderwêreld ingetrek, totdat hy die korrupsie van sy pa en die skoolhoof ontrafel.
- In die proses verwaarloos hy sy skoolwerk, skeep sy vriende af en sy leierskap word in twyfel getrek.
- Aan die einde van die verhaal besef hy dat Eckardt hom geprogrammeer het om alles te doen wat hy wou hê.
- Greg sorg vir sy pa se ondergang en dit lei ook tot die arrestasie van die skoolhoof.
- Die verhaal het ′n baie nou verband met die nuutste tegnologie.
- Aan die einde besef Greg die omvang van sy optrede en die gevolge daarvan.
- Greg was Eckardt se grootste sosiale manipuleringsaanval.



[www.timeshighereducation.com]

**′n Opsomming van die intrige/storie**

Greg Owen is die hoofseun van Lawson Kollege, ’n elite privaat seunskool in die Drakensberg. In sy matriekjaar gebeur ’n vreemde ding: ’n nuwe leerder, Eckardt Wilken, word aanvaar by die skool. Greg en Eckardt stamp aanvanklik koppe, maar dan sien Greg iets van sy oorlede broer, John, in Eckardt. Hulle vyandskap verander in vriendskap.

Eckardt neem vir Greg in sy vertroue en vertel hom dat hy rekenaars en rekenaarstelsels kan kraak. Oor ’n tydperk van ses maande begin Eckardt vir Greg ook leer hoe om ’n kuberkraker te word. En dan, een Donderdag, verdwyn Eckardt spoorloos. Niemand weet wat van hom geword het nie. Greg sit skielik met ’n probleem. Hy moet die polisie en die skool help om Eckardt terug te kry, maar nie die skool óf die polisie mag uitvind dat hulle kuberkrakers is nie.

Greg begin leidrade kry wat die polisie sou miskyk tensy hulle weet waarna hulle soek. Die leidrade dui al hoe meer daarop dat Eckardt betrokke geraak het by iets waarby hy hom liewer moes uithou.
Uiteindelik vlek Greg die waarheid oop. Of altans só dink hy. Hy kom op inligting af wat daarop dui dat Lawson Kollege se hoof, doktor Alec Pienaar, by onwettige bedrywighede betrokke is.
Wanneer Greg tot verhaal probeer kom, maak Eckardt weer sy verskyning. Greg vind nou uit dat Eckardt se verdwyning beplan was en dat hy ’n social engineering attack op Greg en sy gesin uitgevoer het. Greg se eie pa is ook by die onwettige transaksie betrokke. Greg het dus onbewustelik sy pa ook verraai.
Eckardt se rede vir die aanval op Greg se gesin is dat Greg se pa jare gelede Eckardt se gesin op ’n soortgelyke wyse verwoes het. Eckardt se motief was dus wraak.

# Hoofstukopsommings

Op die volgende paar bladsye sal jy kort hoofstukopsommings kry wat jy kan gebruik om seker te maak dat jy die inhoud van elke hoofstuk onder die knie kan kry. Dit sal egter nie vir jou van veel waarde wees indien jy nie eers die boek self ′n paar keer gelees het nie. Na elke hoofstukopsomming volg ′n paar kontekstuele vrae waarmee jy jouself kan toets om te kyk hoe goed jy ′n spesifieke hoofstuk ken.

Kontroleer jou antwoorde met die nasienriglyne wat aan die einde volg.

**Proloog** (pp.38 – 42)

Die proloog word vanuit die derdepersoon se vertellershoek aangebied. ′n Onbekende geluid maak ′n elfjarige seun in die nag wakker. Hy weet nie of hy gedroom het nie, maar iets dwing hom om in die gang af te stap. Hy is bang, maar weet nie waarvoor nie. Hy hoor ′n geluid uit sy pa se studeerkamer en stoot die deur oop. Sy pa sit daar met ′n pistool in die hand, sy een vinger om die sneller. Sy pa lyk vir hom na ′n monster. Toe hy sy pa roep, druk sy pa die pistool in ′n laai. Hy vra die seun om dit wat hy gesien het, geheim te hou. Hy hoor nie sy naam toe sy pa vir hom nagsê nie; die naam “los op in die donker”. Jare later sou hy vir homself ′n ander naam kies, een “wat sê hoe dit voel om magteloos te wag vir antwoorde en net eggo’s uit die onderwêreld in ruil te kry”. Sy magteloosheid teenoor die vrees vir die dood word verwoord in die keuse van sy rekenaarnaam, Ekk-0. Met hierdie proloog skop die roman se spanningslyn af en leer ons die jong en ontvanklike Eckardt Wilken ken – as dit sy regte naam is.

- Die proloog begin met die rekenaarterm: ***sign on***. Die leser weet dus dadelik dat rekenaars ′n belangrike rol in die verhaal gaan speel.
- Die proloog sinspeel op die rede hoekom Eckardt by kuberkrakery betrokke geraak het, want die seun se naam word nie genoem nie, net aan die einde staan die woorde: ***Ekk-0***

***Kernaanhaling: “Sy pa sê sy naam, maar hy hoor dit nie. Sy naam los op in die donker. Verdwyn. Maar dit is goed so, want jare later sou hy vir homself 'n ander naam kies.”***

**Hoofstuk 1: Sluimerende, grys selle, Polyfilla en ringtones (43 – 46) Hede (Donderdagoggend)**

Die verhaal word nou vanuit die eerstepersoonsverteller se oogpunt vertel en die storie maak 'n TYD- en PLEKSPRONG. Greg Owen lê en slaap in sy koshuiskamer in die luukse privaatskool, Lawson Kollege, in die Drakensberge. Hy word wakker van die lui van sy selfoon. Dis Nicole, sy meisie, wat hom van 'n droom vertel. Sy wil ook Greg se versekering hê dat hy haar nie sal los na wat in Jeffreysbaai gebeur het nie. Greg dink dat sy hom met ander ouens verneuk en sê nie dat hy vir haar lief is nie, want hy vertrou haar nie. Hy is laat vir skool, ook vir sy diensbeurt by die graad agts, want sy vriend( Eckardt) het hom nie, soos gewoonlik, wakkergemaak nie. Wanneer Greg vir Eckardt hieroor wil konfronteer, kry hy hom nêrens nie, maar hoor sy selfoon in sy kas lui. By nadere ondersoek sien hy die naam G-4ce op die foon se skerm flits en jy sal agterkom dat die spanning in die verhaal verhoog.

- "Sluimerende" verwys na Greg wat nog om 07:15 slaap, want Eckardt het hom nie kom wakker maak, soos elke ander oggend, nie.
- ***Sluimerend kan egter ook verwys na Greg wat onbewus is van Eckardt se plan, maar ook sy sluimerende talent as kuberkraker.***
- Die "Polyfilla" verwys na die "stopwoorde" wat hulle albei gebruik. Daar is tye wat hulle nie weet wat om vir mekaar te sê nie. Dus gebruik hulle woorde wat niks beteken nie.
- G-4ce = Greg Force. Dit is Greg se skuilnaam as kuberkraker.

***Kernaanhaling: "'n Woord sonder veel betekenis, maar een waarmee jy stiltes kan volmaak. Iets om te sê as daar niks meer is om terug te sê nie."***

**Vrae: Hoofstuk 1**

1. Vanuit watter vertellerperspektief word die hoofstuk aangebied?
2. Waarna verwys die titel van hierdie hoofstuk?
3. Watter ooreenkomste en verskille kan tussen die begin van die proloog en die begin van die hoofstuk aangetoon word?
4. Watter ander betekenis sou "sluimerende" binne die konteks van die verhaal kon hê?
5. Waarom is dit betekenisvol dat Greg in die eerste paragraaf van die hoofstuk na sy ma verwys en haar op haar naam, "Rina", noem, terwyl hy nooit sy pa se naam noem nie?
6. Hoe word Nicole in hierdie hoofstuk gekarakteriseer?
7. Hoe word Greg se ma, Rina, gekarakteriseer?
8. Hoekom voel Greg ongemaklik wanneer Nicole hom oor Eckardt vra? (Verwys ook na hoofstuk 20)
9. Wat beteken die skool se leuse?
10. Wanneer Nicole vir Greg sê: "Love you, Greg. Altyd", is sy antwoord: "Selfde". Waarom verwys Greg na die woord as "Polyfilla"?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 1**

1. Eerstepersoonperspektief.
2. Greg wat lê en slaap. Die niksseggende vulwoorde in sy gesprek met Nicole. Die luitoon van Nicole se selfoon.
3.

| Begin van proloog | Begin van hoofstuk |
|---|---|
| ➢ Derdepersoonverteller | ➢ Eerstepersoonsverteller |
| ➢ Eckardt word wakkergemaak | ➢ Greg word wakkergemaak |
| ➢ Emosies, spanning, vrees | ➢ Emosies: lighartig, opgewonde verwys selfs na sirkusmusiek |

4. Greg is aan die slaap; hy is onbewus van Eckardt se planne OF dit verwys na sy talent as kuberkraker wat nog sluimerend is.
5. Hy het ′n goeie, liefdevolle, deernisvolle verhouding met sy ma en ′n ongesonde verhouding met sy pa.
6. Oppervlakkig, hou van flankeer, op die seksuele ingestel, onseker van Greg se gevoel vir haar.
7. Sy voel skuldig as sy lag – voel dis nie reg om weer gelukkig te wees na John se selfdood nie.
8. Hy vertrou nie vir Nicole nie. Hy vermoed sy verneuk hom met ander ouens (heel moontlik ook met Eckardt toe hulle in Jeffreysbaai vakansie gehou het).
9. Lig is die lewe vir die mensdom.
10. Dit beteken nie veel nie. Dis net woorde waarmee jy die stiltes kan volmaak.

**Hoofstuk 2: Log File: Die dag voor die laaste skooljaar begin (47 – 53) Verlede**

Greg se ma neem hom in Januarie terug na Lawson Kollege in die Drakensberge vir die nuwe skooljaar. Dit is sy laaste skooljaar by die “beste skool in die land” waarvan hy ook dié jaar hoofseun sal wees. Sy pa was die vorige aand ontevrede omdat Greg nie `n spesifieke plan vir sy finale skooljaar het nie. Lawson Kollege is `n skool vir “die super-rykes se seuns” en volgens die skoolhoof, dr. Alec Pienaar, `n plek waar sakeleiers van die toekoms gekweek kan word. Ons ontmoet ook die skool se adjunkhoof, Pete Andersen, `n gemoedelike en vriendelike man. Kwanele Twala, die onderhoofseun, lig Greg in oor ′n VRL-vergadering daardie aand. Greg is ontsteld dat Kwanele dit gereël het terwyl dit eintlik die hoofseun se plig is. Mark Gibbons, alias Plank, sê dat die jaar gou sal verbygaan; hulle kan dan die plek se stof van hulle voete afskud. Greg is geïrriteerd met sy ma wat wil help om sy tasse te dra, maar besef sy is “eintlik baie nice”. Hy kry haar jammer dat sy bedags so alleen in hul groot huis in Johannesburg is. Terwyl sy ma die uitpakwerk doen, verken Greg die boonste verdieping waar net die matrieks woon. Greg vat jou as leser dus op ′n toer waar hy jou aan die koshuis bekendstel (die ontspanningskamer met spesifieke verwysing na die 5 rekenaars, word later belangrik in die verhaal). Hy sien ′n vreemde gesig en “ruik” sommer dit is `n nuweling. Dis Eckardt, ′n ou met ′n houding wat uitgesorteer moet word. ′n Verdere bydrae tot die intrige is wanneer ons agterkom dat daar iets met Greg se gesin gebeur het wat hulle emosioneel geknak het. Ons kom ook agter dat daar wrywing tussen Greg, hoofseun, en Kwanele, onderhoofseun is.

- Sy pa is die hoof van Turret Media, die magtige mediamasjien.
- Hy het baie ambisies vir homself en vir Greg.
- Lawson Kollege is ′n superryk skool met:
  - ✓ perdestalle
  - ✓ talle sportvelde

- ✓ heelwat koshuise (*wat vernoem is na baanbrekers soos Einstein, da Vinci, ens.)*
- ✓ lugreëlings in die kamers
- ✓ plasmatelevisies in die sitkamers
- ✓ yskaste in elke kamer

***Kernaanhaling: Thomas Lawson het 'n droom gehad: '[ja, wragtig, dit was Thomas se eie woorde]' … teelaarde te skep waarin die sakeleiers van die toekoms gekweek kan word."***

**Vrae: Hoofstuk 2**

1. Waarop dui die bewoording "Log File" in die hoofstuknaam?
2 Watter grens steek Greg en sy ma met die motor oor?
2.1 Kan die oorsteek van die grens ook simbolies gesien word?
3. Gee 'n voorbeeld van die terugflitstegniek op bl.47.
4. Beskryf die verhouding tussen Greg en sy pa.
5. "Ruggraat! Kry een! Nie soos…"
5.1 Greg se pa maak nie sy sin klaar nie. Wat is die doel hiervan?
5.2 Na wie verwys Greg se pa?
5.3 Hoe reageer Greg se ma oor haar man se uitbarsting?
6. Wie is Kwanele Twala? Beskryf sy verhouding met Greg.
7. Gee 'n kort beskrywing van Mark Gibbons. (Plank)
7.1 Wat dink jy bedoel hy met" vriendelik–verpligte breinspoeling"?
8. Sou jy Greg en Eckardt se eerste ontmoeting as vriendelik en positief beskou? Motiveer.
9. Gee 'n kort beskrywing van Eckardt.
10. Waarom vind Greg dit vreemd dat 'n nuwe leerder in sy matriekjaar by die skool aankom?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 2**

1. Hoofstuk 2 speel af voor die vorige hoofstuk waarin Eckardt weggeraak het. 'n Log File teken 'n rekenaar se gebruikergeskiedenis aan. Die skrywer gebruik hierdie term om iets wat in die verlede gebeur het, te vertel.
2. Die grens tussen die Vrystaat en Kwazulu–Natal.
2.1 Ja, 'n nuwe skooljaar het aangebreek. 'n Nuwe fase in Greg se lewe: sy matriekjaar waarin hy ook die hoofseun van Lawson Kollege is.
3 Die terugflits na sy ontmoeting met Eckardt in Januarie / die terugflits na sy gesprek met sy pa die vorige aand.
4. Dit is gespanne. Hulle verhouding is koud, liefdeloos, onbetrokke. Sy pa verwag te veel van hom en sit verskriklik baie druk op hom om te presteer.
5.1 Dit skep afwagting. Daar is iets rakende die gesin wat ons nie weet nie. Dit gaan 'n invloed op die res van die verhaal hê.
5.2 John, Greg se ouer broer, het selfdood gepleeg.
5.3 Sy staan op en loop weg.
6. Hy is onderhoofseun en hulle kom nie goed oor die weg nie. Kwanele sal bv. vergaderings reël wat eintlik Greg se plig as hoofseun is.
7. Hy is 'n tawwe voorryspeler en is ook baie slim. Meestal 'n glimlag op sy gesig omdat hy onder die invloed van dwelms is.'n Moontlike rebel – breinspoeling opmerking.
7.1 Hulle moet skoolgaan om te leer dink soos wat hulle onderwysers wil hê hulle moet dink.
8. Nee, want Greg sien hom as 'n moeilikheidmaker, maar hy en sy pelle sal hom vinnig uitsorteer.

9. Donker hare en wenkbroue, ongeskeer en strak oë.
10. Dit gebeur nie maklik nie omdat die skool 'n waglys het. Greg reken Eckardt se pa het baie belangrike kontakte om so iets te kon regkry.
    Hy sal hom uitsorteer. Hy sal sorg dat Eckardt van sy hardegathouding ontslae raak.

**Hoofstuk 3: Boeke en Boggom (54 – 57) Hede (Donderdag)**

Die selfoon in Eckardt se kas lui. Greg is bekommerd omdat Eckardt nie in sy kamer is nie. Sy selfoon en laptop is daar, sy bed is opgemaak, maar sy hardloopskoene is weg. Teen pouse is daar nog geen teken van Eckardt nie en hy gaan kyk weer in Eckardt se kamer. Greg beskryf Eckardt as 'n intense ou wat onder andere van goed soos kwantumteorieë, binêre syfers en Qubits weet. Volgens hom kry hy al die kennis van lees. Eintlik is Eckardt `n *cool* ou en het Greg iets van sy broer in hom gesien. Die wiskundeonderwyser, meneer Bill Eden (Boggom), wil weet waar Eckardt is en toe niemand hom kan antwoord nie, gaan hy uit om te gaan navraag doen. Plank dink dat Eckardt se ouers hom dalk in die nag kom haal het oor 'n krisis by die huis. Greg hoor by Boggom dat die adjunkhoof kennis neem van die voorval. Eckardt se verdwyning bly by Greg spook. Sy selfoon en sy *laptop* is nog in sy kamer. Hoekom sou hy dit daar gelos het?

- Hy sien die boek oor depressie in Eckardt se kamer en wonder daaroor.
- Die titel verwys ook na die baie boeke wat Eckardt lees.
- Eckardt laat hom aan sy broer, John, dink.
- Die skool se reaksie op Eckardt se verdwyning is vir Greg onaanvaarbaar, want hulle neem kennis daarvan, maar doen niks nie, aangesien dit al vantevore gebeur het en verder beskerm hulle die skool se naam.

**Kernaanhaling: "Op pad na die volgende klas, spook die ding nog by my. Eckardt se selfoon het nog in sy kas gelê. En sy *laptop* staan ook nog in sy kamer. Sou hy dit gelos het as hy saam met sy pa-hulle weg is?"**

**Vrae: Hoofstuk 3**

1. Wat lei Greg af uit die feit dat Eckardt se hardloopskoene nie in sy kas is nie?
2. Het Eckardt slegs soggens gaan draf? Motiveer jou antwoord.
3. Watter teorie het Eckardt rakende rekenaars gehad?
4. Lees bl. 55 -56.

4.1 Greg beskryf Eckardt se karakter vanuit sy eie perspektief.
Noem TWEE VERSKILLE tussen Eckardt en die res van die ander seuns by Lawson Kollege.
4.2 Noem DRIE dinge wat Eckardt as BUITESTANDER uitbeeld.
4.3 Waarom dink jy lees Eckardt 'n boek met die titel *Depression*?

5. Stel Greg meer in skoolwerk of in sport belang? Motiveer.

5.1 Hoekom is dit dan vir hom belangrik om so hard te werk?

6. Waarom oorval 'n skuldgevoel vir Greg in die hoofstuk?

6.1 Hoe "eggo" die gebeure in hoofstuk 2 nou Greg se skuldgevoel?
6.2 Hoekom het Greg se siening van Eckardt verander?

7. Waarom noem die seuns die wiskundeonderwyser "Boggom"?
8. Plank is nie net verslaaf aan dwelms nie. Waaraan is hy ook verslaaf?
9. Wat is Plank se verklaring vir Eckardt se afwesigheid?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 3**

1. Dit maak hom bekommerd, want dit beteken dat Eckardt nog nie terug is van sy oggenddraf nie.
2. Nee, hy het soms in die middae ook gaan draf.
3. Rekenaars werk met die binêre syfers 0 en 1 terwyl kwantumrekenaars dit gelyktydig kan voorstel. Hy sê Qubits gaan nog eendag ′n groot invloed op die rekenaarwêreld hê.
4. Eckardt: Hy is baie slim, weet baie van rekenaars en kuberkrakery. Die ander seuns in die skool weet nie veel van rekenaars af nie. Eckardt lees baie en het ′n baie goeie algemene kennis. Greg lees nie, hy speel eerder rugby.

4.1 Hy lees omdat hy meer wil weet en dieper na dinge wil kyk.
Hy sosialiseer nie graag nie, gaan bv. nie na partytjies toe nie.
Hy neem nie deel aan skoolaktiwiteite nie, hy hou homself eenkant en onbetrokke.
Hy ly moontlik aan depressie a.g.v. sy donker verlede en donker hede.
Hy stel meer belang in sport – hy is nie eintlik ′n leser nie. Hy lees net as hy verveeld is.

4.2 Hy het waarskynlik self aan depressie gely weens die trauma wat hy deurgegaan het. /Hy het die boek as ′n riglyn gebruik om Greg te manipuleer omdat hy gedink het Greg ly aan depressie.

5. Hy het aanvanklik albei aktiwiteite as belangrik geag. Sy belangstelling in hacking het daartoe gelei dat hy beide begin afskeep het.

5.1 Sy pa sit baie druk op hom om te presteer. Tweede beste is nie goed genoeg nie.

6. Hy was amper die persoon wat dinge vir Eckardt moeilik gemaak het toe hy by die skool aangekom het. Hy het hom ook soos ′n Trapper behandel.

6.1 Hoofstuk 2 eindig waar Greg vir Eckardt as ′n moeilikheidmaker sien en dat hy hom gaan uitsorteer/ regruk. Nou, in hoofstuk 3 voel hy skuldig daaroor, al het dit maande terug al gebeur.

6.2 Hy sien iets in Eckardt wat hom aan sy broer, John, herinner en hy dink ook Eckardt is ′n *cool* ou.

7. Hy lyk soos een van die Drakensberge se bobbejane.
8. Aan sepies.
9. Hy sê daar is probleme by die huis en dat sy ouers hom deur die loop van die aand kom haal het.

**Hoofstuk 4: Log File: Die Tonnel (58 – 63) Verlede**

Greg maak die eerste keer kennis met Eckardt. Die eerste skooldag van die jaar is vir Greg soos `n lang, vervelige fliek. Plank verwys na die hoofseun, die onderhoofseun en die VRL-lede as die “uitverkorenes”. Greg, as hoofseun, moet die voorbeeld stel deur vroeg op te staan, maar hy het Kwanele aangesê om die Trappers (graad agts) uit die bed te kry. Die skoolhoof, doktor Alec Pienaar, lewer dieselfde toespraak as die vorige jaar, maar kondig dan aan dat dit sy laaste jaar by die skool gaan wees, want hy moet na private sakebelange omsien. Die gewone administratiewe take word deur die dag afgehandel en die nuwe onderwysers, Niel Manson en Jennie Lombard, kry gou byname. ′n Ingekontrakteerde atletiekafrigter dril die atlete die middag vir die komende atletiekseisoen. Alle Trappers vrees die Tonnel, die inlywingsritueel by Lawson Kollege. Die matrieks maak die Trappers in die nag wakker en jaag hulle deur die skool se ondergrondse tonnels, ′n ritueel wat elke graad agt vrees. Dit is Greg se voorreg om die leiding in hierdie ontgroening te neem. Met al 48 Trappers in die mangat in, besef Greg dat Eckardt ook ′n nuweling is en dat hy hom mos kan sagmaak in die Tonnel. ′n Gestoei vind plaas voordat die

manne Eckardt in die mangat laat afsak. Greg stop alles en trek Eckardt uit die gat. Hy het ′n uitdrukking in Eckardt se oë gesien wat hom aan sy broer, John, herinner. Kwanele is nie gelukkig hieroor nie. Dok Pienaar gaan ook met rukke weg wees en dan gaan die adjunkhoof tydelik die leisels oorneem.

***Kernaanhaling: "Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies soos my broer s'n"***

**Vrae: Hoofstuk 4**

1. Hoe ervaar Greg die eerste skooldag van sy matriekjaar?
2. Wie maak vir Greg in hierdie hoofstuk wakker?
3. Wie se plig is dit om die graad 8's uit die bed te kry?
4. Plank se rebelsheid kom weer hier na vore. Verduidelik en motiveer.

4.1 Hoekom laat Plank se woorde vir Greg skuldig voel?

5 Na watter belangrike afkondiging deur doktor Alec Pienaar luister Greg nie behoorlik nie?

6. Watter waarskuwings en dreigemente kry die matriekseuns deur die loop van hul eerste dag?
7. Wat moet jy weet as jy jou vuil skoolskoene politoer vir jou eerste dag in graad 8 by Lawson Kollege?
8. Hoekom bestempel Greg vir Eckardt ook as ′n Trapper?

8.1 Hoe reageer Eckardt wanneer hy geblinddoek en in die rondte gedraai word?

8.2 Wat gee daartoe aanleiding dat Greg die opdrag gee dat Eckardt nie in die tonnel afgestuur moet word nie?

8.3 Hoe reageer die ander seuns hierop?

8.4 Steur Greg hom aan hulle besware? Motiveer.

8.5 Wie trek/help vir Eckardt uit die mangat?

9. Verduidelik die WENDING wat die verhaal neem met die Tonnel–ritueel.

**Nasienriglyn: Hoofstuk 4**

1. Soos ′n lang, vervelige/*boring* fliek.
2. Plank
3. Dit is Greg se plig, maar hy stuur vir Kwanele – die onderhoofseun.
4. Hy noem speels dat die VLR die uitverkorenes is, want hulle verkiesing was ′n blote saketransaksie tussen hulle ouers en die skool. Die VRL–wapen op ouens soos Greg se baadjies is die kwitansie.

4.1 Plank gee slegs sy waarneming van die werklikheid (van gesag en mag).

5. Dit is sy laaste jaar as skoolhoof. Hy gaan nou na sy private sakebelange omsien en sal die jaar nie altyd by die skool wees nie.
6. Matriek is nie speletjies nie en hulle moet vergeet van meisies en rekenaarspeletjies.
7. Jy gaan vanaand bid dat jy die Tonnel gaan oorleef.
8. Hy is ook ′n nuweling, al is hy in graad 12.

8.1 Hy draai sy lyf en stamp Greg se hande weg.

8.2 As die blinddoek van Eckardt se oë afskuif, herinner die kyk in Eckardt se oë vir Greg aan sy broer, John.

8.3 Hulle is kwaad en ontevrede met sy optrede, veral Kwanele wat hom vra of hy mal is.

8.4 Nee. Hy weier dat hulle weer vir Eckardt in die Tonnel indwing.

8.5 Greg

9. Greg sien Eckardt eers as 'n moeilikheidmaker, maar nadat hy iets van sy broer, John, in hom sien, verander sy houding en hy red self vir Eckardt uit die Tonnel.

**Hoofstuk 5: Die soektog en gerugte van selfdood (64 – 67) Hede (Vrydagoggend - die oggend van Eckardt se verdwyning)**

Die dag na Eckardt se verdwyning verskyn die nuus oor die verspreiding van voëlgriep op die televisie. Die hele matriekklas, onderhoof en onderwysers moet help soek na Eckardt. Hul fynkam die skoolgronde in groot geheimhouding. Die skool maak staat op hul integriteit; hulle mag ook nie hul ouers daaroor inlig nie. Gerugte van 'n selfdoodpoging doen skielik die rondte. Dit ontstel Greg omdat sy broer, John, ook selfdood gepleeg het deur 'n oordosis pille te drink. John was Greg se held en hulle twee het alles saam gedoen. Vir hom voel dit asof hy nie die eerste keer met John se selfdood 'n les geleer het nie; nou kom dit weer oor sy pad. Sy pa het hom destyds verbied om oor sy broer te huil en hy wonder nou hoe jy mens kan wees sonder 'n koeëlvaste baadjie om jou teen pyn en hartseer te beskerm. Die dag gaan stadig om en teen die aand het hulle nog niks gevind nie. Greg se ma kom met hulle telefoongesprek agter dat alles nie pluis is nie. Hy ontken dit, maar hy vertel nie aan sy ma dat Eckardt weg is nie, maar dat hy wel vandag aan John gedink het.

**Vrae: Hoofstuk 5**

1. Watter dag van die week het Eckardt verdwyn?
2. Watter belangrike nuus word deur die televisie aangekondig?
3. Wat het die skool gedoen om Eckardt se verdwyning te probeer oplos?
4. Wat het Dok Pienaar hulle verbied om te doen? Wat was sy motivering?
5. Watter gerugte doen tydens die soektog na Eckardt die rondte?
6. Waarom ontstel die gerugte vir Greg?
7. Van watter sport het John gehou?
8. Wat het van Greg ook 'n gevaar-junkie gemaak?
9. Watter les dink Greg wil die lewe hom leer deur hom moontlik in dieselfde situasie te plaas as destyds?
10. Wie bel vir Greg net voordat hy gaan stort?

10.1 Is Greg eerlik oor dit wat hom werklik pla? Motiveer jou antwoord.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 5**

1. 'n Donderdag
2. Die voëlgriepvirus wat in die Ooste begin het, het na Europa en die noorde van Afrika versprei.
3. Die matrieks word in groepe verdeel om die skoolterrein te deursoek.
4. Hulle mag nie met die ander leerders of hulle ouers daaroor praat nie. Hy wil nie hê die mense moet die skool in 'n slegte lig sien nie.
5. Dat Eckardt selfdood gepleeg het / daar is 'n selfdoodbrief gevind.
6. Ou, weggesteekte gevoelens kom weer by Greg op: die selfdood van sy broer,
7. John het van ekstreme sport gehou.
8. Ekstreme sport soos rotsklim, 'white water rafting" en bungee-spring.
   Die adrenalienversnelling wat hy saam met sy broer ervaar het as hulle aan die ekstreme sport deelgeneem het.
9. Hoe om 'n mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n koeëlvaste baadjie wat jou teen pyn en hartseer beskerm.
10. Sy ma

10.1 Nee, want hy sê vir sy ma hy is hartseer omdat hy aan John gedink het. Hy vertel haar niks van Eckardt se verdwyning en moontlike selfdood nie.

**Hoofstuk 6: Log File: Lux hominum vita (68 – 71) Verlede (eerste skooldag en ʼn paar dae later)**

Dit is tyd vir die Trappers om by die mangat naby die koshuis te verskyn. Die seuns wag in spanning vir die "eerste bleek vingers" om oor die rand van die mangat te verskyn. Kwanele trek die seun uit en die verwelkomingsritueel volg. Greg gee die Trapper die Lawson Kollege-handdruk, haal die flitsliggie uit sy sak en groet hom met "Lig is die lewe vir die mensdom". Die doek wat oor sy oë was, hang nou los om die nek en dien as herinnering dat hulle daar is om mekaar te help. Die ander seuns sing die skoollied deur die venster. Die ses seuns wat dit nie teen hierdie tyd deur die tonnel gemaak het nie, sal nie permanente skoliere van die skool word nie. Hulle sal gebrandmerk wees en die res sal hulle lewe by die skool hel maak, totdat hulle self besluit om te gaan. Greg kondig aan dat hy na die ses gaan soek en Eckardt bied aan om te help. Dae later kom Eckardt na Greg se kamer en vra of hy die gevare van die internet ken. Dit is duidelik dat Eckardt baie van die internet en rekenaars weet. Hy nooi Greg na sy kamer waar hy vir hom `n bier aanbied. As hoofseun is Greg veronderstel om die gebruik van alkohol te rapporteer, maar besluit daarteen. Dit is Greg se eerste stap na die onderwêreld. Eckardt vra heel onverwags vir Greg of hy al `n rekenaar gekraak het.

**Kernaanhaling: "Eckardt trek sy skouers op: Seker nie so erg nie, maar wat dink jy maak ek hier? Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's"**

**Vrae: Hoofstuk 6**

1. Wat beteken: "Lux hominum vita"?
2. Wat is die ritueel soos die Trappers uit die mangat kom?

2.1 Wat is die ironie en simboliek verbonde aan die flitsliggie?

2.2 Wat is die simboliek verbonde aan die blinddoek en die flitsliggie?

2.3 Hoe pas die flitslig by die skoolleuse?

3. Wat gebeur met onsuksesvolle Trappers?
4. Wie help vir Greg om die 6 seuns wat in die waterpype verdwaal het, te gaan soek?
5. Waarmee is Greg besig wanneer Eckardt in sy deur kom staan?
6. Verduidelik die kernaanhaling soos aan die einde van die opsomming.
7. Waarteen waarsku Eckardt vir Greg?
8. Hoe weet ons Eckardt het ʼn rebelsheid in hom?
9. Verduidelik die simboliese betekenis van die verbode bier in die yskas.
10. Watter onheilspellende vraag vra Eckardt vir Greg aan die einde van die hoofstuk?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 6**

1. Lig is die lewe vir die mensdom.
2. Die geheime Lawson-handdruk en die flitsliggie wat uit die trapper se eie baadjiesak gehaal word, word aan hom gegee.

2.1 Hulle het die flitsliggie wat hulle in die donker tonnel kon gehelp het, in hulle sakke gehad, maar hulle het dit nie geweet nie.

2.2 Hulle is hier om mekaar te help.

2.3 Die flitslig sal die Trappers help om hulle pad deur die donker tonnel te vind. Dit is ook ʼn simboliese hulp vir die donker wat in hulle lewe op hulle mag wag, want die leerders en oudleerders sal mekaar kan help, nou en in die toekoms.

3. Die flitslig word sonder dat hy weet, weggeneem, asook sy blinddoek. Hy word nooit deel van die groep nie en verlaat gewoonlik die skool.
4. Eckardt
5. Besig op sy *laptop* / "surf" op die internet

6. Die skool breinspoel hulle om presies soos hulle pa's te word. Hulle mag ook niks bevraagteken nie – moet optree volgens voorgeskrewe reëls.
7. Teen "surfing" op die internet en aankope op onveilige webblaaie.
8. Hy hou bier in sy yskas aan.
9. Dit is amper soos verbode vrugte. Van hier af word Greg geleidelik in die onderwêreld (verbode terrein) ingetrek. Die bier kan gesien word as ′n "onskuldige" begin van rebelsheid.
10. Hy vra of Greg al ′n rekenaar probeer "hack" (kraak) het.

**Hoofstuk 7: Die pion gooi sy toys uit die cot (72 – 77) Hede (Saterdagoggend)**

Teen Saterdagoggend weet die hele skool van Eckardt se verdwyning en vreeslike stories oor wat met hom gebeur het, doen die rondte. Greg probeer dit keer, maar sy pogings is tevergeefs. Greg sien neer op die terreinbestuurder wat, volgens sy pa, nie hulle soort mense is nie. Hy dink weer aan Eckardt se opmerking dat hulle klone van hulle pa's is. Greg is kwaad omdat die skool die sportdag teen Durban Boys High laat voortgaan asof daar niks gebeur het nie. Ter wille van die skool se beeld word daar geen woord oor Eckardt se verdwyning gerep nie. Volgens TJ, wat `n strategiese geaardheid het en die groot skaakspeler is, is hulle net pionne en vervangbaar. Dok Pienaar versoek die seuns weer om Eckardt se verdwyning stil te hou en hul hart en siel in die wedstryd uit te speel. Greg is moeg vir die voorgee en daag die hoof uit toe hy na Eckardt as 'n droster verwys. Óf die skool doen dadelik iets aan die saak, óf hy speel nie die wedstryd nie. Dok Pienaar laat hom nie afpers nie en sê dat hy hom met ′n ander vleuel kan vervang. Hy stuur Greg terug en hy gaan na die "verlate en pynlik stil" koshuis. Greg se karakter wys `n krakie wanneer hy twyfel oor sy leierskap omdat niemand hom teen Dok ondersteun nie. Hy lig die media in van Eckardt se verdwyning deur `n anonieme e-pos aan hulle te stuur. Hierdie optrede beloof om ′n waterskeidende besluit te wees, wat Greg se ondergang aanhelp. Greg weet dat hy nou aan sy pa verantwoording moet doen. Die woorde *toys* en *cot* verwys na Greg, wat as mindere lid van die skool, sy ontevredenheid teenoor Dok Pienaar uitspreek, omdat die skool nie veel doen om Eckardt op te spoor nie.

**Kernaanhaling: "Jy moenie vergeet nie, Greg, sê hy, ons ouens is pionne, jy lyk nes die pion langs jou. Heeltemal vervangbaar."**

**Vrae: Hoofstuk 7**

1. Na wie verwys die "pion" in die titel? Waarom?
2. Het die skool se versoek dat niemand ′n woord mag rep oor Eckardt se verdwyning nie, gerealiseer?
3. Wat vertel die graad agt-seun vir Greg in Da Vinci se eetsaal? Wat is Greg se reaksie hierop?
4. Wat is vir Greg die simboliek verbonde aan Eckardt se wit, toe kamerdeur? Hoekom juis dié beeld?
5. Waarom is Greg kwaad dat daar ′n rugbydag gehou word?
6. Waarmee vergelyk TJ die seuns in Lawson Kollege?

6.1 Vergelyk TJ se skaak beeld met Eckardt se siening van pa's en seuns.

6.2 Hoekom, volgens TJ, sal iemand jou in ′n skaakspel offer?

7. Watter verklaring probeer Dok Pienaar vir Eckardt se verdwyning gee?
8. Daar vind konflik tussen Dok Pienaar en Greg plaas. Watter stelling het Greg kwaad gemaak?
9. Watter ultimatum stel Greg aan Dok Pienaar? Was dit geslaagd? Motiveer.
10. Tot watter besluit, kom Greg wat groot gevolge vir die skool kan inhou? Hoe tref hy voorsorg dat hy nie uitgevang word nie?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 7**

1. Greg. Hy word vergelyk met die skaakstuk wat gemanipuleer word.
2. Nee, want die nuus het onder die leerders versprei.
3. Dat Eckardt homself aan ′n boom opgehang het (selfdood gepleeg). Greg dreig hom en sê hy moet dit nie herhaal nie.
4. Die kamerdeur herinner hom aan ′n grafsteen, herinner hom aan John se selfdood.
5. Hy is kwaad dat alles voortgaan asof niks gebeur het nie.
6. Met pionne op ′n skaakbord – maklik vervangbaar en kan maklik geoffer word.

6.1 Dok Pienaar sê byvoorbeeld vir Greg hy kan maklik as vleuel vervang word. Eckardt sê seuns is klone van hulle pa's. TJ sê hulle (die seuns) is pionne en dat jy nes die pion langs jou lyk, só lyk jy ook na jou pa, en jy is heeltemal vervangbaar.

6.2 Vir ′n beloning of om die spel te wen.

7. Dok Pienaar sê Eckardt het gedros.
8. Hy sê dat Eckardt gedros / weggeloop het.
9. Greg sal nie sy voet op die rugbyveld sit as die skool nie daadwerklik aandag aan Eckardt se verdwyning gee nie. Nee, want Dok Pienaar sê hy laat hom nie dreig nie en daar is ander spelers wat Greg se plek in die span kan inneem.
10. Hy sal die media anoniem, per e-pos, in verband met Eckardt se verdwyning, kontak. Hy sal een van die fiktiewe e-posadresse waarmee Eckardt hom gehelp het, gebruik.

**Hoofstuk 8: Log File: Onderwêreld (78 – 81) Verlede (vroeg in die skooljaar)**

′n Paar dae ná die tonnel-seremonie met die Trappers, vra Eckardt vir Greg of hy al `n rekenaar "gehack" het. Eckardt lei Greg die onderwêreld van die kuberkrakers binne toe hy Greg by *Cyberspace* se onderwêreld innooi. Vir Greg is dit `n nuwe soort ekstreme sport, soos dié waaroor sy broer, John, mal was en dit laat hom meer met Eckardt identifiseer. Greg sien hoe Eckardt deur ′n reisagentskap se webwerf in ander maatskappye s'n inkom. Greg hoor van Zyklon, ′n negentienjarige, wat die White House in Amerika se rekenaarstelsel binnegedring het. Daar is ′n verskil tussen *hackers* en *crackers*. *Crackers* is dié wat data uitwis en inligting steel terwyl *hackers* meer uit nuuskierigheid in die "onderwêreld" rondspeel. Kuberkrakers lewer ook `n positiewe bydrae, omdat hulle maatskappye dwing om hulle rekenaarstelsels te beveilig. Greg is opgewonde oor hierdie nuwe "speletjie" en hap onbewus aan die gevaarlike lokaas wat Eckardt aan hom voorhou. Hy vra vir Eckardt om hom te leer om ook ′n kuberkraker te word. Op dié wyse gly Greg nog ′n ent verder die onderwêreld binne.

Die adrenalien-*rush* van *hacking* laat Greg terugdink aan John en sy liefde vir adrenaliensport.

Eckardt verduidelik ook wat die verskil is tussen ′n *hacker* (*white hat* – wat net nuuskierig is) en ′n *cracker* (*black hat* – wat chaos veroorsaak)

Hiermee kom die tema van goed teenoor kwaad na vore.

Krakers kan ook ′n positiewe bydrae lewer, deur maatskappye te help om hul stelsels te beveilig.

ABSA was ′n instansie wat deur *hackers* binnegedring is en daar is geld uit van hul kliënte se rekenings gesteel.

Eckardt maak eers of hy daaroor nadink, maar stem in om die volgende dag met die lesse te begin.

**Kernaanhaling: "So daar is die good guys en die bad guys in die hacking-onderwêreld. Ja, hulle praat ook van die white hats en die black hats."**

**Vrae: Hoofstuk 8**

1. Waarmee vergelyk Eckardt die wêreld van kuberkrakers? Waaraan herinner dit vir Greg?
2. Watter webruimte probeer Eckardt al vir ′n geruime tyd kraak?
3. Watter webruimte is deur die bekende kuberkraker, Zyklon, geïnfiltreer? Watter funksie het hy uitgebuit?
4. Hoe slim, volgens Eckardt, moes Zyklon wees om dit te kon doen?
5. Watter funksie wil Eckardt op die reisagent se webblad uitbuit? Watter stelsels gebruik reisagente?
6. Vir wie beskuldig Eckardt vir kuberkrakers se slegte reputasie?
7. Waarom dink Eckardt dra krakers iets positief tot die samelewing by?
8. Wat vra Greg aan die einde van hierdie hoofstuk vir Eckardt?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 8**

1. *Cyberspace* se onderwêreld. Daar is goeie en slegte ouens in die "kraker"–onderwêreld. John se ekstreme sport.
2. ′n Reisagent s'n.
3. Die White House se webblad. Die telefoonboekfunksie.
4. Hy moes net slimmer as die stelseladministrateur wees.
5. Die klagteskerm. Amadeus of Galileo
6. Die media
7. Hulle is onder andere die rede hoekom rekenaars en rekenaarprogramme so vinnig vooruitgegaan het die afgelope jare.
8. Hy wil hê Eckardt moet hom leer rekenaars kraak.

**Hoofstuk 9: Sleeping beauty kry dinge aan die roer (82 – 86) Hede (die sportdag)**

Hierdie hoofstuk speel af in die hede en sluit aan by die einde van Hoofstuk 7, waar Greg besluit om ′n e-pos oor Eckardt se verdwyning aan die media te stuur. Hy stuur sy e-pos "stil en dodelik" aan die koerant. Later die middag sien Greg ′n motor na die skool aangery kom en hy wonder of dit aan die media behoort; meer nog, dalk iemand van een van sy pa se koerante. Daar heers opgewondenheid omdat Lawson Kollege die rugby gewen het. Plank soek ′n bier by Greg, wat hom daarop wys dat dit teen die reëls is om bier daar te hê. Nicole bel, maar Greg knip die gesprek kort omdat `n polisiemotor daar opdaag. Nicole bel terug en Greg vertel haar wat hulle vermoed met Eckardt gebeur het. Hy kry dit nie reg om die woord "selfdood" te sê nie, omdat dit hom aan ′n slegte tyd in sy lewe herinner. Meneer Andersen en Dok Pienaar vergesel die lede van die uniformtak na die koshuis. Die seuns moet na hulle kamers gaan terwyl die polisie Eckardt se kamer deursoek. Een van die seuns noem Greg `n *loser*. Die skool moet ′n "vermistepersonevorm" voltooi en die speurders sal nou die ondersoek oorneem. Dok Pienaar en meneer Andersen praat saggies met mekaar. Greg hoor dat iets met Eckardt se skoolrekord fout gegaan het. Daar heers groot opgewondenheid by die skool, omdat hulle Durban Boys High verpletter het. Greg deel nie in die opgewondenheid nie, want hy voel nie deel van hulle nie. Hy is meer begaan oor Eckardt se verdwyning en die gebeure daar rondom. Plank se verwysing na sy asblik, laat hom dink aan wat Eckardt hom geleer het; dat asblikke die geheime inligtingshoofweg is. ′n Mens gooi baie persoonlike inligting weg, wat *hackers* tot hulle voordeel kan gebruik, het Eckardt hom geleer. Die polisie daag op en besoek Eckardt se kamer.

**Kernaanhaling: "Daar is iets wat ek jou moet vertel, Nicole, val ek haar in die rede. Ek hoor hoe sy skielik stil word en wag dat ek praat. Eckardt is weg, van Donderdag af al."**

**Vrae: Hoofstuk 9**

1. Waarmee vergelyk Greg die e-pos wat hy aan die media gestuur het?
2. Wat beskou Greg as die eerste teken dat sy anonieme e-pos aan die media die gewenste uitwerking gehad het?
3. Beskryf die atmosfeer in die koshuis na afloop van die skool se oorwinning.
4. Wat soek Plank in Greg se yskas?
5. Waaraan laat TJ se asblikgrawery Greg dink?
6. Na wie verwys "Sleeping beauty"? Hoekom?
7. Hoe kry "Sleeping beauty" dinge aan die roer / gang?
8. Wie bel Greg later daardie aand? Waarom ontstel dié oproep vir Greg?
9. Van die ouens dink dat hy dalk homself…"
   Hoekom maak Greg nie sy sin klaar toe hy vir Nicole vertel van Eckardt se verdwyning nie?
10. ′n Polisievoertuig daag by die skool op. Wat behels die polisie se besoek aan die skool?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 9**

1. Met ′n koeël wat uit ′n pistool met ′n "silencer" geskiet word. Stil en dodelik.
2. Hy sien ′n vreemde motor die skoolgronde binnekom, nadat die sportdag verby is.
3. Harde musiek word gespeel, voete stamp en vuiste hamer teen die mure, groot opgewondenheid heers, koshuisbraai word ook gehou.
4. Bier
5. Aan ′n tegniek (dumpsterdiving) wat kuberkrakers gebruik as hulle inligting oor ′n maatskappy soek. (Asblikke /*recycle* bins) op soek na geheime inligting van maatskappye, soos bv. ou telefoonboeke, e-posse ens.)
6. Greg (want hy sê vir sy vriende hy het geslaap tydens die rugbywedstryd, maar was besig met kuberkrakery)
7. Hy stuur ′n e-pos na die koerante oor Eckardt se verdwyning.
8. Nicole, want hy wonder of daar ander ouens saam met haar uitgaan.
9. Dit is vir hom moeilik om te sê dat Eckardt dalk selfdood gepleeg het, want dit was vir hom ook moeilik om te sê John het selfdood gepleeg. Laat hom magteloos voel.
10. Hulle is daar om Eckardt se verdwyning te ondersoek.

**Hoofstuk 10: Log file: Toets vir die idiote (87 – 91) Verlede (Februarie)**

Greg vra vir Eckardt om hom te leer om ′n kuberkraker te word. Dit is die eerste oggend wat Eckardt vir Greg kom wakker maak nadat hy gedraf het. Greg verstaan niks van die Griekse mitologie waarvan Eckardt praat nie. Mnr. Andersen woon ′n vergadering van die VRL, wat Greg moet lei, by. In opdrag van Dok spreek Greg die VRL's aan oor hulle swak dissipline. Greg dink die hele dag aan ′n skuilnaam, sy "hacker nickname", en besluit op G-force. Eckardt verander dit na G-4ce en wys sy skuilnaam, Ekk-0, vir Greg. Greg registreer op die webblad en doen die eerste toets, die "idiot test". Daar is heelwat "links" na ander webbladsye vir hulp vir "newbies" of nuwelinge, soos Greg, in die onderwêreld. Die ure vlieg verby en toe Eckardt later in sy kamer kom, besef hy dat dit al ure vantevore ligte uit was. Met Eckardt se hulp kry hy sy kodewoord en word só ingelok in die wêreld van die kuberkraker. Tydens ′n

speelse geveg stamp hulle ′n notabord van die muur af en ′n foto van Eckardt se gesin val van die bord af. Dit is van Eckardt se ouers, sy broer, Henno en sy sussie, Janita. Sy pa is ′n industrialis en sy ma gee Pilates-klasse in die Kaap. Met hierdie hoofstuk ervaar Greg eerstehands die opwinding wanneer hy ′n sleutelwoord kraak.

- Eckardt maak hom wakker met ′n mitologiese verwysing: Terwyl Zeus, die heerser van Olimpus, slapend gevou lê in Hipnos se vlerke, strand sy seun, Herakles, se skip vandag weer op Kos.
- Hy verloor alle belangstelling in sy skoolwerk en skoolaktiwiteite, want hy is besig om, in opdrag van Eckardt, sy eie kuberskuilnaam uit te dink.
- Greg begin toenemend om die skoolreëls te oortree.
- Toe Greg wou opgee, wys Eckardt vir hom hoe maklik dit is om die wagwoord vir die *challenge* te kry.

**Kernaanhaling: "So begin dit vir my. Ek registreer op die site as G-4ce."**

**Vrae: Hoofstuk 10**

1. Wat kom maak Eckardt so vroeg in Greg se kamer?
2. Waarom moet Greg die VRL aanspreek?
3. Wie spioeneer op Greg en die res van die VRL?
4. Wie is Kwanele en waarom gluur Greg hom agterna?
5. Op watter skuilnaam besluit Greg uiteindelik? Hoe verander Eckardt dit? Waar het die naam voorheen in die verhaal voorgekom?
6. Wat is Eckardt se skuilnaam? Beskryf die simboliek hieraan verbonde.
7. Op watter webblad moet Greg registreer om te leer om ′n kraker te word?
8. Wat is HTML en waarmee het dit te doen?
9. Greg slaag uiteindelik daarin om die wagwoord op te spoor. Waar vind hy dit?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 10**

1. Hy kom maak hom soggens wakker as hy terugkeer van sy drawwery.
2. Oor hulle swak dissipline, in opdrag van Dok Pienaar
3. Die onderhoof/adjunkhoof – mnr. Andersen
4. Die onderhoofseun, Kwanele, probeer Greg se hoofseunpligte oorneem – hy ondersteun Greg glad nie as hoofseun nie.
5. G-Force. G-4ce (sodat dit meer "cool" klink)
   Dit was die skuilnaam op Eckardt se selfoonskerm die Donderdagoggend van sy verdwyning toe Greg hom gebel het.
6. Ekk-0 Simboliek 0 = nul. Kan dui op Eckardt se persoonlikheid omdat hy ′n alleenloper is. Baie Afrikaanse spreekwoorde het ′n nul in wat dui op niksseggendheid bv. nul op ′n kontrak. Eckardt sien hom dalk self so. Eckardt kry geen antwoord nie.
7. www.hackthissite.org.
8. HTML is ′n rekenaarprogrameringstaal wat oor rekenaar protokol gaan.
9. Dit verskyn tussen die ander bronkodes.

**Hoofstuk 11: Twee foto's (92 – 96) Hede (laat die aand na die sportdag)**

Greg hoor Eckardt se hele skoolrekord is uitgevee, buiten vir sy naam. Dok Pienaar gee opdrag dat die rekenaartegnikus ingeroep word om te kyk wat fout is met die rekenaars. Greg ervaar ′n onrustigheid oor Eckardt, asof hy nou meer teenwoordig is, net soos John ná sy dood. Daar is gerugte dat Eckardt selfdood gepleeg het. Greg kry die loper in die skaalmodel by die trap, waar Eckardt dit vir hom gewys het. Hy het geglo mense hou sleutelwoorde soos huissleutels onder `n klip in die tuin, sommer

naby hulle rekenaars of in hulle dagboeke. Toe Greg later die aand na Eckardt se kamer wil gaan, kom Kwanele op hom af. Greg maak ’n flou verskoning en kom wel later in Eckardt se kamer. Hy merk op dat die familiefoto teen die notabord vervang is met ’n foto van ’n wit hoed, wat nie vóór Eckardt se verdwyning daar was nie. Hy het dae gelede ’n soortgelyke MMS van Eckardt ontvang, maar op hierdie een is ′n webbladadres en die woord Ekk-0. Greg besef dat daar vir hom ′n boodskap in die foto is. Hy begin die foto-leidrade ontrafel en gebruik die steganografieprogram en kom op ’n geheimsinnige webwerf af. Twee wit woorde verskyn op die skerm: *Enter Password*.

- Greg ontdek ′n webadres (www.securekit.com) op die foto.
- Dit maak ′n webtuiste oop waar jy ′n steganografieprogram kan aflaai. (Dit is ′n manier om ′n boodskap binne ′n foto of ander dokumente weg te steek)
- Greg laai dit af en kom op ′n versteekte boodskap af wat hom lei na nog ′n webadres: www.Ekk-0s-underworld.co.za.

**Kernaanhaling: “Ek sê vir jou, Dok. Daar is géén kontakpersone op Eckardt se rekords nie. Nie eens sy ouers se name nie.”**

**Vrae: Hoofstuk 11:**

1. Wie is Thompsen en waarom is hy na die skool ontbied?
2. Wat het met Eckardt se skoolrekords gebeur?
3. “Hy is weg, maar nou meer teenwoordig as ooit”. Verduidelik hierdie aanhaling.
4. Hoekom kan Greg en Kwanele onderskeidelik nie slaap nie?
5. “Die koshuisgang is koud, stil …, vinniger teen my borsbeen”. Beskryf die ruimte waarin Greg hom bevind. Verduidelik die ironie hieraan verbonde.
6. Waarom soek Greg ′n loper? Waar steek oom Ian (die koshuisvader) dit weg? Waarmee het Eckardt die wegsteekplek vergelyk?
7. Wat is anders aan die notabord?
8. Wat kry Greg op die betrokke webblad en wat doen ′n mens daarmee?
9. Beskryf kortliks hoe Greg uiteindelik by die nuwe webadres uitkom waar hy ′n spesifieke wagwoord moet intik.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 11**

1. Hy is die rekenaartegnikus. Daar is fout met die skool se databasis.
2. Daar is géén kontakpersone op Eckardt se rekords nie, nie eens sy ouers se name nie, geen adres of telefoonnommers nie.
3. Dit is ′n paradoks. Die feit dat daar gerugte is dat Eckardt selfdood gepleeg het, herinner Greg aan sy broer, John, se selfdood. Eckardt is fisies weg, maar Greg dink aanhoudend aan hom.
4. Greg - Hy is bekommerd oor Eckardt. Die situasie herinner hom aan die dae ná John se selfdood. Kwanele - Hy was wakker, want hy het nog studeer.
5. Hy beleef die koshuis as koud, verlate en onpersoonlik. Hy voel onrustig en ervaar ′n mate van vervreemding en vrees. Ironie: Dit is tog vir hom bekende terrein, want hy is immers die hoofseun, maar hy voel vreemd.
6. Hy wil by Eckardt se kamer inkom. In een van die skaalmodelle van Da Vinci se uitvindsels by die trap. Mense wat hulle sleutels op ooglopende plekke wegsteek, is soos mense wat hulle rekenaar wagwoorde op papiertjies of in dagboeke wegsteek / neerskryf.
7. Die foto van Eckardt se familie is weg. In die plek daarvan hang nou ′n foto van ′n wit hoed (dieselfde foto wat Eckardt vir Greg ge-mms het).
8. ′n Steganografie-program. Jy ontsluit versteekte boodskappe in foto’s daarmee.

9. Greg tik Eckardt se skuilnaam, Ekk-0, in en die wagwoord “Message” verskyn. Greg maak die venster oop met die webadres van Eckardt. Hy kopieer en plak dit. ʼn Nuwe *website* (webtuiste) verskyn met ʼn swart agtergrond, geen grafiese elemente nie en ʼn oop invulveld langs twee wit woorde: *Enter password*.

**Hoofstuk 12: Log File: Wat my hart sê (97 – 99) Verlede (Februarie)**

Hierdie hoofstuk speel af in die verlede en sluit aan by die einde van hoofstuk 10 waar Eckardt se familiefoto op die grond val aan die einde van Greg se eerste kuberkraakles. Greg het sy eerste kuberkraakuitdaging voltooi, maar sy krakerlesse vorder te stadig na sy sin. Hy voltooi ook uitdagings twee en drie. Dit is Februarie, die tweede maand van skool en ʼn toetsreeks lê om die draai. Hy kom agter dat hy nog baie het om te leer. Hy verwaarloos sy skoolwerk en weet dat sy pa ontevrede gaan wees. Dan is hy boonop bekommerd oor sy ma. Hy vertel vir Eckardt dat hy besluiteloos is oor sy universiteitstudies. Eckardt sê hy moet sy hart volg en nie ander mense probeer tevrede stel nie. Twee aande later voltooi Greg sy vierde uitdaging en die dag daarna druip hy sy eerste Wiskunde toets.

- Eckardt wil Inligtingstegnologie gaan studeer en Greg is onseker oor sy verdere studies. Hy wil graag Potch toe of oorsee gaan, maar sy pa wil hê hy moet UK (UCT) toe gaan.
- Greg merk ʼn “vreemde glinstering” in Eckardt se oë op toe hulle van sy pa praat.
- Greg sukkel met die vierde uitdaging en Eckardt se opdrag is dat hy aandag aan die detail moet gee.
- Greg se negatiwiteit teenoor die skool kom weereens na vore as hy verwys na sy Afrikaanse voorgeskrewe boek: *Kringe in 'n* ***blerrie*** *Bos.*

**Kernaanhaling: “Jy ken obviously nie my pa nie, grinnik ek. Jy’s reg, ek ken hom nie. Daar is ʼn vreemde glinstering in Eckardt se oë toe hy dit sê, maar hy tel weer sy boek op en ek vergeet daarvan**.

**Vrae: Hoofstuk 12:**

1. Waar vind die lesse plaas?
2. Watter nadeel en gevolg het al hierdie aandag wat Greg aan “hacking”, gee op sy skoolwerk?
3. Watter probleme is daar tuis (soos blyk uit sy ma se oproep)?
4. Greg is onseker wat hy wil studeer. Watter raad gee Eckardt vir hom?
5. Greg toon in hierdie hoofstuk rebelsheid teen gevestigde idees en tradisies. Bespreek.
6. “Ek wonder skielik wat John sou geswot het”. Waarom dink Greg juis nóú aan sy broer, John?
7. Dink jy Eckardt gee vir Greg goeie raad rakende sy pa? Motiveer.
8. “Jy’s reg, ek ken hom nie. Daar is ʼn vreemde glinstering … daarvan”. Verduidelik die spanning wat in hierdie gedeelte voorkom.
9. Die laaste paragraaf op bl. 99 is geskei van die teks. Wat noem ons dit? Gee twee redes vir die gebruik hiervan.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 12**

1. In Greg en Eckardt se koshuiskamers.
2. Greg gee min aandag aan sy skoolwerk en druip sy Wiskunde toets (drie dae nadat hy *challenge 4 gecrack* het)
3. Sy pa slaap sleg en is buierig weens sy werksverpligtinge en sy ma het niemand om mee te gesels nie.

4. Eckardt stel voor dat hy moet luister wat sy hart sê en nie net sy pa tevrede wil stel nie.
5. Greg se pa wil hê hy moet by dieselfde universiteit en in dieselfde rigting as hy gaan studeer. Sy pa neem dus besluite van Greg weg. *Challenge 4* word simbolies van sy rebelsheid teen sy pa se idees en besluite, maar die gevolge is ook sleg, want drie dae daarna druip Greg sy eerste Wiskunde toets.
6. Hy wonder of sy pa ook vir John gedwing het om in sy voetspore te volg. Greg het aan Eckardt erken dat sy pa besluite neem oor sy toekoms.
7. Ja, Greg word 18 en hy sê Greg moenie toelaat dat sy pa namens hom besluit nie, hy moet op sy eie bene staan.
8. Eckardt ken Greg se pa baie goed, want hy het moeite gedoen om alles omtrent hom en sy gesin te wete te kom. Dit dui op Eckardt se donker kant.
9. Tipografiese wit. Dit dui op ʼn tydsprong – dit is twee aande later. Die paragraaf word uitgehef – Greg kraak vir die eerste keer ʼn program, maar druip ook vir die eerste keer ʼn toets.

**Hoofstuk 13: Teleurstellings en ontdekkings (100 – 107) Hede (Saterdagnag en Sondag)**

Greg kry die foto van die wit hoed in Eckardt se kamer en kon met die inligting daarop na nog `n webblad gaan. Greg probeer die sleutelwoord na Ekk-0 (Eckardt) se onderwêreld kraak. Hy onthou die eienskappe van `n sterk kodewoord wat Eckardt by hom ingedril het. Die Sondagkoerante dek die nuus oor die voëlgriep, maar het niks oor Eckardt se verdwyning geskryf nie. Die berig is volgens TJ vermoedelik deur Dok gesmoor. Greg besef dat hy `n fout gemaak het deur die e-pos na een van sy pa se koerante te stuur en dat dit sy pa is wat dit gestop het. Sy seun is immers deel van Lawson Kollege. Greg vra vir Kwanele om sy kerkdiensbeurt te doen sodat hy tyd het om Eckardt se kodewoord te soek. Twee speurders, inspekteur Cele en sersant Botha, daag by die koshuis op. Hulle versamel leidrade en verwyder Eckardt se *laptop* uit sy kamer. Greg merk op dat Eckardt se rekenaar nie die Matrix-plakker op die buitekant het nie. Hy gebruik later die programmeringstegniek, "Javascript-injection" om Eckardt se kodewoord na hom te stuur. In ʼn ontstellende telefoongesprek met sy pa word Greg uitgetrap en aangesê om vir Dok om verskoning te vra vir sy gedrag. Hy word ook deur sy pa aangesê om sy rebelse houding te laat staan. Sy pa groet hom ook nie aan die einde van hulle gesprek nie. Greg voel soos die "loser" wat een van die ouens hom die vorige dag genoem het. Greg sonder hom af in sy kamer en kraak uiteindelik die sleutelwoord na Ekk-0 se onderwêreld.

**Kernaanhaling: "Watse snert is dit? vuur my pa nog ʼn rondte af. Van wanneer af besluit jy om jou skoolhoof se gesag te ondermyn?"**

**Vrae: Hoofstuk 13:**

1. Hoekom is dit nie maklik vir Greg om die "password" te kry nie?
2. Na watter teleurstellings word in hierdie hoofstuk verwys?
3. Watter ontdekkings word in hierdie hoofstuk gemaak?
4. Wat is die hoofnuus in die Sondagkoerant?
5. Hoekom is Greg teleurgesteld toe hy die koerant deurblaai? Wat is die rede hiervoor, volgens TJ?
6. Wie maak hulle verskyning by die skool?
7. Waarvan beskuldig Greg se pa hom wanneer hy bel?
8. Beskryf hoe Greg hom ná die telefoonoproep van die ander leerders afsluit.
9. Word Greg nou ʼn alleenloper *(loner)* soos Eckardt? Motiveer.
10. Het Greg voor sy pa se dreigemente en gesag geswig? Verduidelik.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 13:**

1. Dit moet hoofletters en kleinletters hê, daar moet syfers wees, maar nie aan die begin of einde nie. Die woord moet nie in die woordeboek voorkom nie en dit mag nie ′n eienaam wees nie.
2. Greg wat sy pa teleurstel omdat hy Dok Pienaar se gesag ondermyn en John wat sy pa teleurgestel het deur selfdood te pleeg.
3. Greg ontdek dat Eckardt se rekenaar omgeruil is, want die rekenaar wat die polisie gevra het, het nie ′n Matrix-plakker op nie. Greg werk uit hoe om die wagwoord vir Eckardt se webtuiste na homself te e-pos deur die programmeringstegniek, "Javascript–injection", te gebruik.
4. Die voëlgriepvirus het verder versprei en het selfs nou in Suid–Afrika toegeslaan.
5. Daar is niks geskryf oor Eckardt se verdwyning nie. Hy sê Dok Pienaar het kontakte in hoë plekke, ook in die media en een van hulle is Greg se pa.
6. Twee speurders, inspekteur Cele en sersant Botha.
7. Hy sê Greg ondermyn die skool en Dok Pienaar se gesag en as dit iemand in sy maatskappy was, sou hy hom afgedank het. Hy sê ook die ander rugbyspelers kyk op na hom en dat hy baie teleurgesteld is in Greg.
8. Hy hou die kamerdeur toe en sê dat hy studeer en hy gaan eet ook nie.
9. Dit wil so voorkom, want hy sonder homself af en raak al meer vasgevang in die onderwêreld van kuberkrakers en sy eie emosionele omstandighede.
10. Nee, want hy hou sy pa verantwoordelik vir John se selfdood. Die feit dat sy pa stilbly dui daarop dat Greg reg is.

**Hoofstuk 14: Log File: Die regte kant van die firewall (108 – 113) Verlede (aand)**

Greg het "Uitdaging 4" voltooi. Eckardt nooi Greg dié aand om sy laptop en netwerkkabel te bring en saam met hom skool toe te gaan. Op pad kom hulle vir Plank teë wat goed gerook is en Eckardt waarsku Greg om nooit in die onderwêreld in te gaan as hy dwelms gebruik het nie, want dit kan veroorsaak dat mens waaghalsig raak en uitgevang word. Terwyl hulle oor die halfverligte plein van die skool stap dink Greg aan die aand van die tonnel-ritueel en die skool se leuse: *Lig is die lewe vir die mensdom*. Hulle oorreed die terreinbestuurder om die skoolbiblioteek vir hulle oop te sluit en van hier beweeg hulle na die skool se netwerkkamer. Hier verduidelik Eckardt die tegniek van "shoulder surfing" en breek hulle skelm by die skool se netwerkkamer in. Hy gee ′n verduideliking van die werking van die skool se netwerk en rekenaarsekuriteitsmuur en maak vir Greg ′n skets sodat hy kan verstaan. Eckardt verkry toegang tot die skool se rekords en maak Greg s'n op die skerm oop. Wanneer Greg in die versoeking kom om sy lae Wiskundepunt te verander, vra Eckardt vir Greg of hy ′n wit of swart hoed is. Eckardt vee dan alle spore van hulle teenwoordigheid dood.

- Vir ′n oomblik is hy in die versoeking om sy punt te verander, maar sy gewete wen en hy wil eerder ′n *white hat hacker* wees.

**Kernaanhaling: "Jip, ons is, soos die hackers sê aan die regte kant van die firewall! Waar's daardie netwerkkabel van jou? vra hy."**

**Vrae: Hoofstuk 14**

1. Wat moet Greg vir sy opleiding as kuberkraker saambring?
2. Waarom is Plank se oë rooi en watter waarskuwing gee Eckardt aan Greg?
3. Waaraan herinner die halfverligte plein vir Greg? Dink jy die beeld van die halfverligte plein, laat Greg besef dat hy besig is om van die lig na die donker onderwêreld te beweeg?

4. Vir wie vra hulle om die biblioteek oop te sluit? Watter rede gee hulle? Wat is die werklike rede?
5. Hoe weet Eckardt wat die kode van die netwerkkamer is?
6. Watter inligting bevat die skool se netwerk? Wat mag die leerders gebruik en wat verhoed hulle om op die skool se netwerk in te gaan?
7. Hoe verkry Greg en Eckardt toegang tot Lawson-Kollege se rekords?
8. Eckardt kry dit reg om by die skool se netwerk in te gaan. Wat verskyn voor Greg en watter punt wys op sy skerm? Voor watter versoeking staan Greg?
9. Wat, dink jy, kon gebeur het as Greg sy punt verander het?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 14**

1. Sy skootrekenaar en ′n netwerkkabel.
2. Hy het iets gerook (dagga). Eckardt sê dat jy nooit dwelms moet gebruik as hy wil "hack" nie, want jy dink dan jy is ′n superheld. Dit is wanneer jy kanse begin waag en gevang word.
3. Aan die skoolleuse en die tonnel–ritueel. Nee, want die opleiding gebeur stelselmatig oor ′n tydperk.
4. Tom, die terreinbestuurder. Hulle het ′n taak om te doen en die "servers" / bedieners by die koshuis is af. Hulle wil by die skool se netwerkkamer wat aan die biblioteek grens, inkom.
5. Hy het "shoulder surfing" gedoen, dit wil sê oor die tegnikus se skouer geloer toe hy daar gewerk het.
6. Inligting van leerders en onderwysers. Hulle mag die intranet gebruik vir skoolwerk en navorsing. *Firewall* / Brandmuur keer dat leerders op die e-posse en die databasis kan ingaan.
7. Omdat hulle binne die netwerkkamer is, is hulle aan die binnekant van die brandmuur (firewall)
8. Sy skoolrekord verskyn voor hom. Al sy punte – ook die 38% wat hy vir Wiskunde gekry het. Hy dink daaraan om sy Wiskunde punt te verander.
9. Die skool sou kon aflei dat iemand in hulle sisteem ingekom het en dit kan direk na Greg toe lei.

**Hoofstuk 15: Hulle weet (114 – 117) Hede (Sondagnag)**

Greg het Eckardt se kodewoord per e-pos gekry en die swart webblad op sy skerm oopgemaak. ’n Onbekende persoon sluip in die koshuis rond en Greg hoor `n geluid by sy kamerdeur. Hy gaan uit in die gang en sien ′n bewegende skaduwee in die donker sluip. Die onbekende figuur hardloop weg en Greg sit hom agterna, maar verloor hom. Hy voel ook dat die hysbak se lig losgedraai is. Terug by sy rekenaar kry hy later weer ’n versteekte hiperskakel op Eckardt se webblad. Hy word weer onderbreek, hierdie keer deur ’n oproep vanaf ’n onbekende persoon en nommer, maar toe Greg antwoord het die persoon doodgedruk. Op Eckardt se webblad kry Greg ’n menigte kuberkraker-programme asook ’n sinistere blog. Die laaste inskrywing dui daarop dat Eckardt op iets afgekom het wat hy nie moes sien nie, want dit sê dat "hulle" weet dat hy in "hulle" sisteme was, wat hy gedoen het en wie hy is. Verskeie moontlikhede oor wat met Eckardt kon gebeur het, maal deur Greg se gedagtes. Een van die webskakels met die datum 6 Mei, lei na ’n farmaseutiese maatskappy se webblad. Die organogram van die bestuur toon aan dat Doktor Pienaar aan die hoof van hierdie maatskappy staan.

- Hy kom ook op Eckardt se blog af. (′n Tipe dagboek wat jy op die internet plaas)

**Kernaanhaling: "En die inskrywing heel bo, met die datum van die aand voor sy verdwyning: Hulle weet ek was in hulle *systems.* Hulle weet wat ek gedoen het. Hulle weet wie ek is."**

**Vrae: Hoofstuk 15**

1. Wat hoor Greg by sy kamerdeur? Wat sien hy toe hy dit oopmaak en wat doen hy toe? Wat ontsenu Greg nog verder?
2. Wat kry Greg op die swart webblad?
3. Tot watter skokkende ontdekking kom Greg toe hy Eckardt se blog lees?
4. Wat is interessant omtrent die organogram van die farmaseutiese maatskappy wat op Eckardt se webblad verskyn?
5. Waarom voel Greg skuldig?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 15**

1. ′n Geluid (soos die handvatsel van sy kamerdeur wat afgedruk word)
   Hy sien ′n skaduwee van ′n persoon. Hy word eers lam, maar dan sit hy die persoon agterna. Die lig aan die binnekant van die hysbak is af / losgedraai.
2. ′n Versteekte hiperskakel ("Easter Egg") na ′n volgende webblad en ′n kuberkraker se gereedskapskis met allerhande nuttige programme wat kuberkrakers kan gebruik soos bv. LCP, NMAP ens.
3. Die laaste inskrywing is gemaak 6 Mei, die aand voor Eckardt se vedwyning. Daarin sê Eckardt dat hulle weet hy was in hulle sisteme, hulle weet wat hy gedoen het en hulle weet wie hy is.
4. Die farmaseutiese maatskappy weet dat hulle rekenaars binnegedring is en hulle weet dit was Eckardt.
5. Hy kyk wat in Eckardt se persoonlike blog geskryf staan.

**Hoofstuk 16: Log File: Vakansie-fireworks (118 – 121) Verlede (net voor en tydens die April vakansie)**

Greg en Eckardt was in die skool se netwerkkamer. Die April-skoolvakansie is op hande. Dit lyk of Eckardt skrik en sy rekenaar toeklap toe Greg sy kamer binne kom. Eckardt het geen planne nie. Greg nooi hom om saam met hom huis toe te gaan. Hy is soveel aan Eckardt verskuldig, hy het so baie by hom geleer en hy hou van hom as ′n pel. Greg vind in Eckardt iemand met wie hy oor sy probleem kan praat. Eckardt ontmoet Greg se ma, sy meisie, Nicole, en haar twee vriendinne. Nicole se "warm" ontvangs laat Eckardt wonder of hy die vakansie by Heffner se Playboy Mansion is. Greg gee onbewustelik John se kamer vir Eckardt om in te slaap. Die vyf jongmense gaan na ′n nagklub, "Secrets and Lies" toe waar Greg en Nicole baie vriendelik raak met mekaar. Dae later ontspan Greg en Eckardt langs die swembad. Eckardt bring die onderwerp van sosiale manipulering (*social engineering*) op.

- Die meisies sluk almal *ecstacy*-tablette.
- Nicole bied dit vir Greg ook aan, maar hy wil dit nie vat nie. Hy hou nie van die gevoel wat dit hom gee nie, maar hy hou wel van die manier waarop dit ander mense laat voel – liefdevol en *freaky*!!
- Die implikasie van hierdie woorde is dat Greg wel voorheen hierdie dwelm saam met Nicole gebruik het.
- Greg en Nicole begin in die *chill zone* te vry – losgeknoopte klere en *fireworks* impliseer dat hulle vryery moontlik op die seksuele daad uitgeloop het.
- Drie dae later het die meisies gaan inkopies doen en Eckardt besluit om Greg van sosiale manipulasie te leer.

**Kernaanhaling: "En hy, let's face it, is ′n outsider en al kan ek nie juis sê ek verstaan hom nie, hou ek nogal van hom**"

**Vrae: Hoofstuk 16**

1. Hoekom, dink jy skrik Eckardt toe Greg sy kamer binneloop terwyl hy op sy rekenaar werk?
2. Hoekom nooi Greg vir Eckardt saam op vakansie?
3. Watter berigte domineer die nuus?
4. Watter kamer gee Greg vir Eckardt?
5. Watter implikasie het bogenoemde optrede?
6. Na watter klub toe gaan Greg-hulle? Hoekom is die naam van die klub insiggewend?
7. Hoe weet ons dat daar nie goeie kontrole by die klub is nie?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 16**

1. Hy is besig met kuberkrakery.
2. Eerstens wil hy sy kuberkraaklesse voortsit. Tweedens hou hy van Eckardt en hy wil nie hê hy moet die hele vakansie alleen by die huis wees nie.
3. Irak en die Amerikaanse president, voëlgriep, toi-toi oor swak dienslewering.
4. John se kamer.
5. Greg identifiseer sterk met Eckardt. Hy begin dalk soos 'n broer vir hom voel en hy sien hom dalk as 'n plaasvervanger vir John.
6. "Secrets and Lies" Tussen Greg en Eckardt, tussen Greg en Nicole en tussen die drie meisies is daar heelwat geheime en leuens wat vertel word. Eckardt is besig om Greg om die bos te lei. Greg is nie seker of Nicole hom soms verneuk nie. 'n Mens weet ook nie presies wat die verhouding tussen die drie meisies is nie.
7. Alle ouderdomme word toegelaat en e-tablette is vrylik beskikbaar.

**Hoofstuk 17: Mankbeen Maandag (122 – 132) Hede (Maandag)**

Greg ontdek dat Dok Pienaar aan die hoof van 'n farmaseutiese maatskappy staan.
Dit is Maandagoggend ná Eckardt se verdwyning en TJ en Plank konfronteer Greg oor sy afsydige gedrag toe hy die seuns wat so by die eetsaal in die rye indruk, ignoreer. Hy vertel hulle van die besoek van die polisie die vorige dag terwyl hulle in die kerk was. Greg dink aan *Cap-'n-Crunch*, 'n ou wat die frekwensie van 'n fluitjie in 'n boks pap gebruik het om by die Ma Bell-telefoonmaatskappy in te breek. Plank en TJ praat weer oor die voëlgriep.
Greg moet wag om Dok Pienaar te sien. Terwyl Dok se sekretaresse Joan Gibbs gaan koffie maak, kry hy die geleentheid om 'n paar van haar e-posse te lees. Greg vra Dok in sy kantoor teësinnig omverskoning. Hy vlug hierna na die badkamer en staar in die spieël na "pappa se skouperd". Hy kry dan 'n stukkie papier op sy tas met 'n waarskuwende nota:" Moenie dat hy so met jou mors nie". Greg besluit om weer na die skool se netwerkkamer te gaan om by Dok Pienaar se e-posse in te breek. Die sekuriteitskode van die slot werk egter nie en Greg besef dat dit intussen verander is. Later die oggend word Greg gebombardeer met inspekteur Cele en sersant Botha se vrae in een van die klaskamers onderwyl Dok luister. Hulle neem ook sy vingerafdrukke en wil weet waarom Eckardt hom G-4ce noem en hoekom net sy selfoonnommer op Eckardt se foon is. Hulle weet van sy skuilnaam, maar weet nie dat hy 'n kuberkraker is nie.
**Kernaanhaling: "Greg, kan jy vir my verduidelik hoekom Eckardt jou G-4ce noem? En hoekom jy die enigste persoon is wie se nommer op sy selfoon gebêre is?**"

**Vrae: Hoofstuk 17**

1. Word die verwysing na “mankbeen” letterlik of figuurlik bedoel? Motiveer.
2. Gee voorbeeld van hiperbool/oordrywing op bl. 122.
3. Hoekom skryf mense volgens Eckardt, sleutelwoorde in hulle dagboeke?
4. Om watter rede is Greg in Dok Pienaar se kantoor?
5. Wat kry Greg op sy tas? Wie kon dit moontlik op sy tas gesit het?
6. Hoekom is Greg na kamer 23 geroep?
7. Watter kennis omtrent Eckardt se gesin kan Greg wel aan die polisie deurgee?
8. Hoe weet die inspekteur dat Eckardt vir Greg G-4ce noem?
9. Wat was vreemd aan Eckardt se selfoon?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 17**

1. Figuurlik, dinge voel nie reg nie – pla vir Greg.
2. “anders staan ons tot die oordeelsdag in die ry.”
3. Mense is van nature te lui om sleutelwoorde te onthou daarom skryf hulle dit in dagboeke ens. neer.
4. Hy wil Dok Pienaar omverskoning vra oor sy gedrag die Saterdag by die rugby. Sy pa het dit vereis.
5. ′n Stukkie papier met ′n boodskap: “Moenie dat hy so met jou mors nie”. Tom, die terreinbestuurder, want hy was Eckardt se medewerker.
6. Die speurders wil hom ondervra oor Eckardt se verdwyning.
7. Hy het hulle nooit ontmoet nie. Hy weet wel hy het ′n broer en suster (gesinsfoto wat hy gesien het). Hy het Eckardt met hulle oor die foon hoor praat.
8. Sy het die vorige aand die nommer wat as G-4ce gelys is op Eckardt se selfoon gebel. Greg het geantwoord.
9. Net Greg se nommer was gelys.

**Hoofstuk 18: Log File: Social Engineering (133 – 137) Verlede (April-vakansie)**

As gevolg van die feit dat Eckardt nie planne vir die vakansie het nie, nooi Greg hom om by hom en sy ouers te kom kuier. Hy aanvaar die uitnodiging. Reeds aan die begin van die vakansie neem Eckardt vir Greg nog verder op die pad van kuberkraak. Eckardt teken aan op CallCom se webblad om vir Greg ’n les te gee in sosiale manipulering (*social engineering)*. Emily Molope word hulle eerste “slagoffer”. Sy word ′n bedrag van R 2 miljoen, wat sy “gewen” het, belowe en sy verskaf haar sleutelwoord. Eckardt gebruik verskeie manipuleringstegnieke om inligting uit Emily te kry. Uiteindelik SMS sy die sleutelwoord aan Eckardt. Hulle teken op haar selfoonrekord in, maar kyk net rond soos ’n ‘white hat’ sou doen.

**Kernaanhaling: “Dit G-4ce, was social engineering.”**

**Vrae: Hoofstuk 18**

1. Gee ′n defenisie van “social engineering”.
2. Wat laat Eckardt besluit op CallCom as ′n geskikte kandidaat vir sy les oor sosiale manipulasie te gebruik?
3. Watter skuilnaam gebruik Eckardt?
4. Watter tegnieke gebruik Eckardt om Emily sover te kry om vir hom persoonlike inligting te gee, en ook om die sleutelwoord aan hom te SMS?
5. Wat kan Eckardt-hulle alles sien en doen toe hulle aanteken op Emily se selfoonnommer?
6. Watter werklike eksperiment het dr. Cialdini met sosiale manipulasie gedoen?
7. Het Greg as ′n kuberkraker ontwikkel / gegroei? Motiveer.
8. Hoekom voel Greg skuldig?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 18**

1. Sosiale manipulaise is die manier waarop jy mense – verkieslik telefonies oorreed om hulle eie of ander mense se persoonlike inligting vir jou te gee.
2. CallCom vier hulle 5de verjaarsdag en het ′n spesiale promosie met ′n prysgeld van R2 miljoen.
3. Hy noem homself Peter. Hy gebruik humor. Hy prys haar as gewaardeerde kliënt.
4. Hy gebruik die prysgeld van R 2 miljoen as ′n wortel voor haar neus – vertel haar wat sy alles met die geld kan doen. Hy is ook kamstig besorg oor haar.
5. Hulle kan haar state nagaan, luitone en muurpapier aflaai.
6. Hy het verpleegsters gebel en gesê hy is ′n dokter en vir hulle telefoniese instruksies gegee oor die voorgeskrewe medisyne wat hulle moet toedien. Alhoewel dit teen die reëls was, het 95% van die verpleegsters sy opdrag uitgevoer.
7. Ja, hy het heelwat by Eckardt geleer onder andere van *Cyberspace*, hy het hom vertel van ander bekende karakters soos Zyklon. Greg het sy eie krakernaam geskep, hy slaag kuberkraker “toetse”. Hy leer by Eckardt om toegang tot die skoolnetwerk te kry en nou leer hy van sosiale manipulasie.
8. Dit voel vir hom of hulle in ander mense se “kaste” (persoonlike lewe) krap.

**Hoofstuk 19: RAT (138 – 145) Hede (Maandagmiddag)**

Eckardt is nog steeds vermis en Greg doen alles wat hy kan om uit te vind wat van hom geword het. Greg gebruik die kennis wat Eckardt vir hom rondom “social engineering” geleer het om nader aan die waarheid te kom. Greg wil op die skool se stelsel inbreek, maar word in sy spore gestuit. Hy beraam dan planne om ’n RAT (*Remote Access Trojan*) op Dok se rekenaar te installeer. In hierdie hoofstuk en tydens sy poging om by Dok se stelsel in te breek, maak hy foute wat hom in groot moeilikheid kan laat beland. Deur sosiale manipulasie van Joan Gibbs en ’n tweede sekretaresse kry hy dit reg en verkry hy ook Dok se e-possleutelwoord. Wanneer Greg by rugbyoefening weens ′n “besering” verskoon word, kan hy sy plan deurvoer. Nadat hy die proses afgehandel het, voel hy behoorlik soos iemand wat ′n goeie dosis dwelms ingeneem het.

**Kernaanhaling: “Ek kan dit nog nie glo nie. Vreugde neem my lewe oor soos ′n dwelm-fix. Dis hoekom hackers dit doen; hulle leef vir hierdie buzz.”**

**Vrae: Hoofstuk 19**

1. “Moenie dat hy so met jou mors nie” Hoekom is dit skuinsgedruk?
2. Hoe word Greg se onsekerheid oor bogenoemde briefie uitgehef?
3. Hoekom is Greg onsuksesvol met Eckardt se IP adres? Waarvoor staan RAT? Watter voordele hou RAT in? Hoe installeer Greg RAT?
4. Wie moet Greg almal uitoorlê met sosiale manipulasie om RAT op Dok Pienaar se rekenaar te installeer?
5. Hoe stel hy homself aan Joan voor en wat vind hy die eerste keer uit?
6. Hoe en watter inligting kry hy uit Madeleine?
7. Hoe stel hy homself die tweede keer aan Joan voor en watter inligting wat kry hy by haar? Wat laat hy Joan nou onwetend doen?
8. Hoe help Joan Greg om al sy spore uit te vee?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 19**

1. Dit is die woorde wat op die brief staan wat Greg op sy tas gekry het.
2. Deur die kort retoriese vrae wat volg.
3. Die wagwoord is verander. *Remote Access Trojan.* Dit gee jou toegang tot iemand se rekenaar sonder dat die persoon voor die rekenaar sit. Die persoon sal dit nie agterkom dat jy op sy rekenaar werk nie, want RAT is so klein dat dit nie "opgetel" word deur ′n virusprogram nie. Deur sosiale manipulasie.
4. Joan Gibbs, Dok Pienaar se persoonlike assistent en Madeleine, nog ′n persoonlike assistent by Lawson–Kollege.
5. Hy stel hom voor as mnr. Cloete wat ′n afspraak met Dok Pienaar wil maak. Greg weet Dok Pienaar gaan môre Johannesburg toe en dat hy vandag tussen 3-4 ′n vergadering het.
6. Hy maak asof hy van "Blue Tech Computer Services" is. Hy wil kontak maak met die sisteemadministrateur (*Systemadmin*). Sy gee vir hom die volgende inligting: Dit is "Harrismith Technology" en die kontakpersone is Deon Thompsen (eienaar en sisteemadministrateur) en André.
7. Hy sê hy is André van "Harrismith Technology". Hy wil weet of Deon die "security patch" aangestuur het, want hy wil die virusprogram opdateer. Sy gee vir hom die "username" (gebruikersnaam) en "password" (wagwoord). Hy laat haar die virusprogram de-aktiveer en deur middel van Dok Pienaar se e-pos adres heg hy die RAT daaraan. Joan sê niks gebeur nie, maar Greg weet die RAT installeer wel agter die skerms.
8. Sy moet die e-pos wat hy gestuur het, uitvee.

**Hoofstuk 20: Log File: Surfer Dudes of Surfer Duds? (146 – 152) Verlede (April-vakansie)**

Greg se ouers en die kinders het op Jeffreys vakansie gehou. Eckardt kom goed oor die weg met Greg se pa. Greg word onrustig oor Nicole en Eckardt oor die manier waarop hulle na mekaar kyk. Dit kom tot uitbarsting wanneer hy vir Eckardt in die middel van die nag naby Nicole se kamer betrap en dit net met ′n slaapbroekie aan. Greg se pa kom tussenbeide. Greg leer meer van krakertegnieke soos "sniffers", "war driving" en enkodering. ’n Foto wat van Greg, Nicole en Eckardt geneem word, is onsuksesvol omdat Eckardt wegkyk.

- Wanneer die twee seuns die geleentheid kry, gesels hulle oor kuberkrakery en veral oor rekenaars wat nie ingedring kan word nie en oor programme wat e-posse onderskep.
- Die twee seuns probeer branderplank ry, maar nie een van hulle is suksesvol nie en gee later maar op om te probeer.
- Greg moet hard aan die verhouding met Nicole werk, want sy voel erg afgeskeep, daarom maak hy sekere beloftes aan haar:
  - ✓ Hulle kan gaan *shopping* doen en dan sal hy iets vir haar koop.
  - ✓ Hulle kan by ′n *lanie* plek gaan eet – sy kan kies!
  - ✓ En later kan hulle strand toe gaan!

**Kernaanhaling: "Net ek en Nicole is behoorlik in die foto. Eckardt se gesig is ′n waserige veeg – hy het weggekyk net toe die foto geneem is."**

**Vrae: Hoofstuk 20**

1. Waarna verwys die titel?
2. Hoekom is dit vreemd dat Eckardt en Greg se pa so goed oor die wegkom?
3. Verduidelik die uitdrukking dat Eckardt Greg se pa soos 'n Indiese slangbesweerder hanteer.
4. Is daar, volgens Eckardt, enige rekenaar wat veilig is teen kuberkrakery?
5. Noem twee insidente wat Greg jaloers / ongemaklik maak ten opsigte van Nicole en Eckardt.
6. Wie kom tussenbeide in die geveg tussen Greg en Eckardt? Wat kan jy van Greg en die persoon se verhouding aflei?
7. Hoekom is Eckardt se gesig op die foto wasig?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 20**

1. Surfer dudes: vernuftige / goeie brandeplankryers. Surfer duds: ouens wat geen talent as branderplankryers het nie. Dit kan ook verwys na kuberkrakers met talent en sonder talent.
2. Na alles wat Greg vir Eckardt van sy pa vertel het, sou mens verwag dat Eckardt versigtig vir sy pa sou wees. 'n Mens sou ook verwag het dat Greg se pa dieselfde teenoor sy vriende sou optree as wat hy teenoor Greg optree. Maar dit is nie die geval nie, want Greg se pa lag vir Eckardt se grappe en vertel hom van sy maatskappy.
3. Eckardt is bewus daarvan dat Greg se pa moeilik en selfs gevaarlik kan wees, 'n gedugte besigheidsman. Hy is doelbewus besig om Greg se pa se guns te wen, asof hy soos 'n Indiese slangbesweerder bewus is van die gevaarlike slang, maar tog besig is om met hom te speel.
4. Nee, behalwe vir 'n rekenaar wat nie ingeprop is, maar dan kan 'n mens deur sosiale manipulering sorg dat dit wel aangeskakel word.
5. Toe hulle in Jeffreysbaai op die strand lê, sê Nicole dat hulle twee “hunks” is, maar sy kyk meer na Eckardt se bruingebrande lyf. Greg kry vir Eckardt in die middel van die nag naby Nicole se slaapkamer (net in sy slaapbroek)
6. Greg se pa. Greg is ongeskik met sy pa wat daarop dui dat hulle nie 'n goeie verhouding het nie. Sy pa wou hom klap, maar bedink hom en beveel hulle om te gaan slaap. Hy sien weer vir Greg as die skuldige / verkeerde een. Hy verwag altyd die ergste van Greg.
7. Hy het sy gesig weggedraai, want hy wil nie later foto's van hom in omloop hê nie.

**Hoofstuk 21: Dok se files (153 – 156) Hede (Maandagmiddag)**

Greg is ernstig besig om sy toegang tot Dok Pienaar se rekenaar te gebruik deur middel van RAT. Hy het 'n vae skuldgevoel, maar gaan steeds voort, want hy is vasberade om Eckardt op te spoor en hy weet Dok het iets met sy maat se verdwyning te doen. Hy installeer nou ook 'n “keystroke logger” op Dok se rekenaar om rekord te hou van sy rekenaargebruik. Hy kry al hierdie dinge reg danksy Ekk-0 se *hacker toolbox*. Terwyl hy werk, word hy `n paar keer deur sy ander maats onderbreek. TJ wil `n bietjie met hom wil praat, want almal kan sien daar is iets wat Greg pla. Greg kom af op geënkodeerde e-posse. Hy stoor dit saam met ander lêers op 'n FTP-webblad in China. Sy gewete begin hom pla hoe dieper hy in die onderwêreld ronddwaal, maar hy kry dit nie reg om daaruit weg te bly nie. Voordat Greg kon afteken op die rekenaar, begin die muis vanself beweeg, wat daarop dui dat Dok begin werk op sy eie rekenaar. Dit laat sy adrenalien pomp.

- TJ kom onderbreek hom en vra wat fout is. Hy dring daarop aan om saam met Greg skaak te speel.
- Hy vind die toegangsleutel tot hierdie e-posse op 'n USB-geheuestafie wat aan die rekenaar gekoppel is.

**Kernaanhaling: "Nee! skree die stem uit die onderwêreld. Nog nie genoeg nie. Wat het hy nóg op sy rekenaar?"**

**Vrae: Hoofstuk 21**

1. Waartoe gee die RAT vir Greg toegang?
2. Wat sal die "keystroke logger" kan doen?
3. Wat kom doen TJ by Greg?
4. Greg kry 'n vreemde e-pos op Dok se rekenaar. Verduidelik.
5. Waar kry Greg die private sleutel om die e-pos te ontsluit?
6. Waar gaan laai Greg Dok se e-pos en ander dokumente af?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 21**

1. Die skoolrekords en Dok se hele rekenaar.
2. Dit sal elke knoppie wat Dok druk, registreer.
3. Hy bied weer sy ondersteuning aan en vra Greg moet saam met hom kom skaak speel.
4. Die e-pos is vol vreemde karakters. Dit is 'n geënkodeerde e-pos.
5. In 'n weggesteekte lêer op die geheuestokkie.
6. Op 'n FTP-webblad in China.

**Hoofstuk 22: Log File: Nicole (157 – 159) Verlede (die begin van die tweede kwartaal.)**

Die April-skoolvakansie is verby en Greg-hulle is terug by Lawson Kollege. Die begin van die rugbyseisoen breek aan. Greg se skoolwerk is steeds agter. Die rugbyseisoen is hier en hy moet presteer. Sy kuberkrakerlesse gaan voort met drie nuwe onderwerpe. 'n Ontstelde Nicole bel vir Greg. Sy mag nie na die Black Eyed Peas se konsert by Sun City gaan nie. Greg is bly sy mag nie gaan nie, want daar gaan ander ouens saam. Nicole dreig om "iets aan haarself te doen".

- Hy begin ook op sy eie te oefen, want sy pa het hom terug skool toe gestuur met spesifieke instruksies vir die komende rugbyseisoen.
- In hierdie tyd leer Eckardt hom om 'n rekenaar op te stel om 'n klomp nommers te skakel om te sien of dit 'n rekenaarmodem iewers kan optel – 'n plek waar jy kan inbreek!!
- Greg leer ook van die veiliger SSH (*Secure Shell*) wat soos 'n virtuele tonnel tussen twee rekenaars loop.

**Kernaanhaling: "Intussen is die opgehoopte skoolwerk besig om in die Drakensberg self te verander**."

**Vrae: Hoofstuk 22**

1. Waarmee word Greg se agterstallige skoolwerk metafories vergelyk?
2. Wat lei Greg se aandag van die skoolwerk af?
3. Watter onderwerpe dek Eckardt nou met die opleiding?
4. Hoekom is Nicole ontsteld toe sy bel? Wat doen Greg hieromtrent?
5. Hoekom is Greg later self bly dat Nicole nie mag gaan nie?
6. Watter woorde skok vir Greg?
7. Wat laat Greg vir Nicole belowe voordat hulle neersit?
8. Is Greg nie self besig met iets onverantwoordeliks nie?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 22**

1. Met die Drakensberg
2. Rugby en kuberkrakery.
3. "War dialing", TELNET en SSH.
4. Haar ouers wil haar nie toelaat om na die Black Eyed Peas-konsert by Sun City te gaan kyk nie. Hy troos haar en sê sy moet met haar ouers gaan praat.
5. Daar gaan ander ouens ook saamry.
6. Nicole sê sy doen sommer iets aan haarself sodat haar ouers spyt kan kry.
7. Hy laat haar belowe dat sy niks onverantwoordeliks sal doen nie.
8. Ja, hy word by die dag dieper die onderwêreld ingetrek.

**Hoofstuk 23: Project Nursery Rhyme (160 – 170) Hede (Maandagaand en Dinsdag)**

Greg is besig om al nader aan die waarheid rondom Dok se rekenaarbedrywighede te kom. Greg is opgewonde wanneer hy vir Dok dophou terwyl hy op sy rekenaar werk. Hy word egter onderbreek en moet later sy soektog hervat. Die polisie deursoek die stormwaterpype. Hulle vermoed Greg het iets te doen met Eckardt se verdwyning. 'n Ondersoek van Eckardt se skootrekenaar lewer vreemde resultate wat vir Greg nog skuldiger laat lyk. Terwyl Greg op 'n kritieke oomblik vir Dok dophou, kom TJ in sy kamer en vra dat hy saam met hom moet skaakspeel. Toe Greg uiteindelik terug in sy kamer kom, is Dok weg maar hy kom af op inligting oor die geheime *Project Nursery Rhyme*. Drie persone is betrokke: *The Butcher, The Baker* en *The Candlestick-maker*. Hy vind uit dat Dok die *Butcher* is en dat hulle 'n skrikwekkende virus wil versprei met 'n griepentstof. Greg neem vir TJ in sy vertroue en vertel hom dat Eckardt 'n kuberkraker is en op goed afgekom het wat hy nie moes sien nie. Dit is moontlik die rede waarom hy ontvoer is.

- Greg hou Dok dop terwyl hy sy e-pos en die hoofopskrif, van die Turret Times, oor die voëlgriep lees.
- Toe hy huis toe bel, vind hy dit vreemd om sy pa daar aan te tref.
- Greg besef dat hy nie meer belangstel wat in die skool gebeur nie.
- Ryk mense sal kan betaal vir die teenliggaam, maar die armes sal sterf.

**Kerngedagte: "Ek maak nog mails oop en kry een van nog 'n persoon … En dit tref my soos 'n koeël deur die kop …"**

**Vrae: Hoofstuk 23**

1. Watter twee Internetkoerante lees Dok?
2. Hoekom word Greg ongeduldig?
3. Hoekom sien Greg nie wat Dok doen toe hy met die afstandskonneksie aanteken?
4. Wat sien Greg op die plein die Dinsdagoggend?
5. Watter vermoede kry Greg na aanleiding van die inisiasie-episode?
6. Watter plan het die speurders gemaak omdat daar nie foto's van Eckardt bestaan nie?
7. Wat was vreemd aan Eckardt se rekenaar wat hulle ondersoek het, volgens inspekteur Cele?
8. Glo inspekteur Cele Greg se rede hoekom hy vir Eckardt gehelp het tydens die tonnelritueel? Motiveer.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 23**

1. News24 en Turret News Online.
2. Hy wil hê Dok moet iets doen om hom te wys waarmee hy besig is en wat hy met Eckardt gedoen het.
3. Daar is ’n klop aan die deur. TJ dring aan dat Greg nou moet kom skaakspeel. Toe Greg later weer voor die rekenaar kom, is Dok weg.
4. Die polisie is besig om die stormwaterpype te deursoek na Eckardt.
5. Hy wonder of van die ouens die ritueel herhaal het met Eckardt. Hy het dit nooit in Januarie voltooi nie omdat Greg hom uit die tonnel gehelp het. Hy wonder ook of Plank iets daarmee te doen het, want Plank frons toe hy die polisie sien.
6. Hulle bring ’n kunstenaar saam skool toe. Greg moet hulle help om ’n tekening te maak vir ’n TV-polisienuusprogram.
7. Daar was niks op behalwe die bedryfstelsel en ’n woordverwerkingspakket nie. Geen e-posse, gestoorde dokumente of internetgeskiedenis nie. Dit lyk asof iemand dit alles uitgevee het.
8. Nee, sy dink ook hy het dalk later die ritueel herhaal.

**Hoofstuk 24: Log File: Die berge in en om my (171 – 175) Verlede**

In die titel van hierdie hoofstuk tref ons letterlike en figuurlike berge aan. Greg bekommer hom oor Nicole. Hy is baie verlig toe hy die volgende oggend hoor Nicole is piekfyn toe hy haar bel. Greg en Eckardt gaan vir ’n daguitstappie te perd berge toe. Hulle praat oor die krakertegniek van “brute forcing” wat jy met die LCP-program doen. Later kom die onderwerp van rituele weer op. Ook klasverskille en misdaad word bespreek. Greg meen dat ten spyte van alles, Suid-Afrika steeds ′n ongelooflike plek is. In ′n hartseer oomblik sê Eckardt dat hulle in “Alice se Wonderland” bly. Greg vertel vir Eckardt dat hy hom aan sy broer herinner. Eckardt ken vir Greg nou al so goed dat hy weet hy voel genoop om die modelkind van die familie te word. Greg verkies om net ’n gemiddelde persoon te wees. Voor hulle terug skool toe gaan, roep hulle hul krakername uit en luister hoe dit van die berge terugeggo.

- Eckardt leer hom meer van hoe om mense se wagwoorde te identifiseer (“brute forcing”)
- Hulle kom op Boesmantekeninge af en praat oor puberteitsrituele.
- Hulle kyk uit oor die Zulu-gemeenskappe in die vallei.
- Vir ′n oomblik lyk dit of hulle gesprek oor misdaad in Suid-Afrika vir Eckardt laat nadink.
- Greg reken dat sy broer se selfdood as gevolg van die druk van hulle pa was.

**Kernaanhaling: “My pa wou te veel van hom hê. Hierdie oorweldigende verwagtinge om te presteer in alles wat hy doen.”**

**Vrae: Hoofstuk 24**

1. Wat is ’n “Password hash”?
2. Watter program gebruik Eckardt vir “brute forcing”?
3. Greg-hulle kom af op Boesmantekeninge. Hoekom is die eland so belangrik in die tekeninge?
4. Die kwessie van die verskil tussen ryk en arm kom op wanneer Greg dink aan kinders wat hulle hande uitgestrek hou na ’n rykmansmotor wat verbyry. Waar het die motief van klasseverskille al voorheen opgekom in die roman?
5. Eckardt antwoord Greg eers nie wanneer hy vra of hy, of iemand wat hy ken, al deur misdaad geraak is nie. Later lyk sy gesig vreemd wanneer hy sê dat hulle in *Alice se Wonderland* bly. Wat dink jy gebeur hier?
6. Watter herinnering bring die gesprek weer by Greg op?

7. Hoe reageer Eckardt wanneer Greg hom vertel dat hy hom aan sy broer laat dink?
8. In die slottoneel van hierdie hoofstuk verskyn ’n nou al bekende motief weer in die roman. Verduidelik.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 24**

1. Dit is ’n geënkodeerde weergawe van ’n sleutelwoord.
2. LCP
3. Dit was ’n simbool van ’n toordokter se mag om die spirituele wêreld binne te gaan. Dit was ook belangrik in puberteitsrituele vir seuns en dogters.
4. Greg het vroeër bewus geword van sy siening van klasverskille toe hy die terreinbestuurder sien. Ook die waglys en ongeskrewe reëls om “ongewenste elemente” uit die skool te hou dui op klasverskille.
5. Eckardt steek iets weg vir Greg. Hy is moontlik al diep geraak deur misdaad.
6. Eckardt herinner hom weer aan John. Daar is ook so ’n verskuilde hartseer soos met John in sy laaste dae.
7. Hy frons en sê dat hy nie weet Greg het ’n broer gehad nie.
8. Die seuns roep hulle kuberkrakername uit en dit eggo terug van die berge af. Die motief van eggo’s herhaal dwarsdeur die boek, bv. in ’n karakter se naam en in gebeure.

**Hoofstuk 25: Squeal (176 – 180) Hede (Woensdag)**

Die titel van dié hoofstuk dui aan dat dit in hier is waar Greg op die punt gekom het waar hy moet erken waarmee hy en Eckardt besig was toe sy maat ′n week gelede verdwyn het. Terwyl Greg voor Dok se kantoor wag, kom TJ uitgestap en hy lyk skuldig. Greg besef TJ het die skoolhoof vertel van Eckardt se geheim en hom (Greg) in die proses verraai. In ’n spanningsvolle ondervraging draai Greg homself vas en erken hy dat hy ook ’n kuberkraker is. Greg besef hy moes nie vir TJ in sy vertroue geneem het nie.

- Greg erken dat hy geweet het dat Eckardt ′n kuberkraker is en toe inspekteur Cele hom in ′n hoek dryf met sy verswakte punte en die MMS van die wit hoed, asook sy kuberkrakernaam gebruik, erken hy dat hy ook ′n kuberkraker is.

**Kernaanhaling: “Jy raak bevriend met iemand wat baie ander mense as ′n buitestander sou bestempel. Of so sê die ander ouens vir my. Skielik is daar ′n groot verandering in jou skoolaktiwiteite.”**

**Vrae: Hoofstuk 25**

1. Waar vind die ondervraging hierdie keer plaas?
2. Wie stap uit Dok se kantoor en ruk Greg tot stilstand?
3. Greg ervaar inspekteur Cele as ’n “ystervrou met ’n gemoedelike front”. Tog besluit hy om vir haar te lieg deur te ontken dat hy ’n kuberkraker is. Hoekom doen hy dit?
4. Greg sê hy stel nie juis belang in rekenaars nie, sy skoolwerk is belangriker. Waarom is dit so ironies?
5. Hoe trek die net stywer om Greg toe hy sê dat Eckardt net ’n “white hat”-kuberkraker is?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 25**

1. In Dok se kantoor.
2. TJ
3. Greg het gesien hoe Dok keer dat ’n koerantberig gepubliseer word. As Greg nie oorweldigende getuienis teen Dok kan kry nie, sal Dok sy betrokkenheid by *Project Nursery Rhym*e ook kan toesmeer.
4. Greg sê sy skoolwerk is belangriker as sy belangstelling in rekenaars, maar inspekteur Cele is in besit van sy skoolpunte. Dit wys dat iets verander het die afgelope jaar en dat hy nie veel aandag aan sy skoolwerk gee nie.
5. Die inspekteur wil weet of Greg ook ’n “white hat”-kuberkraker is, want die aand voor Eckardt se verdwyning, het Eckardt vir hom ’n MMS gestuur van ’n wit hoed.

**Hoofstuk 26: Log File: Script Kiddie (181 – 183) Verlede**

Hierdie hoofstuk neem ons terug na die week net ná die berguitstappie. Na afloop van ’n rugbyoefening praat Eckardt en Greg oor ander bekende kuberkrakers soos Kokey wat in die Harrismith-omgewing grootgeword het en LowVoltage, ’n bekende in die kuberkraker-onderwêreld. Eckardt sê kuberkrakery is onwettig, maar hulle sal nie uitgevang word nie. Hulle praat oor die wet teen kuberkrakery, asook oor die gevolge indien jy gevang sou word. Eckardt noem Greg ’n “newbie” en ’n “script kiddie” – hy is ′n nuweling onder die kuberkrakers. Eckardt sê hy het nog nooit in die moeilikheid beland as gevolg van sy kuberkrakery nie, maar Greg glo hom nie.

- Eckardt vertel van kuberkrakers wat al gevang en gevonnis is, asook van die SA-wetgewing waarvolgens kuberkrakery onwettig is.
- Eckardt sê dat Greg nog ′n *point and click script kiddie* is. Dus sê hy dat Greg nog baie nuut in die wêreld van *hacking* is.

**Kernaanhaling: “Dinge het verander. Nou is daar die ECT-wet wat hacking verbied. Afhangende van wat jy gedoen het, kan jy vir tot vyf jaar tronkstraf kry. Dalk ′n boete …”**

**Vrae: Hoofstuk 26**

1. Waarvandaan kom Greg toe hy en Eckardt in gesprek tree?
2. Watter wet verbied kuberkrakery?
3. Wat kan met jou gebeur as jy rekenaars kraak?
4. Hoe stel Eckardt vir Greg gerus dat hy nie sommer uitgevang sal word nie?
5. Glo Greg vir Eckardt as hy sê dat hy nog nooit moeilikheid gekry het oor sy krakery nie? Motiveer.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 26**

1. Hy kom van ’n rugbyoefening af.
2. Die ECT-wet (Wet op Elektroniese Kommunikasie en transaksies). Verwys na die volledige wet agterin boek.
3. Jy kan tot 5 jaar tronkstraf kry, of ’n boete opgelê word.
4. Eckardt sê hy het Greg mos geleer hoe om dit te doen sonder om gevang te word en dit is nie asof hulle oorboord daarmee gegaan het nie.
5. Nee, want Eckardt se stem is kil wanneer hy antwoord. Dit laat Greg wonder of hy die waarheid praat.

**Hoofstuk 27: Brute Force (184 – 191) Hede (Woensdagaand)**

Die spanning laai al meer in Greg op en die leuens kom makliker oor sy lippe. Terwyl hy met Nicole oor die foon praat, is sy aandag nie by die oproep nie en maak hy verskoning dat hy by ′n VRL-vergadering moet uitkom. Hy het nou ander bekommernisse, want die polisie het geen leidrade in die stormwaterpype gevind nie. Kwanele kom teen Greg se sin in sy kamer in en bied sy hulp aan al sit hulle nie langs dieselfde vuur nie. Die feit dat Kwanele hom meedeel dat daar gerugte oor hom rondloop, laat Greg soos ′n weggooihond voel. Greg bel sy ma en vertel haar van Eckardt se kuberkrakery en dat die polisie sy rekenaar afgevat het. Hy vra dat sy nie vir sy pa moet vertel nie. Toe die koshuis stil is, gebruik Greg die rekenaars in die ontspanningslokaal om PlusUltraMed se rekenaars te kraak. Hy kom af op ʼn skokkende navorsingsverslag. Hy besluit dat die wêreld van geld die regte onderwêreld is, want dit is die dryfveer agter die mensgemaakte virus wat Dok-hulle wil versprei. Hy druk die verslag uit, maar die drukkerspapier raak op. Wanneer Greg terug in die ontspanningslokaal kom, sit iemand wat soos Dok lyk voor die rekenaar.

- Kwanele kom bied sy hulp en ondersteuning aan, want hy sê dit is wat hulle mekaar beloof het as Trappers en hy bly by beloftes wat hy maak.
- Hy kry Dok se wagwoord (DAP6) in die hande en tree in verbinding met Dok se rekenaar by die farmaseutiese maatskappy, PlusUltraMed.
- Die skelms het ′n vindingryke plan bedink: hulle ontwikkel ′n bose virus, maar dan ook ′n teenmiddel.
- Greg besef omdat dit oor geld gaan, sal die mense wat die hoogste prys kan betaal, eerste gehelp word. Dit is die armes wat sal sterf.
- Greg verstaan nou eers Eckardt se woorde aan hom: **"Daar is *hackers* wat nie daarop uit is om bloot inligting te steel of chaos te veroorsaak in rekenaarstelsels nie. Hulle is daar om groot maatskappye wat gewone mense genadeloos uitbuit te expose, om hulle ′n blindsided bloedbek te ge**e."

**Kernaanhaling: "En uiteindelik is dit die onderwêreld, is dit nie? Die wêreld van geld is boser as engiets wat ′n hacker sal aanvang."**

**Vrae: Hoofstuk 27**

1. Greg is uit die veld geslaan toe Kwanele sy ondersteuning kom aanbied. Hoekom doen Kwanele dit?
2. Hoekom is Greg bang om huis toe te bel?
3. Watter plan maak Greg om vinniger by die sleutelwoord uit te kom?
4. Watter geheimsinnige gebeure probeer Greg nog ontsyfer terwyl die rekenaars besig is?
5. Watter dokument lees Greg op die stelsel?
6. Hoe het Dok beplan om die gevaarlike griepinspuiting in die mark te kry indien dit onafhanklik getoets moes word?
7. Hoekom het Dok-hulle die virus gemaak?
8. Hoekom skrik Greg toe hy terug in die ontspanningslokaal kom nadat hy papier vir die drukker gaan haal het?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 27**

1. Dit is wat hulle mekaar belowe het toe hulle Trappers was.
2. Hy wil nie sy ma teleurstel nie. Sy het soveel hoop vir hom; 'n anderste hoop as sy pa.
3. Hy gebruik die ander vier rekenaars in die lokaal en stel hulle op om elkeen binne sekere afgebakende parameters te soek vir die sleutelwoord.
4. Hy weet nog nie wie by sy kamer was of wie die papier op sy tas gelos het nie.
5. Hy lees 'n skokkende navorsingsverslag.
6. Hy het omkoopgeld betaal aan iemand.
7. Hulle het dit gemaak sodat hulle later die vaksine kan verkoop. /Om geld te maak.
8. Dit lyk soos Dok wat voor die rekenaar sit, maar dit was sersant Botha.

**Hoofstuk 28: Log File: Ek wens ek was jy (192 – 193) Verlede (Herfs verander in winter)**

Lawson Kollege vaar goed in 'n rugbywedstryd en vier fees. Kort vantevore het Greg met Nicole oor die foon gepraat, maar hy kan steeds nie vir haar sê dat hy vir haar lief is nie. Eckardt hou hom eenkant tydens die feesvieringe. Greg sê hy wil ook partykeer net wegkom van die ander ouens en net op sy eie wees. Eckardt erken hy is 'n alleenloper en dat hy soms wens hy kon soos Greg wees, maar dat 'n mens nooit weet wat in die toekoms op Greg wag nie. Greg se kuberkrakerlesse gaan voort en gee hom selfvertroue sodat hy vir die eerste keer sedert John se dood voel of hy weer regtig lewe.

- Die sjefs beplan ′n feesmaal vir die seuns en daar is ook ′n kroeg met ′n kroegman wat mocktails meng.
- Greg is verveeld met die partytjie en soek vir Eckardt, wat ook eenkant sit – weg van die lawaai af.
- Greg erken dat die ander seuns en veral die jonges, hom irriteer. Eckardt wys hom daarop dat die jonger seuns hom as ′n *hero* sien.
- Eckardt sê weer dat dit nie aldag so lekker is om ′n *loner* te wees nie.
- Hy spreek die wens uit om ook soos Greg te wees, maar sê dan: "**Ek weet nie wat in die toekoms vir jou wag nie. Wie weet of ek dan nog in jou skoene sal wil staan**? (′n Duidelike vooruitwysing van wat moontlik op Greg wag!)
- Eckardt dril nou behoorlik vir Greg met die *hacking* lesse.

**Kernaanhaling: "Elke mens het bietjie space nodig. Partykeer wens ek ek was jy."**

**Vrae: Hoofstuk 28**

1. Waarmee vergelyk Greg die berg metafories?
2. Hoekom word daar feesgevier?
3. Hoe voel Greg op hierdie stadium oor Nicole?
4. Hoekom is Eckardt getrou aan sy karakter tydens die feesvieringe?
5. Greg sê vir Eckardt dat hy deesdae nog stiller is. Waarop kan dit dui?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 28**

1. Die berg is 'n klipreus wat die skool omarm.
2. Lawson het die rugby gewen.
3. Hy kan nog steeds nie sê dat hy lief is vir haar nie, hy vertrou haar nog nie.
4. Hy sit eenkant, weg van die lawaai.
5. Dit dui moontlik op 'n emosionele onstuimigheid omdat hy angstig is om die skool te verlaat.

**Hoofstuk 29: ′n Skop in die family jewels (194 – 198) Hede (Woensdagnag)**

Greg is terug by die rekenaars in die *Hang-Out*. Tot sy ontsteltenis sit iemand voor een van die rekenaars. Dit is nie Dok wat voor die rekenaar sit nie, maar sersant Botha. Hy het Greg dopgehou omdat hy vermoed het Greg sal voortgaan met sy kuberkrakery. ’n Telefoonoproep van die Rekenaarmisdaadeenheid onderbreek hulle gesprek en onthul dat daar ’n “keylogger” (sleuteldruksteler) op Greg se rekenaar is. ′n “Keylogger” is nie iets wat mens op jou eie rekenaar sit nie, dit is iets wat kuberkrakers op jou rekenaar installeer wat beteken dat iemand jou dophou. Dis vir Greg ′n groot skok om te besef dat iemand sy rekenaaraktiwiteit dopgehou het. Greg besef dat hy nooit sal weet waar die bodem van die onderwêreld is nie. Hy weet daar is nie meer vir hom ′n uitkomkans nie. Greg probeer ’n ooreenkoms aangaan met die polisie deur as informant op te tree in die saak. TJ bring nuus dat iemand dood is aan voëlgriep, maar dat daar ook vreemde simptome van bloeding by die pasiënt was en dit is nie een van simptome van voëlgriep nie. Inspekteur Cele begin die verband insien tussen die voëlgriep en die dokumente wat Greg vir haar gee.

- Inspekteur Cele en sersant Botha kom weer na Greg se kamer toe en Greg pleit nou vir ′n ooreenkoms met hulle. Hy sal hulle alles vertel en hulle moet van sy *hacking* vergeet.
- Inspekteur Cele sê aan Greg dat hy voor ′n regter sal moet getuig.

**Kernaanhaling: “So, Greg, wat ek nou wonder … As jý dit nie geïnstalleer het nie, wie het? Want een ding is seker: iemand hou jou dop en jy weet nie eens daarvan nie…”**

**Vrae: Hoofstuk 29**

1. Watter skokkende nuus tref Greg?
2. “Nes jy reken jy het die bodem van die onderwêreld bereik, stop iemand jou ’n graaf in die hand en moet jy dieper grawe.” Wat bedoel Greg met die sin?
3. Wie, vermoed Greg, kon die “keylogger” op sy rekenaar plaas?
4. Aanvaar die polisie Greg se aanbod? Motiveer.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 29**

1. Dit is nie Dok by die rekenaar nie, maar sersant Botha.
2. Greg bedoel dat ’n mens nie seker kan wees wat die omvang van die onderwêreld is nie. Die ontnugterende onthullings bewys dit.
3. Moontlik Plank, TJ, Kwanele of Dok.
4. Ja, maar die regter sal uiteindelik besluit of hy kwytgeskeld gaan word.

**Hoofstuk 30: Log File: Buzz (199 – 200) Verlede**

Eckardt gee ’n finale opdrag aan Greg. Eckardt is van mening dat dit die grootste uitdaging vir Greg gaan wees ... om die *website* van ′n *online*-winkelgroep te *hack*. Baie persoonlike inligting van kliënte moet verkry word – ook kredietkaartnommers. Greg is skrikkerig om die uitdaging te aanvaar en weier eers. Eckardt oortuig Greg om die uitdaging te aanvaar en gee die versekering dat hy nie gevang sal word nie.

- Eckardt sê dat hy ook aan die gevoel moet dink as dinge vir jou reg begin loop. Daardie vibrasie (buzz) in jou as jy deur die firewall breek.

**Kernaanhaling: “Jy weet waarvan ek praat… Daardie buzz. Die oomblik wanneer jy weet niemand kan jou nou stop nie! En jy weet jy sal nooit wil stop nie …”**

**Vrae: Hoofstuk 30**

1. Wat moet Greg doen om hierdie laaste les te slaag?
2. Hoe herinner Eckardt weer vir Greg aan John?
3. Watter beeld gebruik Eckardt om vir Greg finaal te oortuig om die uitdaging te aanvaar?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 30**

1. Hy moet sonder hulp inbreek by ’n aanlyn-winkelgroep en dan persoonlike inligting van kopers verkry.
2. Sy houding is uitdagend soos wanneer John vorendag gekom het met ’n nuwe tipe ekstreme sport.
3. Hy gebruik die beeld van ’n rugbyspel waarin jy nie net kan bly oefen nie, jy moet uiteindelik ook in ’n werklike wedstryd speel.

**Hoofstuk 31: Op soek na ′n plek wat mens tevrede laat voel met jouself (201 – 207)**
**Hede (Donderdag en Vrydag)**

Die polisie vind uit Dok het ’n vorige saak teen hom gehad, maar hy het losgekom. Greg vertel die polisie nou alles wat hy weet. Dok word in hegtenis geneem. Greg se ma is ontsteld toe sy Greg by die polisiestasie kry. Greg en sy ma gaan na Clarens toe om weg te kom en hulle koppe skoon te kry. Greg se pa kom die volgende dag ook Clarens toe. Hy omhels vir Greg, maar daar is fout; iets pla hom. Greg gaan stap alleen in die dorpie en besluit om sy lewe reg te ruk en ’n nuwe begin te maak. Hy hoor die bekende Griekse mitologie-sêding en sien dan ’n weerkaatsing in die winkel se glasvenster.

- Dok Pienaar dreig Greg as hy by Bergville-polisiestasie uit die polisiemotor klim.
- Greg se ma daag by die polisiestasie in haar 4x4 op. Sy huil haar hartseer teen Greg se bors uit.
- Terwyl Greg in ′n winkelvenster in Clarens staan en kyk, hoor hy die bekende woorde waarmee Eckardt hom elke oggend wakker gemaak het.

**Kernaanhaling: “Die beeld van iemand wat agter my staan, spieël in die winkelvenster. Eers weet ek nie wie dit is nie. Maar dan …”**

**Vrae: Hoofstuk 31**

1. Wat kry inspekteur Cele op die polisie se MAS-stelsel?
2. Wat bedoel Greg met die woorde: “Waar daar vrot vleis is, daar sal die lammervangers vergader?”
3. Dok se beeld was altyd die van ’n vername man. Hoe verander sy beeld in hierdie hoofstuk?
4. Greg verstaan sy ma se hewige reaksie voor die gemeenskapdienssentrum. Verduidelik.
5. Hoekom haal die gebeure by Lawson Kollege hierdie keer die nuus?
6. Greg se ma bel sy pa. Dink jy sy tree reg op? Motiveer jou antwoord.
7. Hoekom dink jy kan Greg nóú vir Nicole sê dat hy vir haar lief is?
8. Hoe reageer Greg se pa toe hy hom die volgende oggend in die gastehuis sien? Wat vind Greg ironies aan sy pa?
9. Wat besluit Greg uiteindelik?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 31**

1. Doktor Pienaar het ’n vorige saak teen hom. Dit was vir binnehandel, maar hy het losgekom.
2. Die media sal soos honger roofvoëls op die skool toesak om die skool se voorgehoue beeld af te breek.
3. Hy word soos ’n skelm uit die polisievoertuig geboender, hy ruk aan sy boeie, sy gesig is vertrek van woede, sweet vlek sy hemp en hy verloor sy skoen. Dit alles gee ’n patetiese prentjie van die eens gesiene skoolhoof.
4. Sy het al klaar ’n seun verloor, sy wil nie nog een kwyt wees nie. Sy sal hom daarom te alle tye probeer beskerm.
5. Daar is nie meer iemand wat kan verhoed dat die nuus bekend gemaak kan word nie.
6. Ja. Sy erken nog steeds Greg se pa as die gesagsfiguur in die gesin.

   **OF**

   Nee. Haar kind se welstand moet vir haar belangriker wees as om die regte ding te doen.
7. Greg het as karakter ontwikkel: hy besef dat Eckardt hom en Nicole gemanipuleer het.
8. Hy is fier soos gewoonlik en kyk Greg reguit in die oë. Hy steek eers net sy hand uit om hom te groet, dan omhels hy hom, maar dit lyk of iets binne hom broei. Sy aandag dwaal ook gereeld tydens die ete. Sy hande bewe. Sy oë is steeds kil.

   Ironie: Hy bestuur ’n groot kommunikasiemaatskappy, maar hy kan nie eens met sy eie seun kommunikeer nie.
9. Hy besluit om ’n nuwe begin te maak - vir John, sy ma en ook sy pa se onthalwe.

**Hoofstuk 32: Log File: Gedenking (208 – 209) Verlede (′n Dinsdagmiddag in die middel van die winter)**

Aangesien Eckardt nog nooit binne-in die Lawson-gedenkmuseum was nie, vra hy vir Greg om saam met hom in te gaan. Greg is eers onwillig. Hy bied ’n rugbyoefening as verskoning aan, maar daar is ’n ander rede. Slegte herinneringe wag daarbinne. Wanneer Greg egter in die museum kom, word hy gekonfronteer deur die verlede wanneer hy die uitstalling van John sien. Hy besef hy het al vergeet hoe John se stem klink totdat Eckardt praat. Vir die tweede keer kyk hy op na sy broer se uitstalling van sukses en geluk.

- Skielik besef hy dat hy John se stem vergeet het.
- Greg herken John se stem in Eckardt s’n toe hy vir Greg sê: “Dis oukei, Greg.”

**Kernaanhaling: “’n Hand vou om my keel. Ek kyk na die museum. Dalk het ek dit ander kere met opset misgekyk, want daarbinne wag die herinneringe.”**
**“Maar geen foto wat wys hoe broederskap deur die dood vlam nie; geen foto van die ekstreme sport van verlang nie.”**

**Vrae: Hoofstuk 32**

1. Waarom wil Greg nie saam met Eckardt in die museum gaan nie?
2. Hoe word John binne-in die museum uitgebeeld?
3. Waarom ervaar Greg hierdie verering van John anders as die res van die besoekers aan die museum?
4. Hoekom dink jy noem Greg verlange ’n “ekstreme sport”?
5. Wat het Greg vergeet?
6. Wat bring die herinnering aan John se stem terug?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 32**

1. Herinneringe oor sy broer waarmee hy nog nie gekonfronteer wil word nie, wag binne.
2. John is die triomfantelike sportheld, die akademiese uitblinker, die gewilde spanmaat, die avonturier en die wenner.
3. Hy word nie uitgebeeld as Greg se broer nie, en ook nie as die persoon na wie Greg geweldig verlang nie.
4. Die antwoord is oop vir interpretasie, maar dit kan wees dat verlange jou op 'n moeilike emosionele rit neem, dat dit 'n geweldige innerlike stryd word om die verlange te oorkom.
5. Hy het al vergeet hoe John se stem klink.
6. Eckardt wat sê: "Dis oukei, Greg."

**Hoofstuk 33: Eggo's (210 – 217) Hede (Vrydag) en Verlede**

Die titel van die hoofstuk gee reeds die inhoud weg – herhalings. Oral kom daar vorige gebeure in die leser se gedagtes op. Eckardt is terug, maar sy voorkoms het verander. Sy hare is blond en hy het 'n bokbaardjie en sy terugkeer is nie so gelukkig soos wat Greg hom sou voorstel nie. Hy sê hy gaan vandag vir Greg sy laaste kuberkrakerles gee: kuberkrakers se rekenaars kan ook gekraak word. Eckardt erken hy het die sleutelvanger (*keylogger*) op Greg se rekenaar geïnstalleer. So kon hy hom van 'n afstand af dophou. Hy sê ook dat hy Greg met kuberkrakerlesse probeer programmeer het om die inligting rakende die virusprojek te ontdek. Eckardt vertel hoe hy sy eie gesinslewe opgemaak het. Talle skokkende ontblotings word gemaak, onder andere die verandering in die verhaal dat Greg en sy gesin die teiken was van 'n grootskaalse sosiale manipuleringsaanval. Hy dink aanvanklik dat Eckardt wou hê hy moes vir Dok ontmasker, maar dan verduidelik Eckardt vir hom dat hy ook sy eie pa se korrupsie oopgevlek het. Greg is woedend hieroor. 'n Vuisgeveg ontstaan, maar Tom, die terreinbestuurder, kom haal vir Eckardt. Hy was kop in een mus met Eckardt. Eckardt se motief vir die aanval blyk wraak te wees. Eckardt is vaag oor die detail, maar dit het iets met sy pa, 'n regter, te doen. In die laaste skokkende onthulling insinueer Eckardt dat die pille wat John gedrink het, ook van PlusUltraMed gekom het, die maatskappy waarin sy pa aandele gehad het.

Hier ontmoet die twee tydlyne:

- ✓ Die hede met Eckardt se verduideliking aan Greg dat hy hom sosiaal gemanipuleer het.
- ✓ Die verlede wat die rede verskaf – Eckardt se pa wat amper selfdood gepleeg het (hoewel dit nog nie vir Greg duidelik is nie).

- Eckardt is amper onherkenbaar met blonde hare en 'n bokbaard (*goatee*).
- Hy spel dit uit aan Greg dat hy hom geprogrammeer het om die Butcher en sy trawante te ontmasker en dat hy die *keylogger* op Greg se rekenaar gesit het om sy vordering dop te hou.
- Hy het deur kuberkrakery homself by Lawson Kollege ingeskryf en almal om die bos gelei.
- Eckardt het voor die tyd Greg se hele lewe nagevors om al die swak plekke in Greg se lewe te teiken.
- Met die ontbloting van Dok Pienaar as die *Butcher*, word Greg se pa ook ontbloot as die *Candlestick-maker* van *Project Nursery Rhyme*.
- Eckardt sê uitasem dat Greg moet gaan uitvind wat sy pa met Eckardt se pa gedoen het en waar John die pille gekry het.
- Greg mag nie vir Eckardt op sy naam noem nie. Hy spoeg dit uit dat Greg hom Ekk-0 moet noem.
- Greg besef dat die terreinbestuurder, Tom, kop in een mus met Eckardt is:

- ✓ Hy is een van Eckardt se *hacker buddies.*
- ✓ Tom het ook hierdie jaar by die skool begin.
- ✓ Dit is hy wat hulle na-ure by die netwerkkamer laat inkom.
- ✓ Dit was moontlik ook hy wat die aand by Greg se kamerdeur was.
- ✓ Tom het moontlik ook die brief op Greg se tas gesit – om Greg aan te moedig om Dok aan te vat.

**Kernaanhaling: "So, sê ek, die grootste *social engineering attack* waarvan jy praat, was om my te leer hoe om te *hack* en dan te gaan terugsit en kyk hoe ek vir Dok uitvang? Jy wou hê ek moes sorg dat hy gearresteer word?"**

**Vrae: Hoofstuk 33**

1. Na 'n aanvanklike kopstampery het Greg en Eckardt vriende geword. In hierdie hoofstuk is daar egter onmiddellik sprake van 'n vervreemding. Bespreek dit kortliks.
2. Waar in die roman is die "Dis hoe vrees voel" -paragraaf al gebruik?
3. Gebruik die hoofstuktitel as 'n verwysing en verduidelik waarom die paragraaf herhaal word.
4. Eckardt se stem het verander. Waar in die verhaal het dit ook gebeur?
5. Watter implikasie het die volgende sin in die roman: "Jy het nie gedink dat *hackers* ook *gehack* kan word nie, nè!"
6. Eckardt sê dat skole kinders "breinspoel" en dat hy Greg "geprogrammeer" het. Kom dit nie op dieselfde neer nie?
7. Waarvan was Greg die slagoffer?
8. Eckardt sien sy status as kuberkraker nou anders as in voorafgaande hoofstukke. Verduidelik dit kortliks.
9. Hoe voel Greg na Eckardt se skokkende uitlatings?
10. Wat impliseer Eckardt se woorde: "As jy wil weet hoekom, G-4ce, gaan vra jou pa! Vra hom wat het hy met mý pa gedoen."
11. "And while you're at it, vind uit waar het jou broer daardie pille gekry wat hy gesuip het." Wat dink jy skuil agter hierdie woorde?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 33**

1. Eckardt stoot Greg weg as hy hom wil groet. Eckardt lyk anders met sy blonde hare en bokbaardjie. Dit bring ook 'n vervreemding. Eckardt is kortaf en nie geneë om Greg se vrae te antwoord nie. Later bal Eckardt sy vuiste terwyl hy praat. Dit voel vir Greg of Eckardt hom haat.
2. Dit is die openingsparagraaf van die roman.
3. Die hoofstuk-titel is Eggo's. Die openingsparagraaf (en ander paragrawe uit die proloog) eggo of herhaal telkens in hoofstuk 33. Dit wys hoe die gebeure van die verlede verantwoordelik is vir wat nou gebeur. Die verlede eggo as't ware in die hede.
4. Tydens die les oor sosiale manipulasie waar hy die vrou bel oor die selfoonkompetisie.
5. Die sin dui op die verrassingselement in die verhaallyn. Wat hierna gaan volg, gaan die leser die vorige gebeure in 'n ander lig laat sien.
6. Ja, want hy het Greg net geleer wat hy nodig geag het vir Greg om te weet. Die res het hy verswyg, bv. dat "*hackers* ook *gehack* kan word."
7. Van die grootste *social engineering attack*/sosiale manipuleringaanval.
8. Eckardt het voorheen herhaaldelik na homself verwys as 'n "white hat" -kuberkraker. Nou sê hy hy is 'n "black hat uit die onderwêreld". Dit dui op sy verdere misleiding van Greg.

9. Dit voel of ’n reusegolf hom alleen op ’n strand kry, oor hom breek, hom platvee en uitmekaarruk. Maar dit voel ook of dieselfde golf hom weer regop trek en hom weer krag gee. Dit gee hom ’n uitlaatklep vir sy woede.
10. Eckardt het die aanval geloods om wraak te neem op Greg se pa.
11. Die pille was moontlik ook afkomstig van die PlusUltraMed-farmakologiese maatskappy waarmee Greg se pa vroeër deurmekaar was.

**Hoofstuk 34: Log File: White Hat/Black Hat (218) Verlede (Die aand voor Eckardt verdwyn het)**

Eckardt se verdwyning kom nader. Ons is terug in die verlede – twee weke nadat dié twee maats in die museum was en slegs ′n aand voordat Eckardt “wegraak”. Greg is opgewonde – hy was suksesvol met sy laaste kuberkraaktaak. Hy breek by die aanlynstelsel in en kry kliënte se persoonlike inligting. Eckardt is tevrede met die opleiding wat hy aan Greg gegee het en hy glimlag “stil” en “afgetrokke”. Daardie aand ontvang Greg ’n MMS van ’n wit hoed op die vooraand van Eckardt se verdwyning.

- ′n Woensdagaand, omtrent twee weke nadat hulle in die museum was, dring Greg die aanlynwinkel binne.

**Kernaanhaling: “Dis toe ′n MMS. En dit kom van Eckardt. ′n Prentjie van ′n wit hoed…”**

**Vrae: Hoofstuk 34**

1. Greg slaag in die finale kuberkrakertoets. Gesien in die lig van die onthullings in die vorige hoofstuk, hoekom glimlag Eckardt “stil en afgetrokke”?
2. Wat impliseer die MMS van die wit hoed wat Greg ontvang op die vooraand van Eckardt se verdwyning?

**Nasienriglyne: Hoofstuk 34**

1. Hy besef dat sy aanval suksesvol gaan wees, want Greg het verander in ’n voortreflike kuberkraker.
2. Eckardt herinner Greg daaraan dat hy gekies het om ′n “goeie” kuberkraker te wees.

**Hoofstuk 35: Die regter (219 – 222) Hede (Vrydag)**

Eckardt jaag weg in die paneelwa. Dit is die laaste keer wat Greg hom sien. Greg is in ’n gehawende toestand na sy geveg met Eckardt wanneer hy weer by die gastehuis aankom. Sy ma is geskok en raak bleek toe sy hom sien. Wanneer sy ma sê sy pa is op pad Bergville toe, besef Greg dat sy pa nie sy besigheid net so gelos het om hom te kom ondersteun nie, maar liewer om Dok Pienaar, een van sy trawante (buddies) te kom help. Wanneer sy pa tog by die gastehuis opdaag, konfronteer Greg sy pa oor die regter. Sy pa se selfversekerde houding verbrokkel wanneer hy alles rondom die binnehandel-aanklag, omkopery en gevolglike verdwyning van die regter beken. Greg vertel sy ouers dat Eckardt die regter se seun is. Greg vergelyk die gebeure met die knallende eggo van ′n pistoolskoot wat jare nadat dit afgevuur is, weer terugkom. Alles tuimel inmekaar toe Greg ′n laaste vraag aan sy pa vra: of die pille, wat tot John se dood gelei het, uit PlusUltraMed gekom het. Albei bars daarna in trane uit. Die Owen-familie is verpletterd oor die gebeure. Greg gaan bel dadelik vir inspekteur Cele – nie oor sy pa nie, maar oor Eckardt.

- Dit is die laaste wat Greg van Ekk-0 sien toe die paneelwa wegjaag.
- Greg besef dat hy nie sy pa regtig geken het nie. Hy het nie gedink sy pa sou deurmekaar raak met iets so afgrysliks soos wat met die virus gedoen kan word nie.
- Stotterend vertel Greg se pa hom alles: hy en Dok Pienaar is van bedrog weens binnehandel aangekla.

- Die regter wou kop uittrek, maar Dok het hom afgepers en hom later laat “verdwyn”.
- Greg se pa bevestig dat sy mediamaatskappy bankrotskap in die gesig staar.

**Kernaanhaling: “Daardie regter, Pa… sê ek toe. Eckardt, of wat sy naam ook al is, is sy seun. My pa se kop ruk regop. Dit het hy nie geweet nie, sien ek.”**

**Vrae: Hoofstuk 35**

1. Dink jy Greg se gehawende voorkoms weerspieël sy emosionele toestand? Motiveer jou antwoord.
2. Hoe verander Greg se pa reg voor sy oë?
3. Aan watter vroëere misdaad is Greg se pa ook skuldig? Hoe het hy en Dok uit die moeilikheid gekom?
4. Wat het later van die regter geword?
5. Hoekom gebruik die skrywer die verwysing na ’n pistoolskoot?
6. “Geld is wat ons gesin gemaak het, en geld is wat dit vandag gaan uitmekaar skeur.” Waar in die verhaal word Greg ook gekonfronteer met die donker kant van geld?
7. Die betekenis van Eckardt se Zeus-sêding is nou duideliker. Verduidelik kortliks.

**Nasienriglyne: Hoofstuk 35**

1. Ja, sy gesig is stukkend en sy klere is geskeur. Sy emosionele wêreld is ook stukkend en geskeur na die konfrontasie met Eckardt.
2. Sy pa se skouers sak laer, sy fors houding verkrummel en sy skanse breek soos hy oomblik vir oomblik afgetakel word. Hy is nie meer selfversekerd wanneer hy praat nie.
3. Binnehandel. Hulle het die regter omgekoop.
4. Dok Pienaar het seker gemaak dat hy verdwyn.
5. Die verwysing roep weer die herinnering van Eckardt se pa met die 9 mm-pistool in sy hande (proloog) by die leser op.
6. Greg ontsyfer *Project Nursery Rhyme* en besef dat die wêreld van geld boser is as enigiets wat ’n kuberkraker sal kan aanvang. Hy noem dit die eintlike onderwêreld.
7. Die magtige oppergod, Zeus, word in die sêding eintlik vergelyk met Greg se pa, en Herakles is Greg. Die verwysing na slaap in Hipnos se vlerke en die strand van Herakles se skip beteken dat Greg se pa onbewus is daarvan dat sy seun die hele gesin se ondergang gaan veroorsaak met die feite wat hy gaan ontbloot.

**Epiloog (225) Hede (Vrydagaand)**

Die term >Log off< beteken om van ′n rekenaar af te teken nadat jy dit gebruik het, die verhaal het sy einde bereik. Greg en sy ma ry in haar motor terug Johannesburg toe. Sy pa volg in die motor agter hulle. ’n Joernalis is op die storie se spoor en bel Greg aanhoudend, maar Greg beantwoord nie haar vrae nie. Terwyl donker afspeel teen lig, erken Greg teenoor sy ma dat hy menslik is. Greg kan nóú eers huil: vir sy pa en vir John. Eckardt bly ’n geheimsinnige/duistere karakter.

**Kernaanhaling: “Ek is toe nie so bulletproof soos ek gedink het nie, sê hy sag.”**

**Vrae: Epiloog**

1. Die epiloog word ingelei deur ’n definisie van die rekenaarterm “Log Off”. Hoe sluit die term aan by die definisie van ’n epiloog?
2. Hoe verander die verteller in die verhaal in die epiloog?
3. Wie bel vir Greg?
4. Beantwoord Greg die vrae? Gee ‘n rede vir jou antwoord.
5. “Sy gesig is skaars sigbaar in die donker.” Hierdie verwysing na die donker en Greg se pa se gesig speel ook in op die verwysing na Eckardt se pa in die proloog. Verduidelik kortliks.
6. Dui die verband tussen die gesig in die donker en die onderwêreld aan.
7. Wanneer Greg die helder motorligte op die pad sien, kom die skoolleuse “Lux hominum vita” weer ter sprake. Is die leuse steeds geldig, selfs na alles wat gebeur het?
8. Greg se woorde “Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie,” is ook ’n verskuilde erkentenis. Verduidelik.
9. Dink jy Greg vergewe sy pa?
10. Verduidelik hoe die soeke na waarheid ook in die slotparagraaf ’n rol speel?
11. Die leser weet nie wat uiteindelik met Greg se pa gebeur nie. Greg en sy ma se toekoms is onduidelik en ons weet nie of Eckardt ooit gevang is nie. Sou jy sê die roman eindig bevredigend of sou jy ’n gelukkiger einde wou hê?

**Nasienriglyne: Epiloog**

1. ’n Epiloog is die slotrede of afsluiting van ’n roman. Die skrywer stel dit hier gelyk aan die aksies wat uitgevoer word om ’n rekenaar af te skakel.
2. Die verteller word weer ’n derdepersoonsverteller soos in die proloog.
3. ’n Verslaggewer van ’n koerant.
4. Nee. Dit is ‘n joenalis wat bel.
5. In die proloog is die een kant van Eckardt se pa se gesig verlig en die anderkant donker. Dit laat hom lyk soos die monsters waarvan Eckardt al gedroom het. Greg se pa ís inderwaarheid die monster in die verhaal. Sy gesig is skaars sigbaar in die donker.
6. Dit gesig in die donker is simbolies van die boosheid binne Greg se pa. Hy is vasgevang in die onderwêreld.
7. Ja. Die betekenis van “Lig is die lewe vir die mensdom” kry ’n dieper betekenis deurdat die lig (waarheid) uiteindelik ’n mens se redding (lewe) word.
8. Greg erken aan sy ma dat hy nie sy broer se plek sal kan volstaan nie. Dit word ook ’n verskoning dat hy haar gefaal het.
9. Ja, hy huil vir sy pa.
10. Die joernalis is op soek na Eckardt se regte naam. Dit laat ’n mens met die gedagte of die waarheid altyd ten volle geken kan word of bly dit, soos Eckardt, ’n enigma.
11. Die roman eindig gepas en laat toe dat die leser dink oor sommige karakters en gebeure aan die einde. Die oop einde belemmer nie die tema boodskap of intrige nie.

# Voorbeeldvraestelle

**Opstelvraag: Hier is ʼn paar wenke oor hoe om die opstelvraag te beantwoord.**

1. Dit moet altyd in paragraafvorm geskryf word, en volsinne moet gebruik word, NOOIT puntsgewys nie.
2. Moet NOOIT die storie oorvertel nie.
3. Jy moet insig toon in jou antwoord en bewys kan lewer dat jy die boek gelees het.
4. Jou opstel moet bewys lewer dat jy die verhaal goed ken.
5. Die gebruik van korrekte feite is uiters belangrik.
6. Jy moet die karakters se name korrek gebruik.
7. Gebruik keurige taal.
8. Lees die opstelvraag deeglik.
9. Let op sleutelwoorde in die vraag.
10. Beplan deeglik voordat jy jou opstel finaal skryf. Maak van die volgende metode gebruik:

- ✓ Maak ʼn stelling wat met die opdrag verband hou.
- ✓ Gee ʼn rede vir jou stelling/bewys jou stelling deur elke keer met ʼn relevante voorbeeld/verduideliking uit die teks.
- ✓ Om seker te maak dat jy jou stelling motiveer, is dit belangrik dat jy van korrekte voegwoorde/bindingswoorde gebruik, soos hieronder verduidelik:

| STELLING | REDE/BEWYS |
|---|---|
| Greg is sosiaal manipuleerbaar… | WANT Eckardt herinner hom aan John.<br>OMDAT hy nog nie sy broer se dood verwerk het nie. |

Probeer om ten minste 15 stellings in jou antwoord te noem.

### Voorbeeld 1

### Opstelvraag

**Die onderstaande is ʼn voorbeeld van ʼn vraag in ʼn eksamenvraestel wat jy kan gebruik om seker te maak dat jy die opstelvraag/langvraag korrek kan beantwoord**

***ONDERWÊRELD* - Fanie Viljoen**

Die titel van die roman het verskeie toepassingsmoontlikhede. Bespreek hierdie toepassingsmoontlikhede in ʼn opstel van tussen 400 en 450 woorde.

## Nasienriglyne (Voorbeeld 1)

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.
- Alhoewel die nasienriglyn nie van ’n aanhaling uit die roman voorsien is nie, mag dit ook gebruik word om ’n feit te motiveer.
- Die argumente kan ook met aanhalings uit die roman gemotiveer word

(Die onderstaande antwoord is ’n breë raamwerk en is nie ′n volledige opstel nie. Enige goed gemotiveerde feite moet ook in ag geneem word). Sien rubriek in bylaag A.

| |
|---|
| ***Voorsien jou opstel altyd van 'n gepaste inleiding, bv***. |
| Onderwêreld is ′n leitmotief wat deur die roman voorkom. Dit kan verskeie betekenisse hê, waarvan die volgende in die roman figureer: |
| **Kuberkrakery kan as die “onderwêreld” van rekenaargebruikers beskou word, *want*** kuberkrakers/” hackers” beweeg ongesiens in die onderwêreld en *surface* net as iemand hulle uitvang”. |
| **Greg gee sy eerste misstap op pad na die onderwêreld omdat** koshuisreëls oortree wanneer hy die bier uit Eckardt se yskas aanvaar en in die koshuiskamer drink. |
| **Die onderwêreld van geld is volgens Eckardt se finale ontboeseming die belangrikste, want** dit lyk of VRL-lidmaatskap gekoop is en dat leerders se verkiesing bloot saketransaksies was. |
| **Die onderwêreld in hierdie roman verteenwoordig die wêreld waarin misdadigers beweeg, want** ryk en gesiene gemeeskapsleiers soos Greg se pa en die skoolhoof, Dok Pienaar, maak hulle skuldig aan korrupsie. |
| **Die titel verwys ook na ′n fisiese onderwêreld - die tonnels onder die skoolgrond**, **want** as deel van die inlywingsritueel van die Trappers (gr. 8’s) word hulle by die een mangat ingegooi en moet hul weg deur die tonnels vind tot by die oop mangat aan die ander kant. |
| **Daar is ′n onderwêreld van klubs, dwelms en seks omdat** Nicole Greg hierby betrek. |
| **In die mitologie verwys “onderwêreld na die ryk van die dooies”**, want Eckardt maak as elfjarige kennis met die doderyk wanneer hy gekonfronteer word met sy pa se mislukte selfdoodpoging en latere moord. |
| ***Voorsien jou opstel ook van 'n 'n gepaste slot, bv.*** |
| Verskillende betekenisse van “onderwêreld” word in die roman geaktiveer, maar die belangrikste is die onderwêreld van kuberkrakery omdat dit ′n hooftema van *onderwêreld* is. |

## Voorbeeld 2

## Opstelvraag

**"Bullet-proof, Plank, en jy?"**

Bespreek in 'n opstel van 400 tot 450 woorde Greg se karaktereienskappe wat toon dat die teendeel van hierdie woorde waar is. [25]

## Nasienriglyne (Voorbeeld 2)

**LET WEL:**

- Dis 'n breë raamwerk van feite.
- Al die feite hoef nie genoem te word nie.

**Argumente word aangebied en ondersteun of geïlistreer deur na die teks te verwys**.

(Die onderstaande antwoord is 'n breë raamwerk en is **nie 'n volledige opstel** nie. Sien die assesseringsrubriek in Bylaag A.)

| | | |
|---|---|---|
| Die kandidaat bied 'n gepaste **inleiding** aan. | | |
| **Greg is ruggraatloos (volgens sy pa).** | Uit die konflik met sy pa die aand voordat die nuwe skooljaar begin, blyk dit dat hy eintlik glad nie gemotiveerd is nie./planne het nie./nie selfversekerd oor sy toekoms is nie. | Bl. 48: *"Ruggraat! Kry een! Nie soos ..."* |
| **Greg is onseker van homself./het 'n baie swak selfbeeld.** | Dit is te verstane dat hy nie bullet-proof is nie – sy pa se afbrekende kritiek/onmenslike eise/sy beheptheid met prestasie ontneem hom sy selfvertroue. | Bl. 98: *"My binnekant krimp ineen. Ek weet my pa sou nie hiermee tevrede wees nie."* |
| **Greg is emosioneel kwesbaar.** | Hy is weerloos en herstel nie van die verlies van John se selfdood nie. | Bl. 56: *"Ek sou enigiets vir hom doen. Maar John het my niks gevra nie."*<br>*Bl. 66*: *"Ek het nie gehuil toe John dood is nie."* |
| | Hy laat toe dat Eckardt hom met 'n kyk soos dié van John manipuleer./Hy soek 'n plaasvervanger in Eckardt vir John. | Bl. 62: *En skielik voel ek asof al die bloed uit my lyf verdamp en my koud laat. Daardie manier van sy gesig draai, die uitdrukking in sy oë. Alles presies net soos my broer s'n.* |
| **Greg is vatbaar vir versoekings.** | Greg besef hy is veronderstel om die bier in Eckardt se yskas te rapporteer, maar hy besluit daarteen, want Eckardt is belangriker as gehoorsaamheid aan die skoolreëls. | Bl. 71: *Ek weet ek is veronderstel om so iets te rapporteer, maar ek besluit: what the hell, 4x4's kan mos nie altyd net veilig op die teerpad bly nie.* |
| | Hy volg Eckardt na die netwerkkamer en gee amper toe aan die versoeking om sy eie wiskundepunt te verander, wat bewys dat die grense tussen reg en verkeerd besig is om vir hom te vervaag a.g.v. Eckardt se invloed. | Bl. 113: *"Ek het lus om sy hand weg te stamp van die laptop en die punt te verander."* |
| **Hy is avontuurlustig.** | Die kuberkrakery gee hom dieselfde adrenalienskop wat hy saam met John ervaar het. | Bl. 193: *Maar vir die eerste keer sedert John se dood voel ek asof ek regtig lewe.* |
| | Daar broei 'n opgewondenheid in Greg asof dit 'n ekstreme sport is met die "potensiaal van gevaar" net agter die opwinding. | Bl. 99: *"Twee aande later crack ek Challenge 4."* |
| | | Bl. 107: *"Ek gaan kyk in my inbox ... en daar lê dit. Die password: dHg73sr*oe."* |

| | | |
|---|---|---|
| | | Bl. 218: *... crack ek die on-line-winkel se site, kry ek die administrator password en dring ek deur na hulle server.* |
| **Greg dink hy is verhewe bo gewone mense se reëls./gee voor om te wees wat hy nie is nie./is vals./meerderwaardig.** | Hy gee voor om van onder-wysers te hou. | Bl. *51: "Meneer hoef nie daar-oor te worry nie," glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie wanneer ek met onderwysers te doen kry.* |
| | Hy lieg vir sy ouers en Nicole oor die situasie/akademie by die skool. | Bl. 165: "*Ja, Pa. Ek sê mos moenie worry nie." 'n Leuen, ek weet al die trein is aan die ontspoor wat die onder-skeidings betref.* |
| | Hy lieg vir TJ oor sy doen en late. | *Bl. 83: "Beauty sleep," lieg ek. Ek kan tog nie vertel van die email wat ek gestuur het nie.* |
| **Greg is arrogant.** | Hy besef hy is eintlik net sy pa se "skouperd", daarom kies hy 'n vreemde kuberkraaknaam, wat die illusie van beheer en weerbaarheid skep, naamlik G-4ce. | Bl. 88: *"G-Force," sê ek triom-fantlik.* |
| | As sersant Botha hom vra of hy in matriek is, voeg hy by dat hy hoofseun is. | *Bl. 103*: *"... Lawson se hoof-seun." Flippit, hoekom het ek nou dit gesê?* |
| **Hy is skynheilig.** | Hy kritiseer sy pa se optrede teenoor mense, maar tog han-teer hy mense net so lelik soos sy pa. | *Bl. 51: glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie ...*<br>Bl. 73: *"Whatever, nie ons soort mense nie, soos my pa sal sê"* |
| **Greg is onseker oor sy lewe na matriek./ ongemotiveerd.** | Dit blyk uit 'n gesprek met Eckardt wanneer hy erken hy weet nie eers wat hy wil studeer nie; so bv. is Greg intens bewus van sy pa se druk om hom Universiteit van Kaapstad toe te stuur, terwyl hyself eerder sommer net 'n jaar of twee oorsee wil gaan of eerder Potch toe wil gaan. | Bl. 99: *"Hoe moet ek weet wat ek vir die res van my flippen lewe wil doen?"* |
| | | Bl. 99: *"Miskien moet ek oor-see gaan. Net so vir 'n jaar of twee."* |
| **Hy is naïef omdat hy hom nog nie voorheen met die verkeerde dinge bemoei het nie./beskermd grootgeword het.** | Greg se betrokkenheid by kuberkrakery lei tot sy onver-antwoordelikheid. | Bl. 77: *Die antwoord vra kon-kelwerk. Die skool wil nie hê ons moet ons ouers vertel nie*. |
| **Sy mensekennis is swak.** | In sy soeke na 'n plaas-vervanger vir John wat sy sekuriteit was, maak hy die verkeerde vriende. | Bl. 62: *Alles presies net soos my broer s'n. Net soos John.* |
| **Hy is onvolwasse./ jaloers.** | Nicole is vir hom 'n besitting, want sy is mooi en 'n rykmanskind. | Bl. 45: *Hoe sal ek weet dat sy getrou is aan my?*<br>*Bl. 44: Hoe weet ek wat sy in Jozi aanvang?* |
| **Greg is onverantwoordelik./ argeloos.** | Hy skeep sy skoolwerk en hoofseunpligte af om hom te verdiep in goed wat totaal verkeerd is. | Bl. 99: *"En drie dae later pluk ek vir die heel eerste keer in my lewe 'n wiskundetoets."* |

| | | |
|---|---|---|
| **Greg is onseker/ soekend.** | Hy wonder of die grootste les wat geleer moet word, die een is dat jy die lewe sonder 'n baadjie wat "bullet-proof"-baadjie is, moet aandurf. | Bl. 66: *Hoe om mens te wees en die lewe aan te durf sonder 'n bullet-proof baadjie wat jou beskerm teen pyn en hart-seer?* |
| **Greg openbaar 'n gebrek aan dissipline.** | Greg se rebelse houding spruit juis uit sy bewussyn dat hy as mens niks beteken nie./dat hulle almal "clones" is./dat hulle deur hul pa's en die skool gebreinspoel word. | *Bl. 70*: *"Clones, hè, almal van ons – clones van ons pa's. Hulle breinspoel ons sodat ons mooi kan glimlag, die regte dinge doen en sê."* |
| | Hy kom in opstand teen Dok Pienaar./weier om rugby te speel omdat Dok Pienaar niks aan Eckardt se verdwyning doen nie. | Bl. 76*: "En as julle nie nou dadelik begin nie, sit ek nie my voet op 'n rugbyveld nie."* |

**Kontekstuele Vraag**

**Voorbeeld 1**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

**TEKS E**

"Meneer hoef nie daaroor te worry nie," glimlag ek my fake smile wat ek hou vir geleenthede soos hierdie wanneer ek met onderwysers te doen kry.

My kamer is, soos die res van die Matrieks s'n, op die boonste verdieping van die koshuis. Heel onder is die graadagts, dan neges, en so aan. My ma maak dadelik die venster oop. Sy het 'n ding omtrent vars lug.

"Sit eerder die aircon aan, Ma," sê ek en beduie na die remote control teen die muur. Sy maak die venster weer toe en maak soos ek gevra het. Ek hou haar 'n ruk lank in stilte dop terwyl sy die eerste tas oopknip. Haar hande bewe.
"En nou?"
Sy kyk op, teen die muur vas. "Jou pa," sê sy sag ná 'n ruk stilte. "Hy is nie regtig so hard nie ... Hy ís lief vir jou. Jy weet dit, nè, Greg?"
"Natuurlik."
Sy draai haar kop na my toe. Die hartseer lê vlak. "Jy sal nie ook, soos John ..."
"Ma, moenie worry nie." Ek trek haar nader en druk haar teen my. "Ek is oukei."
"Dankie. Dankie." Na 'n ruk maak sy haar arms los en vat 'n oomblik lank my hande, kyk daarna. Sy glimlag. "Ietsie ekstra vir jou," sê sy en haal 'n klomp honderdrandnote uit haar handsak.
"Ek kry mos sakgeld."
"Ek weet." Sy haal haar skouers op.
Daarna kom die uitpakkery. My ma wil dit doen. Ek laat haar begaan, trek net die kamerdeur toe dat die ander ouens nie sien nie.

11.1 Wat gee aanleiding tot Greg se antwoord in reël 1? (1)

11.2 Die skoolsekretaresse ervaar ook Greg se valsheid. Bewys hierdie stelling. (1)

11.3 Hoekom probeer Greg se ma hom oortuig van sy pa se liefde? Watter vrees in haar probeer sy hier besweer? (2)

11.4 Herlees reël 10 en 11. Wat ís sy pa se ander kant? (1)

11.5 Watter DRIE omstandighede in Greg se ouerhuis maak hom ontvanklik vir Eckardt se invloed? (3)

11.6 Herlees reël 15 en 16.

Dui met TWEE voorbeelde aan dat geld die gesin "gemaak" het, en noem ook TWEE voorbeelde om te bewys dat geld die gesin "gebreek" het. (4)

11.7 Is dit vir jou aanvaarbaar dat Greg se ma sy uitpakkery behartig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2)

**EN**

**TEKS F**

Toe is ek op die mails. Ek gebruik Dok se private key om die eerste een te ontsluit. Die password wat ek moet intik, keer my. Mense is lui as dit kom by passwords kies, het Eckardt gesê, van die passwords kan jy sommer raai. Ek besluit om dit te probeer en tik die algemeenste passwords in: admin, administrator, password, secret, alec, pienaar, alecpienaar.

Ek probeer dit met hoof- en kleinletters. Ek probeer die huidige maand, voeg die maand by die name.

Toe kry ek dit: die password is net Lawson.

Nou lê die ontsyferde mail voor my. Ek begin lees. Frons, want ek verstaan nie lekker wat ek lees nie. Dit lyk na die een of ander terugvoerverslag. Die mail praat iets van 'n Project Nursery Rhyme. Dis geteken deur The Baker.

My oë blits na die bokant van die mail. Dit was gerig aan The Butcher. Baker, butcher … iewers lui 'n klokkie.

Ek maak nog 'n mail oop. Dit vertel van die vordering wat gemaak is met die projek. Weer gerig aan die Butcher en komend van die Baker.

As die boodskappe in Dok se inkomende mail files was, dan beteken dit mos dat hy die Butcher is. Maar hoekom? Waarna verwys dit?

Toe onthou ek weer iets waaraan ek 'n paar dae gelede gedink het. Eckardt het iewers in 'n maatskappy se files gehack en op iets afgekom. Dis tog ook wat sy blog sê.

Hulle weet ek was in hulle systems. Hulle weet wat ek gedoen het.

Hulle weet wie ek is.

Is dit die mense van wie hy praat, hierdie Butcher en Baker?

Ek maak nog mails oop en kry een van nog 'n persoon. The Candlestick-maker.

11.8 Wat behels *Project Nursery Rhyme*? (2)

11.9 Hoekom dink jy word Dok Pienaar, die doktor in virologie en Greg se pa onderskeidelik die *Butcher*, *Baker* en die *Candelstick-maker* genoem? (3)

11.10 Wat lei ons van hierdie drie mans af as hulle as die drie karakters in die kinderrympie "Rub a dub dub" uitgebeeld word? (1)

11.11 Bespreek hoe die skrywer ons samelewing kritiseer deur die uitbeelding van die drie mans se deelname aan *Project Nursery Rhyme*. (2)

11.12 Watter afleiding wil Eckardt hê moet Greg uit sy bloginskrywing maak? (reëls 20 en 21)? (2)

11.13 Waarom is ′n eerstepersoonverteller in hierdie teks funksioneel? (1)

**[25]**

## Nasienriglyne (Voorbeeld 1)

**Vraag 11: Kontekstuele Vraag – o*nderwêreld***

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 11.1 | Pete Anderson die skool se adjunkhoof/'n Onderwyser doen navraag oor sy gereedheid vir die atletiekseisoen/vra of hy die vakansie geoefen het vir die 100m wedloop. /Greg sukkel met die swaar tasse. ✓ | (1) |
| 11.2 | Greg gee voor dat hy die skool se netwerkadministrateur is. /lieg vir haar om in Dok Pienaar se kantoor te kom. ✓ | (1) |
| 11.3 | Sy weet dat hy baie druk van sy pa kry wat veroorsaak dat sy haar oor Greg bekommer. / ✓<br>Sy wil graag hê dat Greg se verhouding met sy Pa moet verbeter/herstel.<br>Sy vrees dat Greg sal knak/ (soos sy broer)/selfdood pleeg.<br>OF<br>Sy is bang dat hy selfdood sal pleeg✓ | (1)<br><br><br><br>(1) |
| 11.4 | Sy korrupte/vals/skelm kant.✓<br>OF<br>Dat hy betrokke is by die regter se verdwyning/by die vervaardiging van ′n virus wat mense se dood kan veroorsaak. ✓ | (1) |
| 11.5 | Die druk van sy pa dat hy moet presteer/rigiede eise van sy pa. / ✓<br>Die behepteid met geld wat aansien/sukses beteken. / ✓<br>Hy kan nie ′n uitdaging/adrenaliensport weerstaan nie. ✓ | (1)<br>(1)<br>(1) |
| 11.6 | Greg is die hoofleier van ′n eksklusiewe spogskool (wat deur geld moontlik gemaak word) ✓<br>Geld het vir die gesin status gebring. ✓<br>*OF Soortgelyk*<br>′n Oormaat geld het tot gierigheid/korrupsie gelei wat die gesin uitmekaar skeur wanneer sy pa se betrokkenheid by korrupsie/afpersery/misdaad op die lappe kom.<br>Verveling as gevolg van luukses/te veel geld/weelde veroorsaak dat Greg by kuberkrakery betrokke raak.<br>John se selfdood vind plaas as gevolg van Greg se pa se betrokkenheid by PlusUltraMed se medikasie vanweë se behepteid met geld. ✓✓<br>*TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk.* | (4) |
| 11.7 | Ja<br>Sy wend ′n desperate poging aan om hom van haar omgee te oortuig (uit vrees dat hy sal selfdood pleeg.) ✓<br>Sy weet dat Greg ander verpligtinge as hoofseun het waaraan hy kan aandag gee | (2) |

| | | |
|---|---|---|
| | terwyl sy die goedjies uitpak. /<br>Hy is ʼn rykmansseun wat uit ʼn gegoede huis kom waar alles oënskynlik vir hom gedoen word/waar hy nie nodig het om verantwoordelikheid te neem vir sy eie doen en late nie want geld koop alles vir hom. ✓<br>***OF***<br>Nee<br>Hy is ʼn graad 12 leerder wat op sy eie bene behoort te staan/die voorbeeld in die skool se koshuis behoort te wees/ vir die eerste span rugby speel wat beteken dat hy nie opgepiep moet word nie. ✓<br>Sy ma se oordrewe bewyse van omgee maak nie op vir die gebrek aan liefde wat hy van sy pa ervaar nie. ✓<br>*TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk.* | |
| 11.8 | Dit is ʼn projek waarin Dok Pienaar, Greg se pa en ʼn viroloog saamsweer *en* 'n nuwe virus, wat sal lyk soos die voëlgriepvirus, maar waarvoor die bekende teenmiddels nie sal help nie, kweek en versprei, en slegs die vaksine geskep deur Dok Pienaar-hulle se farmaseutiese maatskappy die virus sal bestry. ✓<br>Hierdie maatskappy sal dus groot geld maak deur die verkoop van die vaksine/griepentstof/teenmiddel. ✓ | (1)<br>(1) |
| 11.9 | Dok Pienaar is die Butcher omdat hy Eckardt se pa laat doodmaak het; ✓ die doktor in virologie is die Baker omdat hy die virus ontwikkel het ✓ en Greg se pa is die Candlestick-maker omdat hy d.m.v. sy koerante die nuwe virus aan die lig bring (mense gaan inlig en sodoende vrees/angs/paniek daarvoor skep. ✓ | (3) |
| 11.10 | Hulle is skelms/booswigte/gewetenose mense/bedrieërs<br>Hulle is veronderstel om die pilare van die gemeenskap te wees: Dok Pienaar is nie net hoof van 'n vooraanstaande skool nie, maar ook die hoof van 'n farmaseutiese maatskappy (wat mense gesond moet maak); die dokter in virologie is opgelei om teenmiddels teen virusse te ontwikkel en Greg se pa is 'n mediamagnaat wat verantwoordelik met die nuus moet omgaan. Dit is dus skokkend dat hulle ter wille van geld hul posisies misbruik en niks vir hul medemens omgee nie. ✓ | (1) |
| 11.11 | Mense is nie wat hulle voorgee om te wees nie: ✓Die drie mans is veronderstel om die pilare van die gemeenskap te wees, maar hulle skroom nie om uit gierigheid mense te mislei en te moor nie. Dit is skokkend dat hulle ter wille van geld hul posisies misbruik en nie werklik vir hul medemens omgee nie. ✓ | (2) |
| 11.12 | Hy wil hê dat Greg moet uitwerk dat die drie rolspelers van Project Nursery Rhyme agtergekom het dat Eckardt hulle webtuiste binnegedring het en bewus is van hulle planne. Die moontlikheid is dus groot dat hulle verantwoordelik was vir Eckardt se verdwyning. ✓ ✓ | (2) |
| 11.13 | Dié soort verteller bied ʼn eerlike/opregte/direkte/getroue/geloofwaardige weergawe van die gebeure in die verhaal wat dit baie effektief maak.<br>OF<br>Die verteller bied aan die leser ʼn kykie in Greg se emosies en denke asook sy doen en late as hy ʼn deurbraak maak met die kuberkrakery/bied aan die leser die idee dat Greg ongenaakbaar kan optree./bied aan die leser die hoofkarakter se denke en emosies as hy die belangrike deurbraak of ontdekking maak wat dit baie effektief maak. ✓ | (1) |
| | | **[25]** |

**Kontekstuele Vraag**

**Voorbeeld 2**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg:

**TEKS G**

"Ek is hoofseun en –"

"En wat?" Ek het hom nie geantwoord nie. "As ek vanjaar by Turret Media dieselfde doen as verlede jaar, haal my mededingers my in en kan ek volgende jaar deure toemaak."

Turret Media. My pa se magtige mediamasjien. Sy lewe draai om die plek, en hy reken myne moet ook.

Ek het geknik. "Ek sal daaroor gaan dink."

"Jy moes al lankal. Ek het beter verwag van jou," praat hy met my asof ek een van die direkteure van Turret is. "Ruggraat! Kry een! Nie soos ... "

Dis toe dat my ma opgestaan en geloop het. Pa het ophou torring. Die atmosfeer in die sitkamer was skielik gelaai. Ons het almal geweet wat hy wou sê.

Dit was gisteraand.

Gelukkig is my pa nie nou hier nie. Dis net ek en my ma in die kar. Ek maak my sitplekgordel los en leun met my kop teen die venster langs my om by die venster uit te kyk. Weerskante van die geteerde pad is 'n laning bome wat met hulle lae takke oor ons reik. Groen grasperke, netjies gesny, soos krieketvelde. Plek-plek is daar tuine met rooi, oranje en geel blomme. Verder weg is die skool se sportterrein, die moderne skoolgeboue en nog verder, die koshuise. Almal vernoem na die een of ander man wat 'n voorloper was in sy tyd: Pierre Curie, Albert Einstein, Leonardo da Vinci, Ludwig van Beethoven en Greg Owen. Oukei, ek lieg oor die laaste een.

13.1 Wat gee aanleiding tot Greg se antwoord in reël 1? (1)

13.2 Herlees reëls 2 tot 4.
Is daar 'n ooreenkoms in Dok Pienaar en Greg se pa se optrede teenoor Greg? Motiveer jou antwoord. Verskil dit van hulle optrede teenoor die regter? Motiveer jou antwoord. (2)

13.3 Hoe misbruik Greg en sy pa onderskeidelik Turret Media vir hul eie gewin? Op watter manier is sy pa aandadig aan Turret Media se ondergang? (3)

13.4 Greg se pa verswyg John se naam in reël 9. Waarom voel Greg dat John hom in die steek gelaat het? (1)

13.5 Eckardt vertel in Clarens vir Greg dat hy, Eckardt, vroeër 'n telefoongesprek met mev. Owen gehad het. Watter TWEE gevolge hou dié gesprek vir die Owen-gesin in? (2)

13.6 Herlees reël 8 en 9.
Kan hierdie woorde van Greg se pa teenoor sy kind aan die begin van sy

matriekjaar geregverdig word? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. Met watter TWEE handelinge van Greg bewys hy sy pa reg? (4)

13.7 Wat wil die skool met die name van die koshuise bereik? Gee TWEE redes waarom Greg se droom om 'n koshuis na hom te vernoem uiteindelik ironies is. (3)

EN

**TEKS H**

"Ek was by die skool. Hulle het gesê die polisie het jou kom haal." Die trane sit vlak. "En toe vir Doktor Pienaar ... Hulle het hom gearresteer. Niemand het geweet hoekom nie." Ek probeer 'n woord inkry, maar van die skok bly my ma net praat. "Ek gaan jou uit daardie plek uithaal, Greg. Ek sweer ek gaan. Dit was in elk geval jou pa se idee om jou daar te sit. Maar jy is klaar met daardie plek. Die laaste paar maande ... Ek gee nie om nie. Ek haal vir jou uit!"

"Ma, dis oukei, Ma. Genuine." Ek druk haar stywer teen my vas. Ons staan lank so. Haar vingers boor in my rug. "Ons praat later daaroor." Ek hoor hoe sy gesmoord teen my bors huil. My ma. Klein, klein hier voor my. En ek kan verstaan hoe sy voel. Sy het al klaar 'n seun verloor. Sy wil nie nog een kwyt wees nie.

Ek vat my ma se skouers, stoot haar effens van my af weg. Sy vee lomp met haar vingers oor haar gesig. Ek kyk haar in die oë. "Ek sê Ma wat. Kom ons gaan terug Lawson toe. Ek kry 'n klompie klere, druk dit in 'n tas en ons gaan vir 'n paar dae bietjie weg. Dis tog môre Vrydag. Nog 'n dag weg van die skool sal seker nie saak maak nie. Nie nou nie."

"Waarnatoe sal ons gaan?" vra sy hees.

"Ag, sommer hier naby sal orraait wees. Clarens. Ma was mos nog nie daar nie ..."

13.8 Hoe sluit TJ se optrede by die tema van verraad aan? (1)

13.9 Volgens reëls 1 tot 6 ervaar Greg se ma innerlike konflik. Gee 'n voorbeeld van innerlike konflik wat sy in Clarens ervaar. Waarom word hierdie konflik nie bevredigend opgelos nie? (2)

13.10 Watter tema word in die onderstreepte sin in reël 10 aangeraak? Greg is in sy matriekjaar skuldig aan opstand teen gesag. Noem TWEE voorbeelde daarvan. (3)

13.11 Vervul Greg se ma in TEKS H die rol van versorger in Greg se lewe? Motiveer jou antwoord. (1)

13.12 Herlees reëls 15 tot 20 van TEKS G en reëls 3 tot 6 van TEKS H. Hoe verskil Greg se verwagting van die ruimte in TEKS G van die werklikheid wat hy in TEKS H beleef? Noem TWEE verskille. (2)

**TOTAAL AFDELING B: [25]**

## Nasienriglyne

## Voorbeeld 2

### Vraag 13: Kontekstuele Vraag – o*nderwêreld*

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 13.1 | Sy pa vra wat sy planne vir die jaar is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.2 | Ja<br>Albei is ongenaakbaar./outokraties./manipulerend./verwag net prestasies./blinde gehoorsaamheid./<br>Albei neem nie Greg se mening in ag nie./tree oneerlik teenoor hom op. ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Hulle laat Greg nie verdwyn nie, maar hulle is betrokke by/dra kennis van die regter se verdwyning./<br>Hulle koop Greg nie om nie, maar koop die regter wel om.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Hulle is teenoor albei ongenaakbaar./outokraties./voorskriftelik.onsimpatiek./manipulerend. ✓<br><br>*Die kandidaat bied enige soortgelyke antwoord vir EEN punt aan*. | 1<br><br><br><br><br><br><br><br><br><br>1 |
| 13.3 | Greg se pa gebruik dit om sensasie te wek met betrekking tot die voëlgriep./reklame vir die entstof. ✓<br><br>Greg skakel met Turret Media om Eckardt se verdwyning te laat uitlek./Hy stuur 'n anonieme e-pos aan hulle. ✓<br><br>Greg se pa se finansiële wanbestuur lei tot Turret Media se ondergang. ✓ | 1<br><br>1<br><br>1 |
| 13.4 | John pleeg selfdood./laat Greg alleen./<br>Na sy dood moet Greg alleen die prestasiedruk van sy pa verwerk./<br>Greg het gedink hy en John het 'n vertrouensverhouding, maar John het hom nooit in sy vertroue geneem om sy situasie te bespreek nie. ✓<br>Hy (John se pa) koester hoëverwagtinge van John, maar toe pleeg John selfdood./laat John se selfdood hom sonder sy "skouperd". ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.5 | Greg word maklik (deur Eckardt) by sosiale manipulering betrek./Eckardt weet presies hoe om Greg te benader./te manipuleer./Eckardt het min moeite om Greg by sy planne te betrek./<br>Greg ontbloot sy pa se betrokkenheid by Project Nursery Rhyme./Sy pa word as misdadiger ontbloot./<br>Dit skeur die gesin uitmekaar./<br>Greg se pa sal vir sy dade/betrokkenheid by misdaad vervolg word./tronk toe gaan./<br>Greg/Sy ma/Hulle vind uit van mnr. Owen se finansiële verknorsing./<br>Greg sal vir sy kubermisdaad moet boet. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 13.6 | Ja<br>'n Matrikulant moet al verantwoordelikheid hê./moes vir homself doelwitte in die lewe gestel het./<br>As hoofseun kan 'n mens verwag dat hy sy planne vir die volgende jaar agtermekaar moet hê./<br>Greg moet in matriek al sy geleenthede aangryp om van sy lewe 'n sukses te maak./ | |

| | | |
|---|---|---|
| | Greg se pa het die reg om te weet wat hy volgende jaar wil doen.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Greg is 'n toppresteerder./uitstaande sportman./hoofseun./<br>Dit is nie geregverdig dat hy Greg as 'n plaasvervanger vir John sien nie./<br>Dit is nie reg om soveel druk op Greg te plaas om te presteer nie./<br>Aangesien hulle as gesin vir John verloor het, sal 'n mens verwag dat hy meer tegemoetkomend/ondersteunend/begrypend teenoor Greg sal optree./<br>Greg is nog net 'n skoolseun wat sy lewe moet geniet.<br>Greg se pa is self ruggraatloos/onverantwoordelik, want hy aanvaar nie die gevolge vir sy eie dade nie./hy hou hom met misdaad besig.✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br><br>**EN**<br><br>Greg kom nie sy pligte as hoofseun na nie, want Kwanele moet sy kerkdiens doen./<br>Greg tree kunsmatig/gemaak vriendelik teenoor sy onderwysers op, want hy het 'n "fake smile"./<br>Hy draai sy rug op sy skool/rugbyspan deur nie die belangrike wedstryd te speel nie./<br>Greg versuim sy plig as hoofseun om die bier wat Eckardt hom aanbied te rapporteer./Greg gee toe aan druk as hy die bier in Eckardt se kamer drink./<br>Hy swig onder versoekings./gee toe aan druk van Eckardt om betrokke te raak by kuberkrakery./misdaad./<br>Hy verbreek die skool se tradisie deur vir Eckardt uit die tonnel te trek./<br>Hy skeep sy skoolwerk af.<br>Greg vervals sy April-rapport. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2<br><br>2 |
| 13.7 | Die leerders moet daagliks daarvan bewus gemaak word dat hulle ook beroemd kan word./hulle moet ook eendag baanbrekers in hulle beroepe wees./<br>Dit sluit aan by die skool se leuse om lig te maak./'n verskil te maak in die wêreld. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Hy wil soos 'n baanbreker erken word, terwyl hy 'n *loser* is./besig met misdaad. is./sy akademie afskeep./'n Mens sou verwag dat Greg hard sou werk om 'n baankbreker te word, maar hy het nog altyd aan sy akademie aandag gegee net omdat sy pa hom druk./<br>Hy is meerderwaardig/krities/negatief teenoor die skool se pogings om die leerders positief te beïnvloed, terwyl 'n mens sou verwag dat hy dit moet ondersteun./<br>Hy het behoefte aan erkenning, maar eintlik kompeteer hy steeds met die nalaten-skap van John/wil benoem word soos John, terwyl hy eintlik niks positiefs doen om 'n merk te maak nie./om dit te verdien nie. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE ironieë vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat bied albei kante van die ironie vir EEN punt aan.* | 1<br><br>2 |
| 13.8 | TJ het dit wat Greg hom vertroulik meegedeel het rondom Eckardt se hacking aan die polisie bekend gemaak.✓ | 1 |
| 13.9 | Sy is in twee geskeur, want sy moet kies tussen haar man en haar seun./<br>Sy moet haar man ondersteu/by hom staan ten spyte van sy bedrog/valsheid/ skynheiligheid/misdaad./<br>Ma is van mening dat haar man 'n harde werker is, nou wroeg sy dat Pa aandadig is aan die korrupte Project Nursery Rhyme./meewerk aan mense se dood./dat geld vir hom belangriker as waardes is./<br>Ma was oortuig van geld as haar sekuriteit, maar met 'n skok kom sy agter hulle toekoms is finansieel onseker./hulle kan dalk alles verloor./ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| | Sy treur oor haar kind, maar sy bly haar ken lig wanneer sy tussen mense is./<br>Sy moet die pa bel om hom oor Greg se aktiwiteite in te lig, maar sy sug, sak vooroor op die tafel, is bang vir sy reaksie./<br>Sy hou haar ken hoog as sy tussen mense kom. Hulle weet nie hoe naby haar pyn nog lênie, maar Greg sien hoe sy huil./skuldig voel./as sy voorgee sy lag. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat bied beide kante van die konflik vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Sy weet nie wat die waarheid (oor John se dood) is nie./of haar man tronk toe gaan nie./wat die toekoms vir hulle inhou nie./<br>Sy besef dat Greg aandadig is aan die feit dat haar man aan die pen moet ry./<br>Greg se toekoms is ook onseker.✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1<br><br>1 |
| 13.10 | Verlies ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy drink bier saam met Eckardt in sy kamer./hy rapporteer nie die bier in Eckardt se yskas nie./<br>Hy breek by die netwerkkamer in./<br>Hy kom nie sy hoofseunpligte na nie./<br>Hy weier om rugby te speel./<br>Hy bevraagteken die hoof se besluit om nie na Eckardt te soek nie./<br>Hy steur hom nie aan die ligteuitreël nie.<br>Greg kontak die media ten spyte daarvan dat die hoof enige kontak met die media verbied. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 13.11 | Ja<br>Sy ma kom haal hom by die polisiestasie kom om hom te beskerm./om hom na veiligheid te neem./wil hom uit die skool haal omdat sy iets beters vir hom beoog.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Greg word hier die versorger/beskermer/vertrooster van sy ma. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 13.12 | Akademies verwag hy om onderskeidings te kry, maar op die oomblik druip hy wiskunde./is hy ver van onderskeidings./<br>Hy verwag 'n positiewe jaar/waar hy as hoofseun gaan floreer, maar hy word gekonfronteer met 'n skoolhoof en 'n pa se misdadigheid./sy eie betrokkenheid by die kuberkrakery./<br>Hy kom by die skool aan as rolmodel, maar hy is 'n nou 'n *loser.*/baie ongewild./<br>Aan die begin is dit 'n spogskool waarheen hy gaan, maar op hierdie stadium is hy verantwoordelik daarvoor dat die skool se beeld afgebreek word./dat die skoolhoof gearresteer word./<br>Greg dink niks kan hom onderkry nie omdat hy "bullet-proof"is, maar nou staar hy arrestasie in die gesig. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| | | **[25]** |

**TOTAAL AFDELING B: 25**

# Aktiwiteite

## Aktiwiteit 1

### Narratief en Intrige van *onderwêreld*

Hierdie oefeninge behoort jou in staat te stel om die WIE, die HOEKOM en die GEVOLGE van die verhaal se intrige onder die knie te kry.

Elke oefening begin met ′n kernaanhaling uit ′n hoofstuk. Jou taak is om elke keer te bepaal wie die spreker is en/of met wie gepraat word. Jy moet dan bepaal in watter konteks hierdie aanhaling geneem is en laastens moet jy sê wat die gevolge is wat hieruit voortvloei.

Die eerste oefening is vir jou as ′n voorbeeld gedoen.

| **Oefening 1.1 Hoofstuk 3 - *Boeke en Boggom* pp. 54-57** | | |
|---|---|---|
| ***"Op pad na die volgende klas spook die ding nog by my. Eckardt se selfoon het nog in sy kas gelê. En sy laptop staan ook nog in sy kamer. Sou hy dit gelos het as hy saam met sy pa-hulle weg is?"*** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • Greg Owen is die spreker as fokalisator. | • Eckardt het verdwyn – hy het nie teruggekeer van sy oggenddraf nie. | • Boggom rapporteer Eckardt se afwesigheid.<br>• Onderwysers en matrieks vorm onder geheimhouding soekgeselsskappe.<br>• Greg weier om aan rugbywedstryd deel te neem omdat hy voel die beeld van die skool op sportveld is belangriker as die soektog na Eckardt. |

| **Oefening 1.2 Hoofstuk 8 - *Log File: onderwêreld* (pp. 87-81)** | | |
|---|---|---|
| ***"So, daar is die good guys in die hacking-onderwêreld." "Ja, hulle praat ook van die white hats en die black hats."*** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • | • | • |
| **Oefening 1.3 Hoofstuk 11 - *Twee foto's* (pp. 92-96)** | | |
| **"Ek sê vir jou, Dok. Daar is géén kontakpersone op Eckardt se rekords nie. Nie een sy ouers se name nie."** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • | • | • |

| **Oefening 1.4 Hoofstuk 13 - *Teleurstellings en ontdekkings* (pp. 92-96)** | | |
|---|---|---|
| **"Van wanneer af besluit jy om jou skoolhoof se gesag te ondermyn?"** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • | • | • |

| **Oefening 1.5 Hoofstuk 17 - *Mankbeen-Maandag* (pp. 122-132)** | | |
|---|---|---|
| **"Greg, kan jy vir my verduidelik hoekom Eckardt jou G-4ce noem? En hoekom jy die enigste persoon is wie se nommer op sy selfoon gebêre is?"** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • | • | • |

| **Oefening 1.6 Hoofstuk 25 - *Squeal* (pp. 176-180)** | | |
|---|---|---|
| **"Jy raak bevriend met iemand wat baie as 'n buitetsander sou bestempel. Of so sê ander ouens vir my. En skielik is daar 'n groot verandering in jou skoolwerk."** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • | • | • |
| **Oefening 1.7: Hoofstuk 29 - *'n Skop in die family jewels* (pp. 194-198)** | | |
| **"So, Greg, wat ek nou wonder ... As jý dit nie geïnstalleer het nie, wie het? Want een ding is seker: iemand hou jou dop, en jy weet nie eens daarvan nie..."** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • | • | • |
| **Oefening 1.8 Hoofstuk 33 - *Eggo's* (pp. 210-217)** | | |
| **"So", sê ek, "die grootste social engineering waarvan jy praat, was om my te leer hoe om te hack en dan te gaan terugsit en kyk hoe ek vir Dok uitvang? Jy wou hê ek moes sorg dat hy gearresteer word?"** | | |
| **SPREKER/AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| • | • | • |

**Antwoorde vir Aktiwiteit 1**

**Oefening 1.1 Hoofstuk 3 - *Boeke en Boggom* pp. 54-57 (Sien antwoord op p. 84)**

| **Oefening 1.2 Hoofstuk 8 - *Log File: onderwêreld* (pp. 87-81)** | | |
|---|---|---|
| ***"So, daar is die good guys in die hacking-onderwêreld." "Ja, hulle praat ook van die white hats en die black hats."*** | | |
| **SPREKER / AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| Eckardt / Greg | • Greg en Eckardt begin praat / word vriende nadat Greg hom uit die Tonnel gehelp het.<br>• Eckardt waarsku hom teen die gevare van die internet. | • Greg vra Eckardt om hom te leer om ook 'n kuberkraker te word.<br>• So gly Greg nog 'n ent verder die onderwêreld binne. |

| Oefening 1.3 Hoofstuk 11 - *Twee foto's* (pp. 92-96) | | |
|---|---|---|
| ***"Ek sê vir jou, Dok. Daar is géén kontakpersone op Eckardt se rekords nie. Nie een sy ouers se name nie."*** | | |
| **SPREKER / AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| Mnr. Anderson / Dok Pienaar | • Greg hoor die gesprek tussen Mnr. Anderson en Dok Pienaar. Eckardt se hele skoolrekord is uitgevee buiten sy naam.<br>• Die rekenaartegnikus word ingeroep om die fout om die fout op die skool se rekenaars op te spoor.<br>• Greg kom agter dat die familiefoto in Eckardt se kamer vervang is met 'n foto van 'n wit hoed. | • Greg vergelyk die foto van die wit hoed met die MMS van die wit hoed wat Eckardt voor sy verdwyning vir hom gestuur het.<br>• Hy besef Eckardt het vir hom 'n boodskap d.m.v. die foto gelos.<br>• Op die foto is 'n webladadres en die word Ekko-0. Hy begin die leidrade ontrafel en kom op 'n geheimsinnige webwerf af. |

| Oefening 1.4 Hoofstuk 13 - *Teleurstellings en ontdekkings* (pp. 92-96) | | |
|---|---|---|
| ***"Van wanneer af besluit jy om jou skoolhoof se gesag te ondermyn?"*** | | |
| **SPREKER / AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| Mnr. Owen, Greg se pa / Greg | • Sondag nadat hy die Saterdag geweier het om rugby te speel.<br>• Hy stuur 'n anonieme e-pos aan die koerant aan Eckardt se verdwyning.<br>• Tydens die speurder se besoek besef hy dat dit nie Eckardt se *laptop* is nie. (Nie Matrix-plakker op die *laptop*) | • Hy moet Maandag vir Dok om verskoning gaan vra vir sy gedrag.<br>• Daar is niks in die koerant oor Eckardt se verdwyning nie. Hy besef hy moes dit nie vir sy pa se koerant gestuur het nie. |

| Oefening 1.5 Hoofstuk 17 - *Mankbeen-Maandag* (pp. 122-132) | | |
|---|---|---|
| ***"Greg, kan jy vir my verduidelik hoekom Eckardt jou G-4ce noem? En hoekom jy die enigste persoon is wie se nommer op sy selfoon gebêre is?"*** | | |
| **SPREKER / AANGESPROKENE** | **KONTEKS** | **GEVOLGE** |
| Inspekteur Cele / Greg | • Dit is die Maandag na Eckardt se verdwyning by die skool. Greg word geroep om deur inspekteur Cele en sersant Botha ondervra te word. | • Greg besef die speurders weet van sy skuilnaam, maar weet nie dat hy 'n kuberkraker is nie. |

<table>
<tr><th colspan="3">Oefening 1.6 Hoofstuk 25 - Squeal (pp. 176-180)</th></tr>
<tr><td colspan="3">“Jy raak bevriend met iemand wat baie as ‘n buitetsander sou bestempel. Of so sê ander ouens vir my. En skielik is daar ‘n groot verandering in jou skoolwerk.”</td></tr>
<tr><td>SPREKER / AANGESPROKENE</td><td>KONTEKS</td><td>GEVOLGE</td></tr>
<tr><td>Inspekteur Cele / Greg</td><td><ul><li>Greg wag buite Dok Pienaar se kantoor toe TJ uitgestap kom. Greg besef dat TJ Eckardt se geheim uitgelaat het en hom in die proses verraai het.</li><li>Inspekteur Cele wag voorbereid vir Greg en uiteindelik moet hy erken dat hy ook ‘n kuberkraker is.</li></ul></td><td><ul><li>Sy rekenaar word gekonfiskeer.</li><li>Greg besef hy moet sy ma voorberei dat hy moeilikheid het. Hy vra haar om nie sy pa daarvan te vertel nie.</li></ul></td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Oefening 1.7: Hoofstuk 29 - ‘n Skop in die family jewels (pp. 194-198)</th></tr>
<tr><td colspan="3">“So, Greg, wat ek nou wonder ... As jý dit nie geïnstalleer het nie, wie het? Want een ding is seker: iemand hou jou dop, en jy weet nie eens daarvan nie...”</td></tr>
<tr><td>SPREKER / AANGESPROKENE</td><td>KONTEKS</td><td>GEVOLGE</td></tr>
<tr><td>Sersant Botha / Greg</td><td><ul><li>Greg tref sersant Botha voor die rekenaars in die Hang-Out aan. Hy het Greg dopgehou want hy het vermoed dat Greg sal voortgaan met sy kuberkrakery.</li><li>Sersant kry ‘n oproep van die misdaadeenheid wat hom inlig dat daar ‘n keylogger op Greg se rekenaar geïnstalleer is.</li></ul></td><td><ul><li>Greg besef met ‘n skok dat iemand sy rekenaaraktiwiteit dopgehou het. Hy besef dat hy nooit die bodem van die onderwêreld sal kry nie.</li><li>Hy besef hy kan tronk toe gaan. Hy probeer ‘n ooreenkoms aangaan om as informant vir die polisie op te tree – inligting oor Project Nursery Rhyme vir sy vryheid.</li></ul></td></tr>
</table>

<table>
<tr><th colspan="3">Oefening 1.8 Hoofstuk 33 - Eggo’s (pp. 210-217)</th></tr>
<tr><td colspan="3">“So”, sê ek, “die grootste social engineering waarvan jy praat, was om my te leer hoe om te hack en dan te gaan terugsit en kyk hoe ek vir Dok uitvang? Jy wou hê ek moes sorg dat hy gearresteer word?”</td></tr>
<tr><td>SPREKER / AANGESPROKENE</td><td>KONTEKS</td><td>GEVOLGE</td></tr>
<tr><td>Greg / Eckardt</td><td><ul><li>Greg en sy ma is Clarens toe om weg te kom.</li><li>Greg het ‘n ent gaan stap nadat hy, sy ma en sy pa gesels het.</li></ul></td><td><ul><li>Greg hoor by Eckardt dat kuberkrakers se rekenaars ook gekraak kan word. Hy het Greg geprogrammeer om Dok sowel as sy pa as kriminele te ontmasker.</li></ul></td></tr>
</table>

| | | |
|---|---|---|
| | • Hy sien Eckardt se spiëelbeeld in 'n winkelvenster. | • Greg en sy gesin was die teiken van 'n grootskaalse sosiale manipuleringsaanval.<br>• Hy besef dat Tom saam met Eckardt gewerk het en dat Eckardt se motief van die begin af wraak was.<br>• Sy pa erken dat John selfmoord gepleeg het met pille wat van PlusUltraMed afkomstig is. |

### Aktiwiteit 2

**Kritiese Taalbewustheid**

Kies elke keer die begrip uit Kolom B wat by Kolom A pas. Skryf die vraagnommer (1.1.-1.4) en die letter (A-E) neer.

| | KOLOM A | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | "Rina, jy lyk goed," sê die ander vrou. (p. 50) | A | Magstaal |
| 1.2 | "'n Tawwe ou, voorryspeler in rugby en, anders as wat mens sou verwag, slim ook." (p. 50) | B | Mening |
| 1.3 | Ek is toe nie so bullet-proof soos ek gedink het nie," sê hy sag. (p. 225) | C | Gevoelstaal |
| 1.4 | Ek staar na die swart skerm. (p. 100) | D | Geïmpliseerde betekenis |
| 1.5 | Ek gaan nie dat jy my dreig nie. … ook nie dat jy my manipuleer nie. (p. 44) | E | Vooroordeel |
| 1.6 | C & C … hang aan mekaar. Wat my laat wonder oor ander goed wat hulle saam doen … (p. 120) | F | Denotasie |
| 1.7 | "Van die ouens dink dat hy dalk homself …" (p. 85) | G | Stereotipering |
| 1.8 | Ek weet nie of ek hom sal kan face nie. … Vieslike man. (p. 176) | H | Konnotasie |
| 1.9 | Ses seuns wie se lot vanaand bepaal is. Hulle het nie hulle pad gevind nie. Hulle sal ook nie die jaar by Lawson uitsien nie. (p. 69) | I | Aanname |
| 1.10 | … sy help uitpak het, moet sy terugry Jo'burg toe. Na daardie groot huis in Sandhurst, waar sy bedags alleen gaan wees. Waar sy net die huishulpe en die televisie as geselskap sal hê … (p. 51) | J | Ironie |

| Antwoorde vir Aktiwiteit 2 |
|---|

| | |
|---|---|
| 1.1 | B Mening |
| 1.2 | J Ironie |
| 1.3 | H Konnotasie |
| 1.4 | F Denotasie |
| 1.5 | A Magstaal |
| 1.6 | I Aanname |
| 1.7 | D Geïmpliseerde betekenis |
| 1.8 | C Gevoelstaal |
| 1.9 | E Vooroordeel |
| 1.10 | G Stereotipering |

# Woordverklarings

| Woord/Uitdrukking | Verklaring |
|---|---|
| **A** | |
| Affie-ouens | (informeel) leerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool (Affies) in Pretoria. |
| Albert Einstein | Baie bekende en slim fisikus, verantwoordelik vir die formulering van die relatiwiteitsteorie |
| *a.k.a.* (*also known as*) | Anders genoem; ook bekend as. |
| *attachment* | **aanhangsel:** iets wat bygevoeg is by ′n e-posboodskap, aan die einde van ′n boek, ens. |
| **B** | |
| *backdoor* | manier om onwettig/ongemagtig tot ′n rekenaarstelsel toegang te verkry deur die normale aanmeldprosedures te omseil. |
| binêre syfers | ′n rytjie nulle en ene wat in verskillende kombinasies verskillende getalle voorstel |
| *brute forcing* | Omvattende en diepgaande ontleding van die kombinasies waarin die sleutels/toetse van ′n toetsbord gebruik word, byvoorbeeld om wagwoorde uit te vind. |
| *black hat* | kuberkraker wat by die rekenaarstelsels van groot maatskappye en staatsinstellings inbreek en data steel of kwaadwillige skade aanrig. |
| *bullet-proof* | Koeëlvas teen koeëls bestand; taai/gepanser |
| **C** | |
| *Cap 'n Crunch* | ′n Kuberkraker |
| *cyberspace* | Kuberruim: al die verbindings wat tussen rekenaars op verskillende plekke bestaan, met inbegrip van al die inligting, boodskappe, prente, ens. wat in al die verskillende stelsels vervat is. |
| **D** | |
| *dictionary attack* | Toets elke woord as wagwoord tot die regte een gekry is om onwettig by ′n rekenaarstelsel of netwerk in te breek. |
| *designer*-sonbril | Ontwerpersonbril - simbool van rykdom |
| *detailed statement* | ′n Volledige verslag, ′n verslag wat al die besonderhede bevat. |
| *Dj* | Platejoggie, persoon wat in ′n nagklub of by ′n radiostasie verantwoordelik is vir die speel van musiek. |
| donderjaer | ′n perdjie met vlerke/ ′n avatar in videospeletjies. |
| dros | sonder verlof/toestemming wegloop/rondslenter |
| *dumster diving* | Kuberkrakers wat in die asblik (recycle bin) van maatskappye vir uitgewiste data gaan soek |
| **E** | |

| | |
|---|---|
| eggo | ▪ s.nw. 1 herhaling van ʼn geluid deur terugkaatsing van klankgolwe teen rotse/kranse/mure/ ens.; weerklank; weergalm. 2 (figuurlik) herhaling van iets wat iemand anders gesê/geskryf het. ▪ ww. ʼn eggo laat hoor; weerklink; weergalm |
| *encrypted* | Die wagwoord word beskerm deur dit in ʼn geheime kode te skryf sodat net die mense wat die kode ken, dit kan lees. |
| epiloog | Toespraak of stuk wat aan die einde van ʼn toneelstuk of boek bygevoeg word. |
| *Einstein reincarnated* | Iemand so geniaal soos ʼn hergebore Albert Einstein. (die Amerikaanse wetenskaplike wat die relatiwiteitsteorie geformuleer het) |
| *extreme sport* | Adrenaliensport: sport waarvan die beoefening gevaarlik kan wees, wat groter risiko inhou as deelname aan gewone sportsoorte. |
| *email* | e-pos ▪ s.nw. die stuur en aflewering van briewe, dokumente, foto's, ens.in elektroniese formaat van een rekenaar na ʼn ander met behulp van die internet. ▪ww. per e-pos stuur. |

| **F** | |
|---|---|
| *firewalls* | ʼn Rekenaarprogram wat inligting op rekenaars beskerm teen virusse en kuberkrakers. |
| *freaky* | grillerig: wat huiwering/afsku/afkeer by ʼn mens wek; wat jou laat gril |
| *freerange* eiers | Plaaseiers: eiers van hoenders wat vry rondloop |
| fyntrap | op jou hoede te wees, versigtig wees. |
| **G** | |
| gespat | onder die invloed van drank; dronk; bedwelmd; beneweld |
| *glitch* | haakplek; tegniese probleem |
| *global* | oor die hele wêreld/ wêreldwyd. |
| **H** | |
| *hackers* | kuberkrakers |
| *Hybrid attack* | Poging om onwettig tot ʼn rekenaar of netwerk toegang te verkry deur die kombinasies waarin toetsbordsleutels gebruik word, te ontleed en allerlei woordeboekinskrywings as wagwoorde aan te wend. |
| hemoragies | gekenmerk of veroorsaak deur hewige bloedverlies uit ʼn gebarste bloedvat. |
| Hemoragiese virus | Virus wat siektes soos driedaekoors, geelkoors, Ebola en Lassakoors veroorsaak, waarby veelvuldige organe aangetas word, wat lei tot koors, inwendige bloeding en bloeding onder die vel, en in ernstige gevalle tot lae bloeddruk, skok, trauma en die dood. |
| heuning om die mond smeer | Mooi/ gawe dinge van iemand sê, omdat hy iets van hom/haar wil hê; iemand vlei. |
| **I** | |
| *inbox* | in-mandjie: plek in ʼn rekenaar e-posprogram waar nuwe boodskappe aankom. |
| *Information technology* | inligtingstegnologie: die gebruik van rekenaars om inligting te organiseer, te berg, te herwin en te versprei. |
| *informercials* | betaalde programme op TV waar produkte verkoop word (langer as ʼn advertensie) |
| integriteit | volkome eerlikheid |

| | |
|---|---|
| inkubasietydperk | Stadium van ʼn besmetlike siekte tussen die tyd van besmetting en die verskyning van die eerste simptome, wanneer die siektekiem genoegsaam vermenigvuldig het. Figuurlik: tydperk in beslag geneem deur die totstandkoming van ʼn gedagte/idee/plan. |
| **J** | |
| *Javascript* | ʼn taal waarin rekenaars geprogrammeer word. |
| **K** | |
| *keylogger, keystroke logger* | rekenaarprogram wat registreer watter sleutels op ʼn rekenaartoetsbord gedruk word, veral om daardeur wagwoorde en ander vertroulike inligting te bekom. |
| konkelwerk | knoeiery/ skelm werk |
| kwantumrekenaar | baie gevorderde, kragtige rekenaar wat gelyktydig verskeie ingewikkelde berekenings kan uitvoer en groot hoeveelhede inligting kan berg |
| *kudos* | prys en eerbetoon wat jy ontvang vir ʼn prestasie. |
| kywie | wag hou |
| **L** | |
| lammervanger | Groot swart arend (ʼn bedreigde spesie) met ʼn kort stert met wit vlerke wat swart is om die rande; berghaan/ ʼn beampte wat leerders opspoor wat die skool sonder toestemming verlaat het. |
| *log file* | ʼn Lêer op ʼn rekenaar waar elke gebeurtenis op ʼn rekenaar of boodskap tussen gebruikers aangeteken word. Wanneer mense onwettige goed op ʼn rekenaar doen, sal die polisie hierdie lêer deursoek. |
| *loser* | verloorder |
| *login* | aanteken op ʼn rekenaar |
| *Lux hominum vita* | Skool se leuse: Lig is die lewe vir die mensdom |
| **M** | |
| *M&M security* | Rekenaarsekuriteit wat soos M&M-lekkers is. Dit het ʼn “harde” buitekant om te kraak, maar binne is die sekuriteit “sag” of maklik om binne te dring. |
| *main peanut* | kokkedoor/ belangrikste persoon |
| *mall* | inkopiesentrum |
| mangat | opening met ʼn deksel waardeur ʼn werker ʼn riool of ander ondergrondse gang kan binnegaan. |
| mediamagnaat | skatryk persoon wat baie mediamaatskappye (koerante, tydskrifte, ens.) besit en gevolglik baie invloed het. |
| **N** | |
| *newbies* | nuwelinge in die kuberkrakerwêreld |
| *NICD* | Nasionale Instituut vir Oordragbare Siektes (ʼn Gesondheidsorg-organisasie) |
| **O** | |
| organogram | skematiese voorstelling van ʼn organisasie, die struktuur daarvan en wie waar werk. |

| | |
|---|---|
| opge-*psych* | reg vir aksie |
| *Osama Bin Laden* | berugte terroris |
| **P** | |
| *pandemic* | pandemie: ′n siekte wat wydverspreid vookom |
| pampoenbril | ′n pampoenbril ophê: iets wat reg voor jou is, nie raak sien nie. |
| *password* | sleutelwoord: Die geheime woord wat jy in ′n program intik om toegang tot ′n stelsel te kry. |
| *ping* | ′n boodskap na ′n rekenaar stuur om vas te stel of dit aan die netwerk verbind is. |
| **Q** | |
| *qubits* | Die geënkodeerde inligting van kwantumtekenaars. |
| **R** | |
| *RAT* | Afstandstoegang-Trojaan: ′n Program wat gewoonlik onwetend afgelaai word en ′n kuberkraker agterdeurtoegang tot ′n rekenaar gee |
| *rat race* | verwys na die dolle gejaag wat met die besigheidswêreld verband hou |
| **S** | |
| *script kiddle* | ′n Nuwe kuberkraker wat nog leer hoe om rekenaars te kraak, maar nie sy eie programme skryf nie. |
| *shoulder surfing* | Spioenasie deur naby genoeg aan iemand te staan, byvoorbeeld by ′n OTM, om sodoende persoonlike wagwoord van iemand te bekom |
| *social engineering* | sosiale manipulasie: ’n tegniek om ′n rekenaar of rekenaarstelsel binne te dring deur die swakste skakels te teiken, dit wil sê die mense wat oor vertroulike inligting soos gebruiksname en wagwoorde beskik |
| *spoilt brat* | bedorwe brokkie: ′n kind/persoon wat bederf word, ′n verwende kind/persoon |
| *sniffer* | program wat kuberkrakers gebruik om e-posse mee te onderskep |
| *surf* | op die internet rondsoek/rondsnuffel |
| **T** | |
| Tsunami | reuse vloed of getygolf veroorsaak deur ′n aardbewing of ander steurnis onder die water. |
| teelaarde | plek of situasie waar iets slegs/verkeerd ontwikkel |
| *toys*: Jou *toys* uit die *cot* gooi | baie kwaad word; jou bloedig vererg |
| **U** | |
| uitbuit | onregverdig en selfsugtig soveel moontlik voordeel uit iemand/iets put |
| *uKhahlamba* | Berg/Muur van Spies |
| **V** | |
| vaksien/vaksine | Middel wat aan mense/diere toegedien word om hulle ontvatbaar te maak vir bepaalde virusse; teenmiddel |
| voëlgriep | aansteeklike, potensieel dodelike siekte wat vining onder voëls |
| *Victor Ludorum* | beste seunsatleet |
| **W** | |
| wasgoedgeut | pyp/opening om vuil wasgoed na onder te voer |
| *white hat* | iemand wat rekenaars en rekenaarnetwerke probeer binnedring om vas te stel hoe goed hulle teen kuberkrakers beveilig is |

**Bronnelys**


1. Graad 12 Junie-Afrikaans Huistaal Vraestel 2, Gauteng Provinsie, 2019
2. *Mind the Gap Afrikaans Huistaal Graad 12 Hersieningsgids,* Department of Basic Education, 2019
3. Nasionale Senior Sertifikaat Eksmenvraestel Afrikaans Huistaal Vraestel 2, Letterkunde, Department of Basic Education, November 2019
4. *onderwêreld*, Skooluitgawe, Fanie Viljoen, NB-Uitgewers, Augustus 2008
5. *onderwêreld,* Onderwysersgids, Fanie Viljoen, 2011
6. Ongepubliseerde notas: *onderwêreld,* Afrikaanse Departement, Hoërskool Nelspruit
7. Ongepubliseerde notas: *onderwêreld,* Sandra Mans, Hoërskool Noordheuwel.
8. Ongepubliseerde notas: *onderwêreld,* COP, Noord-Kaap



Die samestellers van hierdie studiegids erken met dank die bydraes deur die Afrikaans-onderwysers wat in hierdie studiegids gebruik is:

Hoërskool Kemptonpark
Hoërskool Nelspruit
Hoërskool Noordheuwel

**Bylaag A: Assesseringsrubriek vir die Literêre Opstel – Huistaal: Roman [25 Punte]**

| Kriteria | Uitsonderlik | Knap | Gemiddeld | Elementêr | Onvoldoende |
|---|---|---|---|---|---|
| INHOUD<br><br>Interpretasie van onderwerp<br>Diepte van argument, verantwoordbaarheid en insig in teks<br><br>15 PUNTE | 12–15<br>-Uitsonderlike respons: 14–15<br>Uitstekende respons: 12–13<br>-Diepgaande interpretasie van onderwerp<br>-Reeks treffende argumente wat behoorlik uit die roman/drama gerugsteun is<br>-Uitstekende begrip van die genre en teks | 9–11<br>-Toon begrip van die onderwerp en het die onderwerp goed geïnterpreteer<br>-Respons redelik gedetailleerd<br>-Enkele deeglike argumente gegee, maar nie almal ewe goed gemotiveer nie<br>-Begrip van genre en teks duidelik | 6–8<br>-Redelike interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte in detail ondersoek nie<br>-Enkele goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp<br>-Enkele argumente word ondersteun, maar bewyse nie altyd oortuigend nie<br>-Basiese begrip van genre en teks | 4–5<br>-Onbevredigende interpretasie van die onderwerp: byna geen aspekte in detail ondersoek nie<br>-Min punte wat die onderwerp ondersteun<br>-Baie min relevante argumente<br>-Weinig begrip van genre en teks | 0–3<br>-Geen begrip van die onderwerp nie<br>-Swak poging om die vraag te beantwoord<br>-Argumente oortuig nie<br>-Leerder het nie die genre en teks onder die knie nie |
| STRUKTUUR & TAAL<br><br>Struktuur, logiese vloei en aanbieding<br>Taalgebruik, toon en styl gebruik in opstel<br><br>10 PUNTE | 8–10<br>-Samehangende struktuur<br>-Uitstekende inleiding en slot<br>-Argumente goed gestruktureer en daar is duidelike ontwikkeling<br>-Taalgebruik, toon en styl is volwasse, dit beïndruk en is korrek | 6–7<br>-Duidelike struktuur<br>-Logiese vloei van argument<br>-Inleiding, slot en ander paragrawe samehangend georganiseer<br>-Taalgebruik, toon en styl is grootliks korrek | 4–5<br>-Enkele bewyse van struktuur<br>-Logika en samehang is duidelik, maar met foute<br>-Enkele taalfoute; toon en styl meestal gepas<br>-Paragrafering meestal korrek | 2–3<br>-Struktuur toon tekens van swak beplanning<br>-Argumente nie logies gerangskik nie<br>-Taalfoute beduidend<br>-Toon en styl nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief | 0–1<br>-Gebrek aan beplande struktuur belemmer vloei van argumente<br>-Taalfoute en foutiewe styl laat hierdie skryfstuk misluk<br>-Styl en toon nie geskik nie<br>-Paragrafering foutief |
| VERSPREIDING VAN PUNTE | 20–25 | 15–19 | 10–14 | 5–9 | 0–4 |

**The Mind the Gap study guide series**

This publication is not for sale.

© Copyright Department of Basic Education

www.education.gov.za

Call Centre 0800 202 993

Mind the Gap-Studiegids Afrikaans Huistaal-Graad 12 - Roman - Onderwêreld- **ISBN 978-1-4315-3362-6**

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA